

**‘N VEILIGHEIDSANALISE VAN PLAASAANVALLE IN DIE RSA,  
1997 TOT 2003**

**Louis Hendrik Watermeyer**

**Aangebied ter gedeeltelike voltooiing van die vereistes vir die graad Magister in  
Veiligheidsstudies, in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van  
Pretoria.**

**Maart 2005**

## OPSOMMING

**Onderwerp:** 'n Veiligheidsanalise van plaasaanvalle in die RSA, 1997 tot 2003.  
**Deur:** L H Watermeyer  
**Leier:** Prof M Hough  
**Departement:** Politieke Wetenskappe, Universiteit van Pretoria.  
**Graad:** Magister in Veiligheidsstudies

Die doel van dié studie is om die veiligheidsrelevansie van die voorkoms van plaasaanvalle in Suid-Afrika te bepaal. Dit is gegrond op die veronderstellings dat aanduidings wel bestaan dat plaasaanvalle in die RSA meer as net gewone kriminele optrede weerspieël; dat die bekamping van plaasaanvalle besondere maatreëls vereis; en dat plaasaanvalle in ander Afrikastate en voor 1994 in sommige gevalle ook in Suid-Afrika, bepaalde politieke motiewe getoon het.

In die soek na onderliggende oorsake vir die voorkoms van plaasaanvalle word aspekte soos die voorkoms van aanvalle op plase elders in Afrika, die RSA se politieke verlede, die dinamika van 'n verhoging in misdaad tydens politieke oorgang, grondhervorming en die voorkoms van plaasaanvalle in die RSA van nader beskou. Die voorkoms van plaasaanvalle blyk nie uniek aan Suid-Afrika te wees nie, met aanvalle wat ook in ander Afrikastate soos Kenia en Zimbabwe voorgekom het. Soos te wagte uit internasionale ervaring, het misdaad ook in Suid-Afrika rondom die periode van politieke verandering merkbare stygings getoon. Die voorkoms van plaasaanvalle, wat inherent ook misdaad is, het ook tussen 1997 en 2001 gestyg. Politieke gebeure in Suid-Afrika se verlede het geleei tot 'n situasie waar 'n groot gedeelte van die bevolking, benewens hul politieke regte, ook hul grond verloor het. Uit die aard hiervan is grondhervorming hoog op die agenda van diegene wat daarvan ontneem is, asook die regering van die dag.

Kommissies van ondersoek en navorsing oor die oorsake van plaasaanvalle, bevind dat die enkel belangrikste motief agter die aanvalle suiwer misdaad is. In enkele gevalle is daar ander motiewe geïdentifiseer, maar geen algemene duistere motief of spesifieke organisasie wat agter die aanvalle sit kon geïdentifiseer word nie. Alhoewel die vertrouensposisie tussen die boerdery-gemeenskap en die regering nie altyd na wense is nie, is beide verbind tot die bekamping van plaasaanvalle en vorm deel van

spesifieke gesamentlike strategieë soos die Landelike Beveiligingsplan wat in hierdie verband die lig gesien het.

Die voorkoms van plaasaanvalle is duidelik 'n besondere veiligheidsvraagstuk. Alhoewel dit nog nie ernstige direkte implikasies vir nasionale veiligheid openbaar nie, word daar reeds melding gemaak dat die impak daarvan voedselsekuriteit negatief kan beïnvloed. Die moontlikheid is dus nie uitgesluit dat dit in 'n volwaardige nasionale veiligheidsvraagstuk kan ontwikkel nie.

## ABSTRACT

Topic: A security analysis of farm attacks in the RSA, 1997 to 2003.

By: L H Watermeyer

Leader: Prof M Hough

Department: Political Sciences, University of Pretoria.

Degree: Master of Security Studies

The aim of this study is to determine the security relevance of farm attacks in South Africa. This is based on the propositions that indications exist that farm attacks in the RSA reflect more than common criminality; that the combating of farm attacks requires specific measures; and that farm attacks in other African states, as well as prior to 1994 in some instances also in South Africa, had demonstrated specific political motives.

In the search for the underlying causes behind the incidence of farm attacks, aspects such as the occurrence of farm attacks elsewhere in Africa; the political history of the RSA; the dynamics associated with an increase in crime during political transition; land reform; and the extent of farm attacks in the RSA, were analysed. The occurrence of farm attacks seems not to be unique to South Africa, as attacks of this nature also occurred in other African states such as Kenya and Zimbabwe. As could have been expected from international experience, crime increased substantially in South Africa during a period of radical political transition. Farm attacks, which inherently manifest as violent crimes, also increased, especially during the period between 1997 and 2001. Developments during South Africa's political past led to a situation in which a substantial part of the population lost not only their political rights, but also their land.

As a result, land reform is high on the agenda of those who feel deprived, as well as that of the government.

The findings reached by commissions of enquiry and research into the causes of farm attacks reveal that crime is the single most important motive for farm attacks. Other motives were identified in single cases, but no common sinister motive or any specific organisation instigating farm attacks could be established. Although the level of trust between the farming community and government has in some cases suffered considerable harm, both parties are bound to the combating of farm attacks, including participation in the implementation of combined strategies such as the Rural Safety Plan.

The occurrence of farm attacks is clearly a significant security issue. Although it is not yet considered as posing an immediate direct threat to national security, it has already been recognized that farm attacks could negatively impact on food security. The possibility of this phenomenon developing into a full-fledged national security issue, can thus not be excluded.

## **SLEUTELTERME / KEY TERMS**

Geweld / Violence

Grondhervorming / Land reform

Landelike veiligheid / Rural security

Plaasaanvalle / Farm attacks

Plaasmoorde / Farm murders

Politieke oorgang / Political transition

Relatiewe ontneming / Relative deprivation

RSA rewolusionêre organisasies / RSA revolutionary organizations

RSA misdaad / RSA crime

Veiligheid / Security

## INHOUDSOPGawe

### INLEIDING

1.	OOGMERKE VAN DIE STUDIE .....	1
2.	PROBLEEMSTELLING .....	1
3.	METODOLOGIE EN BRONNE.....	3
4.	HOOFSTUKUITLEG .....	4

### HOOFSTUK 1

#### **‘N KONSEPTUELE ANALISE VAN POTENSIËLE FAKTORE ONDERLIGGEND AAN PLAASAANVALLE EN GRONDBESETTINGS**

1.	INLEIDING .....	5
2.	KERNBEGRIPPE: ‘N KONSEPTUELE ANALISE .....	5
2.1	Veiligheid .....	6
2.2	Geweld .....	7
2.3	Relatiewe ontneming .....	9
3.	DINAMIKA VAN MISDAAD TYDENS POLITIEKE OORGANG .....	10
3.1	Verhoging in misdaad ‘n algemene verskynsel .....	11
3.2	Gebrek aan vertroue in staatsmasjinerie .....	12
3.3	Verval in morele waardes .....	12
4.	GRONDHERVORMING EN REWOLUSIE .....	14
5.	GEWELDDADIGE AKSIES GERIG TEEN BOERDERY-GEMEENSKAPPE ELDERS IN AFRIKA.....	15
5.1	Kenia .....	15
5.2	Zimbabwe .....	18
6.	SAMEVATTING .....	21

## HOOFSTUK 2

### HISTORIESE AGTERGROND EN GEWELDSMISDAAD EN GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA

<b>1.</b>	<b>DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN REWOLUSIONÊRE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>24</b>
1.1	Ontstaan van die ANC en PAC .....	24
1.2	Standpunte van rewolusionêre bewegings oor grondhervorming .....	26
<b>2.</b>	<b>GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>30</b>
2.1	Inisiatiewe deur die SA-regering .....	30
2.1.1	Die Wet op die Herstel van Grondregte .....	31
2.1.2	Die Wet op Grondhervorming (Huurrabieders) .....	32
2.1.3	Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg .....	32
2.1.4	Die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond .....	33
2.2	Standpunte betreffende die proses van grondhervorming in Suid-Afrika.....	34
<b>3.</b>	<b>DIE VOORKOMS VAN GEWELDSMISDAAD IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>38</b>
3.1	Die voor-1994 periode .....	38
3.2	Periode na 1994 .....	41
3.2.1	Aspekte wat die voorkoms van misdaad kan beïnvloed .....	41
3.2.2	Voorkoms van geweldsmisdaad tydens die periode na politieke oorgang .....	43
<b>4.</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>47</b>

## HOOFSTUK 3

### DIE VOORKOMS EN OMVANG VAN PLAASAANVALLE IN SUID-AFRIKA

<b>1.</b>	<b>OMSKRYWING VAN PLAASAANVALLE .....</b>	<b>49</b>
<b>2.</b>	<b>INTEGRITEIT VAN STATISTIEK MET BETREKKING TOT PLAASAANVALLE.....</b>	<b>50</b>
<b>3.</b>	<b>VOORKOMS EN GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN PLAASAANVALLE.....</b>	<b>51</b>
<b>4.</b>	<b>SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE .....</b>	<b>56</b>
4.1	Ras en geslag van slagoffers .....	57
4.2	Ouderdom van slagoffers .....	57
4.3	Status van slagoffers .....	58

4.4	Ongevalle deur slagoffers gely .....	59
5.	<b>MODUS OPERANDI DEUR AANVALLERS GEVOLG .....</b>	60
5.1	Dae van die week waarop voorvalle plaasvind .....	60
5.2	Tyd van die dag .....	61
5.3	Plek waar aanvalle plaasgevind het .....	62
5.4	Wapens gebruik tydens aanvalle .....	64
5.5	Misdade gepleeg tydens aanvalle .....	65
5.6	Items geroof tydens plaasaanvalle .....	66
6.	<b>AANVALLERS VERANTWOORDELIK VIR PLAASAANVALLE .....</b>	67
7.	<b>MOONTLIKE MOTIEWE VIR DIE AANVALLE .....</b>	69
8.	<b>SAMEVATTING .....</b>	70

#### HOOFSTUK 4

### **STANDPUNTE VAN BELANGHEBBENDES OOR PLAASAANVALLE IN SUID-AFRIKA EN DIE BEVINDINGE VAN KOMMISSIES VAN ONDERSOEK OOR DIE VERSKYNSEL**

1.	<b>REAKSIE VANAF OWERHEIDSWEË BETREFFENDE PLAASAANVALLE .....</b>	72
1.1	Die Landelike Beveiligingsplan .....	72
1.2	Beraad oor Landelike Veiligheid en Sekuriteit .....	74
1.3	Uitfasering van die kommandostelsel .....	76
1.4	Negatiewe uitsprake .....	77
2.	<b>STANDPUNTE EN AKSIES VAN GEORGANISEERDE LANDBOU EN ANDER BETROKKENES .....</b>	78
2.1	Standpunte betreffende die oorsake van plaasaanvalle .....	79
2.2	Aksies deur die boerdery-gemeenskap .....	82
3.	<b>BEVINDINGS VAN KOMMISSIES VAN ONDERSOEK EN ANDER INSTANSIES .....</b>	83
3.1	Die Blitz-verslag .....	83
3.2	Bevindinge van die ISS .....	84
3.2.1	Bevindinge betreffende die Piet Retief area .....	85
3.2.2	Bevindinge betreffende die Natalse Middelande area .....	87
3.2.3	Bevindinge betreffende die Wierdapark area .....	88
3.3	Bevindinge van die “Committee of Inquiry into Farm Attacks” .....	89
3.3.1	Die aantal plaasaanvalle .....	90
3.3.2	Die motiewe vir plaasaanvalle .....	90
3.3.3	Grondbesettings .....	90

3.3.4	Geweld tydens plaasaanvalle .....	91
3.3.5	Rassekwessies .....	92
3.3.6	Die strafregstelsel .....	92
3.3.7	Sekuriteit op plase en kleinhoewes .....	92
3.3.8	Die impak van trauma .....	93
4.	SAMEVATTING .....	94

## HOOFSTUK 5

### EVALUASIE

1.	SAMEVATTING .....	95
2.	TOETSING VAN VERONDERSTELLINGS .....	99
2.1	Plaasaanvalle meer as blote kriminaliteit .....	100
2.2	Bekamping van plaasaanvalle vereis besondere maatreëls .....	101
2.3	Politieke motiewe in plaasaanvalle .....	102
3.	VEILIGHEIDSRELEVANSIE VAN PLAASAANVALLE .....	103
	BRONNELYS.....	105

## DANKBETUIGING

My dank en waardering gaan aan my vrou Maggie en my twee dogters, Carla en Tanya vir hul opofferinge en hul geduld, liefde en ondersteuning waarop ek altyd kon staatmaak gedurende my studies. My dank gaan ook aan Prof Hough, my studieleier vir sy aanmoediging, ondersteuning en advies waarsomdien die voltooiing van die studie nie moontlik sou wees nie en Wilma Martin vir haar hulp en vriendelikheid oor die jare heen. Sonder die bystand en ondersteuning van my vriende en kollegas, in besonder, Jolandie, Herman en Johann, sou ek moeilik die navorsing kon voltooи. My dank gaan ook aan my Skepper vir die nodige deursettingsvermoë en wilskrag wat my laat voortgaan het, toe ek gevoel het dat ek nie oor die vermoë beskik om dit te kan voltooи nie.

Louis Watermeyer  
Pretoria  
2005

## INLEIDING

Sedert 1997 is besondere klem geplaas op die voorkoms van plaasaanvalle en die invloed wat dit op die landbougemeenskap in besonder, en die veiligheidsituasie in Suid-Afrika in die algemeen, tot gevolg het of mag hê. Beskikbare statistiek toon dat 5 717 sodanige aanvalle met 862 gepaardgaande moorde gedurende die tydperk vanaf 1997 tot 2003 voorgekom het. Volgens aanduidings het sodanige aanvalle reeds, veral in sekere gebiede in KwaZulu-Natal, geleid tot 'n situasie waar 'n groot aantal boere in bepaalde gebiede hulle plase verlaat het (Tribune Herald News 15 September 2002). In die ontleding van die plaasaanvalle is die jaar 1997 as vertrekpunt gebruik aangesien amptelike statistiek in die verband eers vanaf dié jaar beskikbaar is en strek die studie tot die einde van 2003.

### 1. OOGMERKE VAN DIE STUDIE

Die oogmerk van die studie is om 'n beter begrip te verkry van die veroorsakende faktore wat tot die voorkoms van plaasaanvalle en gepaardgaande moorde lei. 'n Beter begrip in dié verband sal meewerk om te bepaal of die aanvalle gerig teen die boerdery-gemeenskap wel as 'n bepaalde veiligheidsvraagstuk beskou moet word en of dit as 'n gedeeltelike uitvloeisel van die hoë voorkoms van misdaad en van die groter dinamika van politieke oorgang beskou en as sulks hanteer moet word.

### 2. PROBLEEMSTELLING

Amptelike verklarings oor die voorkoms van plaasaanvalle tot op hede dui op suiwer misdaad. Die voorkoms van plaasaanvalle is egter 'n komplekse verskynsel en vereis dat na meer as een moontlike verklaring gekyk moet word om te bepaal wat daartoe aanleiding gee. Gevolglik sal gefokus word op die toename in misdaad tydens politieke oorgang; post-revolusionêre verwagtinge; en die stryd om grondbesit as moontlike faktore wat 'n verklaring vir dié besondere verskynsel kan bied.

Voor en tydens die politieke oorgang in Suid-Afrika was die herverdeling van grond een van die aspekte wat groot prominensie gekry het. Reeds in die *Freedom Charter* van die African National Congress (ANC) soos aangeneem in 1955 is dit beklemtoon deur frase soos "... the land re-divided amongst those who work it..." en "(a)ll shall have the right to occupy land wherever they choose". 'n Prominente spreekval van die Pan Africanist Congress (PAC) gedurende die bevrydingsera was ook "Africa for the Africans". In ander Afrikastate soos Kenia met die gruweldade van die Mau Mau en die plaasbesettings in Zimbabwe was of is aksies daarop gerig om die (blanke) boeregemeenskappe van hul grond te verwilder. Alhoewel 'n grondhervormingsprogram deur die Suid-Afrikaanse regering na 1994, met die fokus op die herverdeling van landbougrond aan opkomende swart boere en die herstel van grondregte aan diegene wat dit gedurende die bewind van die vorige regering verloor het, daarop gerig is om die herverdeling van grond ordelik te laat verloop, kan die moontlikheid dat die grondkwessie tot plaasaanvalle bydra nie uitgesluit word nie. In hierdie verband moet veral gekyk word na die uitlatings en optrede van organisasies soos die Landless People's Movement (LPM). Die moontlikheid bestaan dat diegene wat voel dat die proses van grondhervorming te stadig verloop of nie hul behoeftes bevredig nie, maklik by 'n organisasie soos die LPM kan huisvoer.

'n Ontleding van bovemelde faktore en gebeure en die relevansie daarvan vir die verskynsel van plaasaanvalle, kan bydra om 'n meer omvattende begrip te verkry en te bepaal of sodanige aanvalle as 'n spesifieke tipe bedreiging vir veiligheid gesien moet word en watter remediërende aksies van toepassing mag wees. Die studie is op die volgende drie veronderstellings gegrond: dat aanduidings wel bestaan dat plaasaanvalle in die RSA meer as net gewone kriminele optrede weerspieël; dat die bekamping van plaasaanvalle besondere maatreëls vereis; en dat plaasaanvalle in ander Afrikastate en voor 1994 in sommige gevalle ook in Suid-Afrika, duidelik ook politieke motiewe getoon het.

### 3. METODOLOGIE EN BRONNE

Hierdie studie is beskrywend en analities van aard rakende die faktore wat tot die verskynsel van plaasaanvalle aanleiding kan gee, asook ten opsigte van die werklike voorkoms daarvan. Inligting afkomstig vanuit bestaande wetgewing, vanaf kommissies van ondersoek, staatsdepartemente, nie-regeringsorganisasies en seminare (sowel primêre as sekondêre bronne) is gebruik. Die inligting rakende die voorkoms van plaasaanvalle dek primêr die tydperk 1997 tot 2003 om aan te pas by die beleid van die Departement van Veiligheid en Sekuriteit rakende die vrystelling van misdaadstatistiek.

### 4. HOOFSTUKUITLEG

In Hoofstuk een word 'n konseptuele raamwerk aangebied van begrippe soos veiligheid met die klem op die na-Koue Oorlogse beskouing, en geweld en relatiewe ontneming as uitvloeisels van post-revolusionêre verwagtinge. In dié hoofstuk is ook kortlik gefokus op die kwessie van 'n toename in misdaad tydens politieke oorgang en die verband tussen grondhervorming en rewolusie. Laastens is gefokus op die historiese gebeure in Kenia en Zimbabwe en daaruit voortspruitende aanvalle op plase en die onderliggende motiewe daar agter.

In Hoofstuk twee is gefokus op 'n kort historiese agtergrond oor die tydperk voor 1994 in Suid-Afrika. Dit sluit in die ideologieë van die voorheen rewolusionêre bewegings wat moontlik onderliggend aan die aanvalle op plase kan wees, landmyne wat gedurende die 1980's op plaaspanne in die voormalige Noord-Transvaal deur die ANC gelê is om vrees onder die boere in te boesem; asook die aanvalle wat gedurende 1991 deur die Azanian People's Liberation Army (APLA) op blanke plase aan die Oos-Kaapse en Transkeise grense uitgevoer is. Tweedens is die maatreëls oor grondhervorming wat deur die regering sedert 1994 geneem is, onder die loep geneem. Die laaste gedeelte fokus op die algemene misdaadsituasie in Suid-Afrika sedert 1994, met die klem op geweldsmisdaad, waarvan plaasaanvalle deel uitmaak.

In Hoofstuk drie is eerstens gekyk na die aard en omvang van plaasaanvalle sedert 1997. Aspekte soos die geografiese verspreiding, slagoffers, tipes misdade gepleeg asook die *modus operandi* wat deur aanvallers gevolg word, is ondersoek. Die kwessie van die geloofwaardigheid van die statistiek oor die omvang van plaasaanvalle is ook hier aangeraak.

In die vierde Hoofstuk is gefokus op die reaksie van die regering, landbougemeenskap en ander belanghebbendes rondom die voorkoms van plaasaanvalle, asook stappe reeds gedoen om die voorkoms van plaasaanvalle te bekamp. Die bevindinge van kommissies van ondersoek, met besondere verwysing na die sogenaamde Britz-verslag en die verslag van die Committee of Inquiry into Farm Attacks geleei deur adv. Charl du Plessis, asook ander navorsing, is ook van nader beskou in die bepaling van moontlike faktore wat tot die aanvalle bydra.

Die laaste Hoofstuk is 'n samevatting en evaluasie waarin die veronderstellings wat vroeër gestel is, ook getoets word.

## HOOFSTUK 1

# ‘N KONSEPTUELE ANALISE VAN POTENSIËLE FAKTORE ONDERLIGGEND AAN PLAASAANVALLE EN GRONDBESETTINGS

### 1. INLEIDING

Om te kan bepaal of plaasaanvalle in Suid-Afrika werklik nasionale veiligheid en in besonder die veiligheid van diegene wat direk daardeur geraak word, negatief beïnvloed, is dit noodsaaklik dat duidelikheid verkry word oor sekere begrippe wat nou aan hierdie verskynsel verwant is. Dit is ‘n internasionale verskynsel dat misdadigers alle geleenthede aangryp om hulle misdadige aktiwiteite voort te sit of uit te brei waar verandering plaasvind. Uit die aard hiervan sal daar in hierdie hoofstuk ook gefokus word op die dinamika van misdaad tydens politieke oorgang. Die kwessie van grondhervorming is deurgaans ‘n sentrale tema in meeste van die gevalle waar politieke oorgang deur rewolusionêre aktiwiteite voorafgegaan is. Derhalwe word grondhervorming vanuit ‘n rewolusionêre konteks ook van nader beskou. Die voorkoms van gewelddadige aanvalle op die boerdery-gemeenskap blyk nie ‘n verskynsel te wees wat uiteraard aan Suid-Afrika uniek is nie. Dit is gevvolglik noodsaaklik dat bepaalde gevalle in state in Afrika waar die verskynsel ook gemanifesteer het of steeds voorkom, ondersoek word ten einde die onderliggende redes hiervoor te kan bepaal en te kan vasstel of daar enige ooreenstemming daar mee met die verskynsel in Suid-Afrika is.

### 2. KERNBEGRIPPE : ‘N KONSEPTUELE ANALISE

Daar sal vervolgens gefokus word op wat die begrippe veiligheid, geweld en relatiewe ontneming as uitvloeisel van rewolusionêre en post-revolusionêre verwagtinge, behels. Verklarings van hierdie begrippe is noodsaaklik ten einde die verskynsel van plaasaanvalle teen die regte agtergrond en in perspektief te kan ontleed en beoordeel.

## 2.1 Veiligheid

In die bespreking van die konsep veiligheid sal daar eerstens ondersoek ingestel word oor hoe die konsep in die breë vertolk word, alvorens daar in latere hoofstukke spesifiek gefokus sal word op die implementering van die konsep in die post-demokratiese Suid-Afrika.

Volgens Job (1992: 86) kan veiligheid gesien word as ‘n voorwaarde vir die ontwikkeling en gebruikmaking van die morele en materiële omstandighede van ‘n beskaafde en voorspoedige bestaan. Die staat word as die basis gesien vir die ontwikkeling en vooruitgang waarop hierdie goeie lewe gebou moet word. Job (1992: 15) meld voorts dat veiligheid op ten minste vier verskillende vlakke van toepassing is, naamlik die veiligheid van die individu, die veiligheid van die nasie, die veiligheid van die regime en die veiligheid van die staat.

Met die afname in eksterne militêre bedreigings teen nasionale veiligheid na die beëindiging van die Koue Oorlog, het faktore wat nasionale veiligheid, veral in Derde Wêreldstate, negatief beïnvloed, hul oorsprong binne die state self. Uit die aard hiervan word daar ook groter klem geplaas op die individuele veiligheid van die inwoners. Die meeste bedreigings vir individuele veiligheid ontstaan uit die feit dat individue hul vasgevang vind in ‘n omgewing waaruit onvoorkombare maatskaplike, ekonomiese en politieke druk gegenereer word. Hierdie bedreigings manifesteer hoofsaaklik in vier basiese vorme naamlik fisiese bedreigings (pyn, beserings, dood); ekonomiese bedreigings (beslaglegging of beskadiging van eiendom, ontneming van toegang tot werk of hulpbronne); bedreigings vir regte (gevangesetting, ontneming van normale burgerlike vryhede); en bedreigings vir posisie of status (verlaging in posisie of openbare vernedering). Uit die aard van die besondere verhouding wat tussen die staat en inwoners moet bestaan vir die staat om effektief te kan funksioneer, kan die veiligheid van die individu en die van die staat nie van mekaar geskei word (Buzan 1991: 37). ‘n Aspek wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die staat dikwels self die grootste bedreiging vir die veiligheid van die inwoners van Derde Wêreldstate inhoud. Eerstens is al die

inwoners van 'n staat nie burgers van so 'n staat nie, wat hul minder veilig maak vanweë die feit dat hul uit die land gesit kan word. Tweedens kan die staat soms eerder as die vyand en nie die beskermer van die inwoners beskou word, soos in die geval van Sentraal-Amerika met staatsondersteunde moordbendes (Snyder 1999: 89).

Ten spyte van hierdie besondere verhouding wat tussen individuele en nasionale veiligheid bestaan, word alle bedreigings vir individuele veiligheid nie ook as bedreigings vir nasionale veiligheid gesien nie. Om te kan bepaal of so 'n bedreiging nasionale veiligheid raak is dit noodsaaklik om vas te stel of die staat die bedreiging vir individuele veiligheid kan bekostig, dit wil sê, het dit alreeds die vlak bereik, of sal dit gou bereik, waar dit 'n bedreiging vir nasionale veiligheid sal word; tot watter mate die staat 'n definitiewe wetlike verpligting het om sekere aspekte van individuele veiligheid te voorsien; en of 'n onderskeid gemaak word tussen die oorsake of potensiële oorsake of potensiële manifestasie van bedreigings vir nasionale veiligheid en die werklike manifestasie van sodanige bedreigings. Bedreigings vir individuele veiligheid, soos byvoorbeeld armoede, kan bestaan sonder dat dit noodwendig manifesteer as 'n bedreiging vir nasionale veiligheid. Daar word geargumenteer dat slegs indien 'n bepaalde toestand of situasie tot geweld, onaanvaarbare konflik, of onstabilitet in 'n staat lei, of duidelike potensiaal het om dit te veroorsaak, dit moontlik as 'n bedreiging tot nasionale veiligheid gesien kan word. In hierdie verband is wet en orde bedreigings nie noodwendig 'n bedreiging vir nasionale veiligheid nie. Die intensiteit, omvang en gevolge van geweldsmisdaad byvoorbeeld, sal in 'n gegewe situasie bepaal of dit 'n bedreiging vir nasionale veiligheid sowel as wet en orde is, en of dit net 'n bedreiging vir wet en orde is (Hough 2003: 10).

## 2.2 Geweld

Soos uit plaasaanvalle afgelei kan word, speel geweld 'n sentrale rol daarin. Dit is derhalwe noodsaaklik om 'n beter begrip te verkry van wat geweld behels, asook die onderliggende faktore wat daartoe aanleiding gee. Uit die aard van die feit dat

plaasaanvalle primêr as 'n intra-staatlike vraagstuk beskou word, sal daar dienooreenkomsdig in die bespreking wat volg slegs in daardie konteks op geweld gefokus word. Volgens Wilkinson (1986: 23) kan geweld omskryf word as die onwettige gebruik van, of dreigemente van die gebruik van dwang wat lei tot of bedoel is om te lei tot die dood, besering, inperking of intimidasie van mense, of die vernietiging of in beslagname van eiendom. Dreigemente van geweld of die werklike toepassing daarvan en die ideologiese regverdiging daarvan vir politieke oogmerke, is van die duidelikste aanduidings van 'n sosiale beweging se rewolusionêre bedoelings. Burton (1997: 4) wys egter daarop dat daar twee verskillende uitgangspunte oor die oorsprong van geweld is. Daar is diegene wat van mening is dat die oorsprong van konflik, geweld en misdaad geleë is in persoonlike en groepsonverantwoordelikheid, in besonder die gebrek aan sosiale waardesisteme. Die ander groep daarenteen is van mening dat konflik, geweld en misdaad te wyte is aan sosiale en strukturele probleme soos armoede en langtermyn werkloosheid wat aanleiding gee tot anti-sosiale gedrag. Voortdurende werkloosheid kan aanleiding gee tot 'n situasie waarin die individu hom nie werklik deel voel van die gemeenskap nie en 'n gevoel van vervaardiging ervaar. Onder sodanige omstandighede is aanpassings binne die norme van die gemeenskap nie in die afwesigheid van uitgebreide familie- en gemeenskapsondersteuning moontlik nie. Dade soos selfmoord, diefstal, straatbendes, geweld teen inringers en kompeterende etniese groepe is verstaanbare reaksies in sodanige omstandighede (Burton 1997: 34).

Die ernstigste vorme van geweld wat die liberale staat intern in die gesig staar, is daardie wat die voortbestaan en stabiliteit van die liberale grondwet self direk in gevaar stel en wat indirek en toenemend die gesag van die staat deur grootskaalse uitdagings vir wet en orde ondermy en die lewens van die inwoners in gevaar stel tot 'n punt waar vertroue in die staatsgesag heeltemal vernietig is. In sterk en goed gevestigde liberale demokrasieë kan dit aanvaar word dat sodanige gevaarlike vlakke van interne politieke geweld slegs sal voorkom indien daar grootskaalse ontevredenheid onder 'n groot gedeelte van die bevolking is, gekombineer met uitgebreide openbare ondersteuning om tot geweld oor te gaan in uitdaging van die

staatsgesag. Dit is voorts nie werklik moontlik om ‘n onderskeid te maak tussen die onderliggende oorsake van politieke en misdadige geweld nie. Daar bestaan bewyse dat die twee dikwels onderling verbind is en tot ‘n sekere mate op mekaar teer, met die politieke groepe en onderwêreld vennote wat mekaar uitbuit in toestande van langdurige burgerlike onenigheid (Wilkinson 1986: 34, 37).

### 2.3 Relatiewe ontneming

In gemeenskappe waar verandering plaasvind is dit vanselfsprekend dat daar ook sekere verwagtinge gekoester sal word deur diegene wat hulle voorheen as benadeeld beskou het. Hierdie verwagtinge gee aanleiding tot ‘n toestand van relatiewe ontneming. Volgens Gurr (1971: 13) kan relatiewe ontneming omskryf word as die veronderstelde wanverhouding tussen mense se waarde verwagtinge en hul waarde vermoëns. Waarde verwagtinge is die goedere en lewenstoestande wat mense glo hulle op geregtig is. Waarde vermoëns daarenteen is daardie goedere en toestande wat mense dink hulle instaat is om te verkry of te behou, gegewe die sosiale middele tot hulle beskikking. Maatskaplike toestande wat die gemiddelde vlak of intensiteit van verwagtinge verhoog, sonder ‘n gelyktydige verhoging in moontlikhede, verhoog die intensiteit van ontevredenheid. Van die algemeenste gebeure wat so ‘n effek kan hê, is waarde winste deur ander groepe en beloftes van nuwe moontlikhede. Tans bestaan daar vier basiese modelle van relatiewe ontneming, naamlik waar die vermoëns dieselfde bly terwyl die verwagtinge verhoog; waar die verhoogde vermoëns deur die verhoogde verwagtinge verbygesteek word; die sogenoamde J-kurwe situasie waar die vermoëns vir ‘n periode tred hou met die verwagtinge en dan skieklik agter raak; en algemene verswakking in sosio-ekonomiese toestande wat ‘n dramatiese verlaging in vermoëns tot gevolg het terwyl verwagtinge dieselfde bly. Dit is duidelik dat die toestande hierbo vermeld moontlike destabilisasie vir enige politieke stelsel tot gevolg kan hê (Wilkinson 1986: 36).

Maatskaplike toestande wat mense se gemiddelde waarde posisie verlaag sonder om ook hulle waarde verwagtinge gelyktydig te verlaag, lei tot verhoogde ontneming

en ook die intensifisering van die misnoeë. Die onbuigbaarheid van waarde beginsels in ‘n gemeenskap; korttermyn verslegting in ‘n groep se lewensomstandighede; en beperkinge in hul strukturele moontlikhede, het sodanige effekte tot gevolg. Otneming gemotiveerde misnoeë is ‘n algemene sneller tot aksie. Hoe groter die intensiteit van die misnoeë, hoe meer waarskynlik is geweld. Die spesifieke aard van hierdie impuls tot aksie word bepaal deur die mens se siening betreffende die bronne van die otneming en die normatiewe regverdiging van die gewelddadige aksie gerig teen diegene wat vir die otneming verantwoordelik is. Die beginsels van relatiewe otneming kan dus as ‘n tipe van frustrasie-aggressie meganisme gesien word. Mense wat gefrustreerd is, het ‘n aangebore neiging om leid te doen aan die oorsprong daarvan in ooreenstemming met die intensiteit van hul frustrasie (Gurr 1971: 37).

Dit kom voorts aan die lig dat diegene wat gegrief voel of bepaalde behoeftes het dikwels poog om dit op ‘n vreedsame wyse oor te dra. Wanneer geen vordering egter daarmee gemaak word nie, is hulle geneig om oor te gaan tot dreigemente en geweld. Hierdie tendens betreffende die onwilligheid om bestaande werklikhede te erken, is grootliks te wyte aan die ironie dat diegene wat nie werklik deur die omstandighede geraak word nie, in die meeste gevalle die enigstes is wat oor die vermoë beskik om werklik iets daaraan te kan doen. Diegene wat werklik ‘n bydrae tot die voorkoming van konflik, geweld en misdaad kan maak is gewoonlik ook ver verwyderd van die sosiale gevolge daarvan (Burton 1997: 97).

### **3. DINAMIKA VAN MISDAAD TYDENS POLITIEKE OORGANG**

Volgens Shaw (1997: 7) is daar ‘n duidelike en beslissende verband tussen die politieke oorgang in Suid-Afrika en die groei in misdaad wat daarmee gepaard gegaan het. Dit sal egter gevaarlik simplisties wees om te argumenteer dat die groei in misdaad suiwer ‘n uitvloeisel van die oorgang is. Inteendeel, daar bestaan getuienis wat daarop dui dat die oorsprong daarvan ook geleë is in die apartheidstelsel wat deur die oorgang beëindig is. Daar bestaan egter min twyfel dat die toename in kriminaliteit sedert 1990 en gedurende die voorafgaande dekade

nie verwyder kan word van die politieke, sosiale en ekonomiese veranderinge wat die einde van apartheid gekenmerk het nie. Soos wat veranderinge plaasvind word die gemeenskap en instrumente van sosiale beheer- beide formeel en informeel - hervorm. Die resultaat is dat nuwe areas vir die ontwikkeling van misdaad, gerugsteun deur die nalatenskap van die verlede, open.

### **3.1 Verhoging in misdaad ‘n algemene verskynsel**

Die verhoging van misdaad tydens politieke oorgang is ‘n universele verskynsel. Vergelykende bewyse bestaan dat misdaad merkbaar toeneem tydens politieke oorgang wat gekoppel is aan onstabiliteit en geweld. Dit was die geval in Oos-Europa tydens die oorgang na demokrasie en tydens die finale dae van die Sowjet Unie en die eerste dae van die Sowjet Republieke. Die Russiese geval is verder gekompliseer deurdat die ekonomiese en politieke ineenstorting ‘n vakuum geskep het waarbinne georganiseerde misdaad uitgebrei het en waarby gewese of dienende lede van die veiligheidsmagte betrokke was. Met die vredesamespreekings in Noord-Ierland het die vrees ook ontstaan dat die belofte van ‘n politieke skikking tot ‘n verlaging in die paraatheid van die polisie en ‘n gevolglike verhoging in misdaad kon lei (Shaw 1996a: 12). Tydens ‘n seminaar gehou deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede (SAIIA) oor misdaad en polisiëring in gemeenskappe waar oorgang plaasvind, is daarop gewys dat soortgelyke verhogings in misdaad soos in Suid-Afrika ook tydens Nigerië en Mosambiek se politieke oorgang na ‘n demokrasie voorgekom het. Daar bestaan ook aanduidings dat die periode na onafhanklikheid in Namibië ook deur ooreenstemmende verhogings in misdaad gekenmerk is.

Volgens Mondlane (2001: 94) is daar geen duidelike stelsel in plek om die verhoogde voorkoms van misdaad in gemeenskappe in oorgang te meet nie. Die veronderstelde vlakke van onveiligheid, die versturing van die openbare orde en vrees om sekere plekke te besoek, is duidelike aanduidings van die aanwesigheid van kriminele aktiwiteite. Hierdie aanduidings alleen kan egter nie ‘n aanvaarbare instrument daarstel om die vlakke van misdaad te meet nie. Daar bestaan ook in

die algemeen skeptisme oor die misdaadstatistiek wat beskikbaar is vir die periodes wat sodanige oorgang direk voorafgaan, aangesien dit dikwels nie die werklike omvang van misdaad gedurende daardie periodes aandui nie.

### **3.2 Gebrek aan vertroue in staatsmasjinerie**

Waar politieke oorgang plaasvind is dit noodsaaklik dat die staatsmasjinerie wat vir die handhawing van wet en orde verantwoordelik is bo verdenking moet staan en vir die hele bevolking aanvaarbaar moet wees. In 1966 het Negerië 'n skielike regeringsverandering ondergaan toe die burgerlike verkose regering deur die weermag omvergewerp is. Dit het geleei tot 'n geleidelike verlaging in die positiewe waardes waarvoor die polisie bekend was. Die moraal van die polisie is ernstig geraak en korruksie, laksheid, gierigheid en ander wanprakteke het in die polisie begin posvat en hulle geleidelik oorweldig. Openbare vertroue in die polisie het afgeneem en sommige polisiellede het ook by grusame misdade soos brandstigting, roof en sluipmoorde betrokke geraak. Tydens die periode wat Negerië onder militêre beheer was, het daar onder andere ook 'n burgeroorlog vanaf 1967 tot 1970 plaasgevind en was misdaad soos moord en gewapende roof aan die orde van die dag, iets wat voorheen ongehoord was. Met die oorgang van outokratiese militêre beheer na 'n demokrasie in 1999 het Negerië die situasie beleef waar hulle oor 'n polisiemag beskik het wat geensins deur die publiek vertrou is nie en ook nie oor die institutionele raamwerk en logistieke middele beskik het om misdaad in die land te beheer nie. Tydens dié oorgangsproses het Negerië ook 'n toename in misdaad ervaar wat tot 'n groot mate toegeskryf kan word aan die geleentheid wat mense gesien het om aan hulle frustrasies uiting te gee wat tydens die periode van militêre beheer opgebou het (Jemibewon 2001: 29 - 31).

### **3.3 Verval in morele waardes**

Volgens Mondlane (2001: 94) het die bevrydingsoorlog wat in Mosambiek gevoer is, daartoe geleid dat duisende inwoners gedwing was om hul wonings te verlaat en 'n heenkome in buurstate te vind. Andere was intern verplaas wat groot druk op

bestaande maatskaplike dienste geplaas het. Die ineenstorting van maatskaplike en ekonomiese infrastrukture is verder vererger deur die verval van maatskaplike etiek en morele waardes wat die weg gebaan het vir 'n kriminele mentaliteit. Die gewaardeerde Afrika-waardes van solidariteit is vervang deur individualistiese selfsugtige beginsels om 'n vinnige fortuin te maak, sonder die nodige opofferings en werk. Waar die jeug in die verlede aspirasies gehad het om dokters, regsgelerdes of akademici te word, het die tendens ontstaan dat hulle slegs die begeerte het om vinnig ryk te word, wat aanduidend van 'n materiële en selfsugtige neiging in die gemeenskap is. Die ervaring van Mondelane rakende die post-oorgang stadium in Mosambiek bevat ook duidelike raakpunte met die situasie in Suid-Afrika wat n?u verwant aan die konsep van relatiewe ontneming is.

Dit is 'n algemene verskynsel in Derde Wêreldstate waar politieke oorgang deur rewolusionêre optrede voorafgegaan is, dat die gebruik van geweld aan die orde van die dag was. Verminking van onskuldiges en die vernietiging van hulle eiendom was 'n algemene verskynsel. Dit het ook gebeur dat van diegene betrokke by die rewolusie met die beëindiging daarvan tred verloor het met die doelstellings van die rewolusie, en het met misdaad en terreurdade voortgegaan om hulself te verryk. Dit het tot toestande van sogenaamde 'kriminele insurgensie' geleid, waar die kriminele steeds van insurgensie of terreur taktiese gebruik gemaak het met die enigste verskil dat dit vir kriminele eerder as politieke gewin gedoen word. 'n Belangrike kenmerk van die sogenaamde nuwe vorme van insurgensie wat veral in die Derde Wêreld na die Koue Oorlog ontstaan het, is dat die rebelle tot 'n groot mate niks anders as plundergroepe is wat onafhanklik sonder enige orde optree en ook geen discipline in hul optrede weerspieël nie. 'n Uitstaande kenmerk van die nuwe tipe van insurgensie is ook die mate waartoe ongewapende of andersins onskuldige burgerlikes die teikens word in die gewapende stryd wat gevoer word (Snow 1996: 110 - 111). Soos reeds vroeër uitgewys kan daar 'n verband tussen politieke en kriminele geweld wees en kan die een ook as 'n neweproduk van die ander ontstaan.

#### 4. GRONDHERVORMING EN REWOLUSIE

Die oorgrote meerderheid van die individue wat hulself in 'n landbougemeenskap bevind, is ook direk van die landbou vir hul voortbestaan afhanklik. Vanweë die feit dat die besit van grond die primêre maatstaf vir rykdom en status is, is die sosio-ekonomiese verskille baie meer opmerkbaar in 'n landbougemeenskap as 'n industriële gemeenskap. Bykans al die rewolusionêre bewegings in die moderne geskiedenis het hul oorsprong in landbougemeenskappe wat deur buitengewone ongelyke verdeling van grond gekenmerk is, gehad. Onderhoude wat met voormalige Huk-insurgente in die Filippyne gevoer is in die 1950's, het aan die lig gebring dat die meeste van hulle aan die insurgensie deelgeneem het as gevolg van die feit dat hulle nie genoeg grond gehad het om aan hulle families se behoeftes te voldoen nie. Beloftes van gratis grond deur die Filipynse regering, is ook deur hulle as rede aangevoer vir die beëindiging van hul deelname aan die insurgensie. Gesamentlike data oor verskeie ander state dui ook daarop dat daar 'n positiewe verwantskap tussen ongelyke verdeling van grond en die potensiaal vir rewolusie bestaan. Waar buitelandse betrokkenheid, hetsy deur internasionale beleggings of deur direkte politieke beheer, 'n belangrike rol in die ekonomie van 'n staat speel kan die vyandigesindhede wat deur die ongelyke verdeling van grond veroorsaak word direk met die verskynsel van anti-kolonialisme verbind word waardeur die gemeenskap se potensiaal vir rewolusie skerp verhoog word. Rewolusionêre potensiaal weens ongelyke grondverdeling word verder verhoog deur die afwesigheid van die eienaars. In Ethiopië, byvoorbeeld, het 90 persent van die grond tydens die 1974 rewolusie aan 10 persent van die bevolking behoort waarvan die meeste van die eienaars soos Ethiopië se heerser en die Ortodokse Kerk, afwesig was (Greene 1984: 189 -190).

Volgens Marighella (1971: 35) speel sabotasie 'n belangrike rol in insurgensie om die vyand se posisie te verswak. Hierdie dade van sabotasie moet uiteraard daarop gerig wees om belangrike vyandige sleutelpunte soos die landbou- en nywerheidsektore te knou of te vernietig. Waar sabotasie normaalweg deur middel van ontploffings gepleeg word, kan dit ook deur die stelselmatige afbrand van

vyandige eiendom soos depots en plantasies geskied. By hierdie dade van sabotasie is die betrokkenheid van persone wat met die opset van die besondere teiken vertroud is, deurslaggewend want sodoende kan bepaal word waar die meeste skade aangerig kan word.

In gevalle waar individue hulle nie self kan onderhou nie, kan dit ook gebeur dat hulle na gebiede waar ongebruikte grond of ander beroepsmoontlikhede beskikbaar is, sal beweeg. By geleentheid kan spontane aksies soos grondbesetting ook voorkom. Sodanige aksies is normaalweg egter van korte duur en is selde suksesvol om die onderliggende strukturele toestande wat tot hul nood aanleiding gee, te verander. Persone wat hulle in hierdie omstandighede bevind is egter meer geredelik geneig om die *status quo* te aanvaar en deur ander metodes, wat ook misdaad insluit, te poog om hulself te onderhou (Schultz & Slater 1990: 37).

## **5. GEWELDDADIGE AKSIES GERIG TEEN BOERDERY-GEMEENSKAPPE ELDERS IN AFRIKA**

Die voorkoms van gewelddadige aksies gerig teen die boerdery-gemeenskap is nie 'n verskynsel wat uniek tot Suid-Afrika is nie. In 1952 het die aksies van die Mau Mau in Kenia ook gewelddadige optrede teen plaasbewoners ingesluit. Soortgelyke aksies het ook sedert 1992 in Zimbabwe ontstaan na die intensifisering van grondhervorming deur President Mugabe. Alhoewel uiters grusame voorvalle ook op plase in van Suid-Afrika se ander buurlande voorgekom het, blyk dit geïsoleerde voorvalle van suiwer misdaad te wees en is dit in alle waarskynlikheid nie deel van enige georganiseerde aanslag nie. Die situasies betreffende Kenia en Zimbabwe sal vervolgens ontleed word ten einde te bepaal wat die onderliggende redes vir die gewelddadige aksies was en of daar enige raakpunte bestaan met die situasie wat tans in Suid-Afrika voorkom.

### **5.1 Kenia**

Die rebellie wat in 1952 in Kenia begin het en in die geskiedenis as die Mau Mau

bekend staan, was in hoofsaak ‘n opstand teen die koloniale regering, sy beleid en amptenare. Met die uitbreek van die opstand het die koloniale regering geweier om te erken dat daar enige wettige rede daarvoor bestaan. Daar is geargumenteer dat kolonialisme ook die voordele van opvoeding, godsdiens, moderne handel en regering gebied het. Solank as wat dit die argument was, was dit nie moontlik vir die koloniale staat om die regverdiging en grondigheid van die Afrika-misnoëë en nasionalistiese ondertone raak te sien nie. Sedert die eerste georganiseerde protesbeweging in die 1920's ontstaan het, het Brittanje as koloniale moondheid ‘n houding van onverskilligheid, indien nie vyandigheid, teenoor hul eise gehandhaaf. Die totstandkoming van organisasies soos die Kikuyu Central Association in die 1920's en die Kenya African Union in 1944, het geensins die standpunt van Brittanje verander nie. Volgens die Britse regering was dit slegs opstokery deur enkele ontevrede geleerde Afrikane wat hulle ongeleerde stamverwante vir die bereiking van hul eie selfsugtige politieke oogmerke wou gebruik. Soos wat die spanning in die 1940's toegeneem het, het Brittanje as koloniale moondheid teenoptredes hoofsaaklik op die politieke leiers wat Afrika-nasionalisme nagestreef het, gefokus. Die gevoel was dat indien die leierskap geneutraliseer is, die massas ook stilgemaak sal wees (Maloba 1993: 1).

Die Mau Mau opstande in 1952 kan dus gesien word as die gevolg van beide geweld vanaf die kant van die koloniale moondheid en Afrika-reaksie en teen geweld. Die opstand was ‘n direkte uitdaging vir die bestaande orde wat kolonialisties en rassisties van aard was en het gestreef na ‘n onafhanklike toekoms vry van koloniale beheer. Die meerderheid van die individue betrokke by die opstand was diegene wat hul haweloos in die plattelandse gebiede bevind het, en die grondlose plakkars en die stedelike werkloses, dus diegene wat hulle nie werklik tuis of deel gevoel het van die gemeenskap waarin hulle hul bevind het nie. (Maloba 1993: 15). Volgens Macphee (1968: 110) is van die belangrikste onderliggende faktore wat tot die anti-Europese gevoel in Kenia aanleiding gegee het geleë in die ongelykheid wat ten opsigte van rykdom bestaan het; ‘n behoefte na grond; die behoefte om hulle eie sake te beheer; en die gevoel onder die hoër opgevoede en meer ambisieuse gedeelte van die bevolking dat die vordering wat in die rigting van

selfregering gemaak word, aansienlik stadiger verloop as in ander gebiede wat ook onder koloniale beheer was.

Die opstand van die Mau Mau wat hoofsaaklik tussen 1952 en 1956 plaasgevind het, was uiters gewelddadig. Volgens Stoneham (1953: 28) was dit die doelstelling van die Mau Mau om alle Europeërs uit Kenia te verdryf. Dit is ook duidelik gestel dat diegene wat geweier het hul te steun, mee afgerekken (vermoor) sal word sodra die kolonialiste uit die land verdryf is. Die Mau Mau het 'n absolute vrees by die plaaslike inwoners ingeboesem en menige gedwing om die Mau Mau eed van steun af te lê. Hulle het nie gehuiwer om diegene wat hul teengaan te vermoor nie. Polisie informante is summier vermoor en hulle koppe en hande afgekap om identifikasie te bemoeilik (Stoneham 1953: 37). Plaaslike stamhoofde wat hulle nie met die optrede van die Mau Mau kon vereenselwig nie, het ook dieselfde lot in die gesig gestaan.

In die bereiking van hul doelstellings het die Mau Mau hul aanvalle op die blankes in Kenia, beide op plase en in dorpe, gerig. In sommige van die gevalle het die slagoffers oorleef nadat hulle deur hul aanvallers tydens rooftogte ernstig beseer is, terwyl die aanvallers in ander gevalle seker gemaak het dat hul slagoffers dood is deur hul grusaam te vermink. Gevalle het ook voorgekom waar die werkers van die blanke boere summier deur die aanvallers gedood is, sodat hulle nie in staat kon wees om hulle werkgewers te waarsku of te beskerm nie. Benewens die aanvalle deur die Mau Mau op mense, hetsy blankes of diegene wat hul teëgegaan het of nie ondersteun het nie, was hulle ook betrokke by die doodmaak of die verminking van vee. Gedurende een bepaalde nag is byvoorbeeld 300 stuks beeste en skape op die manier gedood. Gedurende dieselfde nag is skure en pomphuise op verskeie plese ook aan die brand gesteek (Stoneham 1953: 52,70,85).

Dit blyk dus dat die Mau Mau se aksies om die blankes uit Kenia te dryf daarop gerig was om hul ernstige liggaamlike leed aan te doen of te dood of hul eiendom te beskadig. Dit is duidelik dat hulle geen teenstand geduld het nie, en selfs 'n terreurveldtog onder plaaslike inwoners gevoer het om hulle te ondersteun.

Alhoewel die aksies van die Mau Mau ondere andere ook gerig was op die verkryging van grond, was hulle aksies nie net tot plaasbewoners beperk nie, maar het ook blankes in dorpe, asook diegene wat in die pad van die Mau Mau se verwesenliking van hul oogmerke gestaan het, ingesluit.

## 5.2 Zimbabwe

Die gewelddadige aanslae gerig op blanke boere in Zimbabwe, is ‘n direkte uitvloeisel van President Robert Mugabe se grondhervormingsprogram. Hoewel grondhervorming in Zimbabwe eers vanaf 1992 geintensifiseer is, het Mugabe reeds in 1976, vier jaar voor Zimbabwe se onafhanklikheid in 1980, gemeld dat “(i)n Zimbabwe, none of the White exploiters will be allowed to keep an acre of their land” (Blair 2002: 169). Dit is dus nie verbasend dat soos wat die politieke ontwikkeling in Zimbabwe later sou ontvou, die ontneming van blanke grond ‘n werklikheid sou word nie.

Net soos in die geval van Kenia het die insurgensie in Zimbabwe hoofsaaklik onstaan as gevolg van Afrika-nasionalisme gebore uit teenkanting teen koloniale beheer. Diep gewortelde misnoeë en haat rakende die ontneming van hul grond deur die Britse kolonialiste het voorts die ‘bevrydingstryd’ aangeblaas. Die verdeling van grond in Zimbabwe was in die tydperk van kolonialisatie baie oneweredig. In 1911 het blanke plase 20 persent van die landbougrond van die voormalige Rhodesië beslaan. Met die deurvoer van die Land Appointment Act in 1931 het die grond wat blankes besit het ongeveer 51 persent beslaan. Hierdie persentasies het geleidelik tot 45 persent met Rhodesië se eensydige onafhanklikheidsverklaring in 1965 gedaal en tot 39 persent in 1980, maar het steeds ‘n groot gedeelte van die beste landbougrond verteenwoordig (Breytenbach 2004: 6).

Die gebrek aan staatsgrond het in Zimbabwe het, net soos in die geval van Namibië, die regering genoop om kommersiële plase wat in privaatbesit is te teiken vir grondhervorming. Met onafhanklikheid in 1980 was die administrasie van Mugabe verbind tot ‘n internasionaal-ondersteunde grondhervormingsprogram

waardeur 152 500 families teen 1985 op ongebruikte grond of grond in blanke besit hervestig sou word. Die Britse regering het hom voorts daartoe verbind om veertig miljoen Britse pond hiervoor beskikbaar te stel, met addisionele ondersteuning van ander bilaterale en multilaterale skenkers. Teen 1995 is slegs ongeveer vyftig duisend families op ongeveer drie miljoen hektaar grond hervestig en was vele van die plase wat vir hervestiging oorgeneem is onbewerk en verlate. Uiteraard het die skenkers vertroue in die oefening verloor (Hawkins 2003: 3).

In Zimbabwe is die aanvanklike wetlike raamwerk vir grondhervorming voorsien deur Artikel 57 van die Grondwet van die Republiek van Zimbabwe wat gedurende 1979 by Lancaster House in die Verenigde Koningryk onderhandel is, of die Lancaster House Ooreenkoms soos alom daarna verwys word. Dit het voorsiening gemaak vir 'n 'gewillige verkoper - gewillige koper' reëeling wat volgens die regering van Zimbabwe hul grondhervorming gestrem het. Deel van die Lancaster House Ooreenkoms was ook dat die grondwet eers na 1990 verander kon word. Dit is spoedig in 1990 en 1993 deur wysingswette tot die grondwet gedoen. Beide wysingswette het voorsiening gemaak vir herverdeling met 'billike' vergoeding vir grond teenoor 'genoegsame' vergoeding soos wat deur die Lancaster House Ooreenkoms vereis is. Geen definisie is egter vir enige van die konsepte verskaf nie, maar 'genoegsame' vergoeding het in alle waarskynlikheid na markwaarde verwys terwyl 'billike' vergoeding net betrekking het op die verbeterings wat op die grond aangebring is en nie vir die grond as sulks nie (Breytenbach 2004: 5).

Twaalf jaar nadat politieke onafhanklikheid verkry is, het die regering in Zimbabwe in 1992 die Land Acquisition Act deurgevoer om die President en ander instellings te bemagtig om grond en ander nie-roerende eiendom wat in sekere omstandighede nodig mag blyk, te bekom; om voorsiening vir die daarstelling van die Derelict Land Board te maak; en om grond as verlate te kan verklaar en te bekom. Hierdie wetgewing was aanvanklik in alle waarskynlikheid daarop gerig om die 'een mens - een plaas' beleid te formaliseer, maar dit is beweer dat die blanke boere oor die algemeen onwillig was om samewerking te gee met die grondhervorming. 'n Beleidskuif weg daarvan om verlate plase te teiken, is

gemaak. Die grondkwessie is geriflikheidshalwe ook deur Mugabe aangewend as 'n effektiewe instrument om die politieke steun wat hy stelselmatig besig was om te verloor te laat herleef deur 'n hardvogtige houding teen 'Westerse imperialisme' in te neem. Hierdie houding het geleid tot die geleidelike verbrokkeling van die beleid van rasselfersoening wat met onafhanklikheid voorgestaan is. Voorstelle van die Commercial Farmers Union oor grondhervorming is verwerp en die grootskaalse aanwysing van kommersiële landbougrond vir onteiening en die aanwakkering van intense rasselfaat, het begin (Majome 2003: 4).

Sedert 2000 is die grondkwessie tot 'n groot mate deur Mugabe as 'n instrument gebruik om politieke steun te verwerf, beide gedurende die grondwetlike referendum in 2000, sowel as tydens die laaste presidentsverkiesings in 2003. Gedurende hierdie periode het die Movement for Democratic Change (MDC) sterk op die voorgrond getree en 'n duidelike bedreiging vir Mugabe ingehou. Die landbousektor, blank en swart, het grootliks vir Morgan Tsvangirai, die leier van die MDC gestaan en Mugabe het dit deeglik besef. Mugabe se primêre doelstelling met grondhervorming, benewens om blankes van die plase af te dryf, was om die steunbasis wat die plaaswerkers vir die MDC gevorm het, te ondermy. Om sy doelstellings te bereik het Mugabe die dormante vryheidsoorlogstrukture laat herleef deur 'n klein en ontevrede groep, die *bona fide* oorlogsveterane, wat hy vir twee dekades lank verwaarloos het rondom hierdie plofbare en emosie belaaide aangeleentheid te mobiliseer. Binne dae het die sowat 2 000 oorlogsveterane en 'n toenemende aantal jeugdiges begin om 11 miljoen hektaar kommersiële plase wat deur blankes besit is met geweld en die gepaardgaande verlies aan lewens en eiendom oor te neem, aangespoor deur Mugabe se oproep om die rewolusie te voltooi (Thornycroft 2004: 7). Die absolute haat en brutaliteit deur die oorlogsveterane geopenbaar tydens hulle oornname van blanke plase gedurende 2000 lê opgesluit in die volgende woorde van hul voormalige leier Chenjerai Hitler Hunzvi, "(i)f the white farmers do not give us what we want, they will bury themselves down six feet" (Blair 2002: 1). Die grondhervorming het gedurende Oktober 2002 'n verdere tol geëis deur die brutale en onwettige uitsetting van die meeste van die oorblywende blanke boere vanaf hulle plase.

Die mees tragiese gevolg van die grondhervormingsprogram was die bykans totale vernietiging van wet en orde en ook regsoewereiniteit in die *modus operandi* wat met die grondhervormingsprogram gevolg is. Die regering het hofbevele teen hulle geignoreer, inringers aangemoedig om hul onwettig op grond te vestig en het geweier om vir verbeteringe of toerusting en implemente te betaal. Die polisie het geweier om inringers op grond wat nie vir grondhervorming ge-oormerk was nie te verwijder, of om sake van diefstal van plaastoerusting of lewende hawe te ondersoek. Alhoewel wetgewing voorsiening gemaak het vir hervestigingskoste van plaaswerkers wat hul op plase bevind het wat onteien is, is die meeste deur die inringers met geweld van die plase afgedryf. Volgens berekening is tot soveel as 350 000 werkers en hulle afhanklikes, bykans twee miljoen in totaal, hierdeur geraak (Govender 2004: 15).

Uit bestaande gevallenstudies van Kenia en Zimbabwe is een ooglopende verskil merkbaar. In die geval van Zimbabwe het die gewelddadige aanvalle na onafhanklikheid voortgespruit uit aksies van die regering self, wat ook 'n mandaat vir groepe soos die sogenaamde oorlogsveterane geskep het om blankes met geweld van hul plase af te dryf. Mugabe het die grondkwessie ook aangewend om te poog om verlore politieke steun te herwin en die magsbasis van die MDC wat grootliks in die landelike gebiede gesetel is, te vernietig. Daarenteen het die voorvalle in Kenia in hoofsaak voortgespruit uit die ontevredenheid van sekere groepe. Die optrede van die Mau Mau blyk grootliks 'n uitvloeisel van Afrika-nasionalisme ter beëindiging van koloniale oorheersing en onderdrukking te wees.

## 6. SAMEVATTING

Uit die voorgaande blyk dit dat die verskynsel van plaasaanvalle binne die breë konteks van die begrip veiligheid val, maar nie noodwendig altyd 'n nasionale veiligheidsbedreiging sal skep nie.

Soos wat uit ondervinding in ander ontwikkelende state waar politieke oorgang plaasgevind het blyk, en veral dié waar politieke oorgang vanaf kolonialisme of

vanaf outokratiese beheer met rewolusionêre optrede gepaard gegaan het, is 'n verhoging in misdaad tydens sodanige oorgang 'n bykans universele verskynsel. Die moontlikheid bestaan derhalwe dat die verskynsel van plaasaanvalle aan sodanige verhoogde misdaad toegeskryf kan word. Die moontlikheid van relatiewe ontneming onder diegene wat van mening is dat hul omstandighede nie enigsins met die oorgang verbeter is nie, is ook 'n aspek waarmee rekening gehou moet word in die bepaling van die onderliggende omstandighede wat tot die verhoging in misdaad aanleiding gee. Soos uit die voorgaande ontleding van relatiewe ontneming blyk, kan dit tot frustrasie lei wat 'n sneller tot gewelddadige optrede, soos geweldsmisdaad kan wees.

Uit die gevallenstudies van gebeure in Kenia en Zimbabwe wat ook met gewelddadige aksies teen die landbougemeenskap gepaard gegaan het, blyk dit dat die primêre raakpunt met die huidige situasie betreffende plaasaanvalle in Suid-Afrika, die kwessie rondom die herverdeling van grond is. Dit is duidelik dat die kwessie van die ongelyke verdeling van grond 'n aspek is wat tot optrede van verset, waarvan geweld 'n integrale deel is, kan lei. Waar die aanvalle in Kenia deel van die bevrydingstryd teen kolonialisme gevorm het en in Zimbabwe deur die regering aangeblaas is vir selfsugtige politieke oogmerke, blyk dit egter ook dat die vermelde onderliggende oorsake nie noodwendig net so in Suid-Afrika ook van toepassing is nie. Hierdie aanname is grootliks geskoei op die feit dat Suid-Afrika reeds meerderheidsregering het, en dat die kwessie van die herverdeling van grond nog nie pertinent 'n deel van die regerende party se verkiesingsmanifeste gevorm het nie. Dit is egter duidelik 'n toenemend strydvraag. In Namibië waar privaatgrond ook deur die regering vir herverdeling geteiken is, kon geen gewelddadige aanvalle ook tot die hede direk daarmee in verband gebring word nie. Die moontlikheid van rassehaat in Suid-Afrika as uitvloeisel van die gebeure tydens die apartheidsera is egter 'n aspek wat nie heeltemal uit die oog verloor moet word nie, ten spyte van die regering se verklaarde oogmerke van nie-rassigheid en nasiebou.

In die volgende hoofstuk sal spesifieker gekonsentreer word op faktore in Suid-Afrika, geskiedkundig sowel as resent, wat moontlik onderliggend aan die voorkoms van plaasaanvalle kan wees.

## HOOFSTUK 2

### **HISTORIESE AGTERGROND EN GEWELDSMISDAAD EN GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA**

Waar daar in die voorgaande hoofstuk hoofsaaklik op 'n konseptuele raamwerk gefokus is, word daar in hierdie hoofstuk spesifiek op faktore binne Suid-Afrika self gekonsentreer ten einde 'n holistiese perspektief te gee van die konteks waarbinne die verskynsel van plaasaanvalle manifesteer. Gevolglik sal 'n kort historiese agtergrond verskaf word oor gebeure wat in die tydperk voor 1994 in Suid-Afrika afgespeel het, insluitend die ideologieë wat deur die voorheen rewolusionêre bewegings nagestreef is. Gegewe die feit dat die herverdeling van grond alreeds voor en ook na politieke oorgang 'n kwessie is wat hoë voorrang op die politieke agenda geniet het, sal daar tweedens ondersoek ingestel word na aspekte rondom grondhervorming ten einde te kan bepaal wat die moontlike invloed daarvan op die voorkoms van plaasaanvalle kan wees. Laastens sal die voorkoms van geweldsmisdaad in Suid-Afrika tydens die periodes voor en na 1994 ontleed word.

#### **1. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN REWOLUSIONÊRE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA**

Eerstens sal die faktore wat tot die ontstaan van rewolusionêre organisasies binne Suid-Afrika aanleiding gegee het van nader beskou word, asook die doelstellings wat hulle nagestreef het. Vervolgens sal daar meer spesifiek na dié organisasies se standpunte oor die herverdeling en besit van grond gekyk word, aangesien dit nou aan die ideologieë en strategieë van hierdie organisasies verwant is en die kwessie ook in ander Afrikastate 'n politieke ondertoon gehad het.

##### **1.1 Onstaan van die ANC en PAC**

Die ANC het op 8 Januarie 1912 in Bloemfontein teen die agtergrond van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 waar swartmense uitdruklik

van die politieke stelsel uitgesluit is, totstand gekom. Vir 'n aantal jare na sy stigting het die ANC nie-gewelddadige strategieë nagevolg in 'n poging om die regering te oortuig om die opkomende swart politieke aspirasies te akkomodeer. In latere jare egter het ekonomiese ontwikkeling en versnelde industrialisasie in besonder, gelei tot die ontstaan van ontluikende vorme van militante teenstand teen die blanke regering. Die stakings op die myne het 'n verandering in die klasse samestelling van die ANC se leierskap tot gevolg gehad en het die skaal in die guns van die werkersklas geswaai. Samewerking en bande tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) het ook reeds in 1927 ontstaan toe Eddie Khaile, 'n lid van die SAKP se Sentrale Komitee, tot Algemene Sekretaris van die ANC verkies is (Norval 1993: 47).

Die onderdrukking van die werkers se eise tydens stakings en die verdere ontluiking van politieke bewustheid het tot die totstandkoming van die ANC-Jeugliga en die ANC-Vroueliga gedurende die 1940's gelei en het ook die aanneem van 'n militante program van aksie gedurende die begin van die 1950's aangevuur. Die vyftigerjare is deur massa versetveldtogte gekenmerk; die opstel van die Freedom Charter in Kliptown gedurende 1955; optrede teen paswette; en die hoogverraadverhore van anti-apartheidsaktiviste. Die regering het met meer onderdrukking gereageer wat in totaliteit op die afdwing van die apartheidsbeleid gefokus was. Die begin van die 1960's is veral gekenmerk met insidente van geweld soos by Sharpeville. Hierbenewens het die regering ook 'n nuwe grondwet aanvaar; tuislande is geskep; swart politieke organisasies is verban en hul leiers gearresteer. Gevolglik is die era van vreedsame protes teen die apartheidsbewind beëindig en het die ANC as politieke organisasie in ballingskap gegaan (Rantete 1998: 3). Met die leiers van die ANC in die buiteland, het Umkhonto we Sizwe (MK), die militêre vleuel van die ANC, ook in die buiteland tot stand gekom om die rewolusionêre veldtog teen die regering vanuit Suid-Afrika se buurstate te loods.

Die Pan African Congress (PAC) is in 1958 deur Robert Sobukwe gestig, nadat Afrikaniste wat teen die besluit van die ANC om lidmaatskap van dié organisasie ook vir ander bevolkingsgroepe oop te stel gekant was, uit die ANC verban is. Die

oogmerk van die PAC was om 'n regering bestaande uit swartes vir swartes daar te stel. Die PAC se standpunt was eenvoudig dat daar nie plek vir blankes was nie. Uiteraard het die PAC dan ook die leierskap van die ANC in besonder daarvoor veroordeel dat hulle blankes toegelaat het om deel van hul leierskap te word (Norval 1993: 64).

## 1.2 Standpunte van rewolusionêre bewegings oor grondhervorming

Die kwessie van die ongelyke verdeling van grond is 'n aspek wat deur die jare heen een van die kernaspekte van die rewolusionêre organisasies se agenda gevorm het. In die aanhef tot die Freedom Charter, word daar reeds melding gemaak dat die grond van Suid-Afrika aan al die persone wat daarop woon behoort en dat 'n gedeelte van die bevolking ook van hul geboortereg op onder andere die grond waarop hul woon, beroof is. In die gedeelte van die Freedom Charter wat spesifiek op die verdeling van grond fokus, word die volgende vermeld:

- Beperkings op die eienaarskap van grond gebaseer op 'n rassegordonslag moet beëindig word en dat die grond onder diegene wat dit bewerk herverdeel moet word om hongersnood te voorkom en die bestaande behoefté na grond te help verlig;
- die staat sal die landelike boere help met implemente, saad, trekkers en damme om die grond te bewaar en sal die saaiboere bystaan;
- vryheid van beweging vir almal wat op die grond werk sal gewaarborg word;
- almal sal die reg hê om grond te bewoon waar hulle dit verkies; en
- mense sal nie beroof word van hulle vee nie en gedwonge arbeid en "plaastronke" sal mee weggedoen word (Freedom Charter: 1955).

In sy Nuwejaarsboodskap op 8 Januarie 1985, het Oliver Tambo, destydse president van die ANC, ook pertinent na die kwessie van die grondregte van mense verwys. Die ontneming van 'n groot gedeelte van die bevolking van hul grond is as een van die mees brandende grieve van dié tyd beskou. Volgens Tambo is miljoene mense in die landelike gebiede op plase, wat uit hulle voorvaderlike grond

ontstaan het, as plaaswerkers uitgebuit. Hulle daaglikse lewens is oorheers deur die bevele van rassistiese blanke plaasboere en landboumaatskappye teen wie hulle hulself nie kan verweer nie as gevolg van die feit dat hulle nie goed georganiseer is nie. Die grondvraagstuk moes opgelos word, en indien nodig op 'n manier wat die plaaseienaars die mees nadeligste sal raak. Tambo het dit beklemtoon dat daadwerklike aandag aan die organisasie en mobilisasie van die landelike massas gegee moet word en dat hulle van die nodige politieke kennis en insig voorsien moet word om hulself teen uitbuiting te beskerm en hul reg op grond te handhaaf. Die situasie betreffende die ontneming van die massas van hul grond moet aan hulle verduidelik word en in perspektif geplaas word, ten einde hulle te laat besef dat almal se toegewydheid, deursettingsvermoë en opoffering noodsaaklik is om die situasie te beredder. Die lot van duisende individue wie se huise platgestoot is en in afgeleë gebiede waar geen geriewe is nie hervestig is, verg ook spesifieke aandag en gesamentlike optrede in solidariteit met die landelike massas. (Sechaba, Maart 1985: 8)

In die tydperk wat die onderhandelinge tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse regering direk vooraf gegaan het, het die ANC gereeld hul beleid oor grondhervorming in Suid-Afrika duidelik uitgestip. Na 'n vergadering tussen die ANC en blanke regsgelerdes in Harare gedurende 1989, het Zola Skweyiya, ANC uitgewekene en kundige op die gebied van konstitutionele verandering, dit beklemtoon dat vir die meeste swartes op die platteland wat onder gedwonge verskuiwings van die regering of onderdrukking van die swart tuislande gebuk gegaan het, die bekom van grond van groot belang is. Gevolglik maak die ANC se riglyne vir grondhervorming dit duidelik dat alle rassistiese beperkinge op eienaarskap en gebruik van grond mee weggedoen sal word, en dat grondhervorming in ooreenstemming met die beginsels van regstellende aksie implementeer sal word, met inagneming van die posisie van slagoffers van gedwonge verskuiwings. Die oplos van die grondkwessie is deur die ANC as een van hul primêre take in 'n post-apartheid Suid-Afrika gesien, wat soos die ekonomie met omsigtigheid hanteer moet word om te verhoed dat dit tot grieve en onvervulde verwagtinge kan lei (Sechaba Junie 1989: 10).

Soos wat die rewolusionêre stryd van die ANC teen die regering in intensiteit toegeneem het, is besluite oor optrede wat tot gewelddadige aanvalle op plase sou lei, ook geneem. Tydens die Kabwe konferensie wat in Junie 1985 in Lusaka, Zambië gehou is, is daar onder meer besluit dat die onderskeid wat tussen ‘harde’ en ‘sagte’ teikens getref is, mee weggedoen moet word. ‘n Skrikwekkende gevolg van die Kabwe-resolusie was die landmynveldtog wat op die platteland van die voormalige Noord-Transvaal geloods is. As gevolg van die feit dat gewone grensboere meestal ook lede van die kommando-eenhede was, is hulle as legitieme teikens deur MK beskou. Tussen 26 November 1985 en 21 Februarie 1991 het 39 landmynontploffings op plase voorgekom waartydens 25 mense gedood en ‘n verdere 76 beseer is. (Coetzee 2000: 276 - 277)

Net soos die ANC het die PAC ook na hul verbanning ‘n gewapende vleuel op die been gebring genaamd, Poqo. Die organisasie se boodskap was eenvoudig, en duidelik soos wat blyk uit die inhoud van ‘n pamflet wat gedurende Desember 1960 versprei is: “We are starting again Africans... we die once. Africa will be free on January 1. The white people shall suffer, the black people shall rule. Freedom comes after bloodshed. Poqo has started”. Die PAC was van plan om sy lede binne die grense van Suid-Afrika te mobiliseer om op ‘n gegewe tyd ‘n massa-aanslag op voorafbepaalde teikens soos polisiestasies, kragstasies en blankes te loods. Inligting wat deur die regering bekom is, het die PAC se “Nag van die Dood” wat vir 8 April 1962 beplan was gefnuik deur die arrestasie van bykans die hele PAC struktuur. Die PAC kon nooit werklik van hierdie terugslag herstel nie, wat die ANC/SAKP alliansie as die voorlopers in die bevrydingstryd gelaat het. (Norval 1993: 65 - 66)

Ten spyte van die PAC se swak organisatoriese posisie in die begin van die 1990's, het die organisasie daarin geslaag om politieke steun te bekom op grond van hulle sterk standpunte oor die herstel van grondregte en beheer oor grond, insluitende die natuurlike hulpbronne daarop en die opbrengste wat dit lewer. Hierdie Afrikanistiese visie om die grond en die rykdom wat daaruit verkry is van die koloniale setlaars wat dit van die oorspronklike eienaars ‘gesteel’ het terug te neem,

is diepgewortel. Verarmde landelike gemeenskappe wat nog voor die ontstaan van apartheid deur die blankes van hul voorvaderlike grond en tuistes verwijder is, het steeds aan die geloof bly vaskleef dat hul eendag hul grond gaan terugkry. Die PAC het hierdie hoop van ekonomiese gelykheid vir almal as geboortereg laat herleef. Die PAC se slagspreuk van “Africa for the Africans” het hierdie gevoelens verder aangewakker. Waar MK gedurende die begin van die 1990's hul gewapende veldtog opgeskort het, het die PAC se gewapende vleuel, nou genoem die Azanian People's Liberation Army (APLA), besluit om daarmee voort te gaan. So het APLA in die begin van die 1990's besluit om hul gewapende veldtog om polisiebeamptes in swart woongebiede te teiken, te versnel.

Die jaar 1993 is voorts deur APLA aangewys as “The Year of the Great Storm” en APLA-guerillas het begin om 'n lae intensiteit oorlog teen afgeleë plase op die grens van die Noord-Oos Kaap en Oos-Vrystaat vanuit hul veilige hawens in Lesotho en die Transkei te voer. Hierdie aanvalle en dié gerig teen ander burgerlike teikens soos 'n gholfklub in King William's Town en 'n restaurant in Queenstown waartydens vyf persone gedood en 35 beseer is, het die bedrywigheide van APLA op die voorgrond geplaas en het vrese vir 'n dreigende rasseoorlog laat onstaan. Dit het ook daartoe geleid dat die boere genoodsaak was om op militêre beskerming aan te dring (Murray 1994: 131, 134).

Soos wat uit die voorgaande blyk, het sekere gebeure in Suid-Afrika se politieke verlede tot spesifieke standpunte en optrede deur die voormalige rewolusionêre organisasies aanleiding gegee. Een bepaalde aspek wat duidelik uit die ideologieë van hierdie organisasies oor die herstel van die 'onregte' van die verlede na vore gekom het, is die kwessie oor die besitreg op, en die herverdeling van grond. Soos wat uit die gebeure in Zimbabwe blyk is die kwessie van die herverdeling van grond 'n netelige aangeleentheid wat, indien dit nie met die nodige omsigtigheid hanteer word nie, tot gewelddadige aanvalle op plase aanleiding kan gee. Aksies van die voormalige rewolusionêre organisasies het ook reeds in die verlede tot gewelddadige aanvalle teen die boerderygemeenskap geleid. Dit is derhalwe noodsaklik dat die kwessie van die herverdeling van grond nie uit die oog verloor

moet word in die soeke na moontlike onderliggende oorsake vir die voorkoms van plaasaanvalle in Suid-Afrika nie. In die lig hiervan sal daar vervolgens gefokus word op grondhervorming in Suid-Afrika en die reaksie van bepaalde groepe daarop.

## 2. GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA

Soos wat uit die voorgaande ontleding van Suid-Afrika se politieke agtergrond wat die politieke oorgang in die land vooraf gegaan het blyk, het die kwessie van grondhervorming deurgaans prominensie geniet. Volgens internasionale ervaring en navorsing is dit duidelik dat die belangrikheid van, en die snelle en omsigtige hantering van die proses van grondhervorming, nie oorbeklemtoon kan word nie. Volgens van Zyl.*et.al.* (1996: 162) kan die teleurgestelde massas die onwettige besetting van grond as die enigste oplossing sien indien die herverdeling van grond te stadig verloop. Die taktiek van grondbesetting is 'n wêreldwyse verskynsel en blyk die enigste effektiewe metode vir die herverdeling van grond te wees indien die beginfases van die proses stadig verloop, of indien die proses van die herstel van grondregte in uitgerekte regsgedinge vasgevang raak. Indien die proses van die herverdeling van grond nie aan die behoeftes of verwagtinge van die eisers voldoen nie, blyk die enigste ander opsie die besetting van grond te wees. Die enigste gevoglike regeringsbetrokkenheid in die proses is die wettiging van die rewolusionêre besetting van die grond nadat dit reeds plaasgevind het, soos in die geval van Zimbabwe. In die ontleding van die kwessie van grondhervorming as moontlike bydraende faktor tot die voorkoms van plaasaanvalle in Suid-Afrika, sal eerstens gefokus word op die inisiatiewe wat reeds deur die regering geneem is om die grondhervormingsproses glad te laat verloop, waarop bepaalde standpunte ten opsigte van die proses self ontleed sal word.

### 2.1 Inisiatiewe deur die SA-regering

Die besondere klem wat deur die Suid-Afrikaanse regering op die herverdeling van grond geplaas is, word beklemtoon deur die feit dat gelyke regte tot grond in die 1996 Grondwet van Suid-Afrika verskans is. In Artikel 25 van die Grondwet word

bepaal dat die regering alle redelike wetgewende en ander maatreëls moet tref, om binne sy beskikbare middele, toestande te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike grondslag toegang tot grond te verkry. Niemand mag ook eiendom ontneem word behalwe ingevolge 'n algemene regsvoorskrif nie. Geen regsvoorskrif mag ook die arbitrière ontneming van eiendom veroorloof nie. Eiendom mag slegs onteien word indien dit vir 'n openbare doel of in openbare belang is, en vergoeding daarvoor deur diegene wat daardeur geraak word aanvaar word, of deur 'n hof bepaal of goedgekeur is. Spesifieke voorsiening word ook daarvoor gemaak dat 'n persoon of gemeenskap wie se besitreg van grond regsonseker is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, geregtig is op of besitreg wat regseker is of gelykwaardige vergoeding soos bepaal deur 'n wet van die Parlement. 'n Persoon of gemeenskap wat na 19 Junie 1913 op soortgelyke wyse van hul eiendom ontneem is, is ook dienooreenkomsdig op die teruggawe van die grond of vergoeding geregtig. Die Grondwet bepaal voorts dat die Parlement wetgewing moet aanneem om aan die herstel van grondregte uitvoering te gee. Verskeie wette in hierdie verband is reeds sedert 1994 aangeneem, waarvan die inhoud vervolgens kortliks ontleed sal word.

### **2.1.1 Die Wet op die Herstel van Grondregte**

Hierdie is die eerste wet wat na 1994 deur die Parlement rondom die kwessie van grondhervorming aangeneem is. Die hoofdoel van die wet is om voorsiening te maak vir die herstel van die grondregte van diegene wat deur rasgebaseerde wetgewing daarvan ontneem is, asook vir die daarstelling van 'n Kommissie vir die Herstel van Grondregte en 'n Grondeise Hof (Wet 22 van 1994, Artikels 4 & 21).

Volgens die wet kan 'n persoon of 'n gemeenskap, onderworpe aan sekere voorvereistes 'n eis vir grond waarvan hulle na 1913 ontneem is by 'n kantoor van die Grondeise Kommissie indien. Geen eiser wat woonagtig is op die grond waarop 'n eis van toepassing is ten tye van die inwerkingtreding van die wet, mag sonder die toestemming van die Hoof Grondeise Kommissaris van die grond verwijder word nie. Geen eiser of ander persoon mag ook sodanige grond betree en daarop gaan

woon sonder die toestemming van die eienaar of wettige bewoner van die grond nie. Grond ten opsigte waarvan 'n grondeis ingestel is mag nie onderverdeel of verkoop word sonder dat kennis aan die Streeksgrondeise Kommissaris gegee is nie. Die verkoop van die grond kan ook deur die hof tersyde gestel word (Wet 22 van 1994, Artikels 2 & 11).

### **2.1.2 Die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders)**

Hierdie wet is daarop gerig om voorsiening te maak vir sekerheid van die besitreg van huurarbeiders en daardie persone wat grond bewoon of gebruik as gevolg van hulle verbintenis met huurarbeiders; en om voorsiening te maak vir die verkryging van grond en regte in grond deur huurarbeiders. Die wet bepaal wie vir verblyfreg kwalifiseer en die voorwaardes wat hul okkupasie van en verblyf op die grond waarborg, soos onder ander die verskaffing van arbeid in ruil vir die reg op verblyf en die reg op wei- en saaigrond. Die wet bepaal voorts die voorwaardes waaronder persone van grond uitgesit kan word en die prosedure wat gevolg moet word (Wet 3 van 1996, Artikels 3 - 15).

In die wet word ook voorsiening gemaak vir die bekom van eienaarskap van die grond waarop huurarbeiders woon of ander op grond wat vir hierdie doel aan hulle beskikbaar gestel word. Arbeiders kan vir die eienaarskap van grond aansoek doen vanweë die feit dat hulle op die plaas werk; of vir grond wat hy of sy familie geokkupeer het vir 'n periode van vyf jaar wat die inwerkingtreding van die wet onmiddellik voorafgegaan het en wat hulle onbillik ontneem is; of vir regte op grond elders op die plaas of in die omgewing soos voorgestel deur die plaaseienaar. Terselfdertyd kan sodanige arbeiders ook aansoek doen vir redelike regte tot toegang tot water, reg van toegang en ander voorregte wat hulle as plaasarbeiders tydens hul verblyf op die grond geniet het (Wet 3 van 1996, Artikels 16 - 28).

### **2.1.3 Wet op die Uitbreidung van Sekerheid van Verblyfreg**

Hierdie wet is daarop gerig om voorsiening te maak vir maatreëls om langtermyn

sekerheid van verblyfreg op grond met staatshulp te fasiliteer; om die voorwaardes van verblyf op sekere grond te reël; om die voorwaardes waarop en omstandighede waaronder persone se reg om op grond te woon beëindig kan word, te reël; en om die voorwaardes waarop en die omstandighede waaronder persone wie se verblyfreg beëindig is, vanaf grond uitgesit kan word, te reël.

Volgens die wet moet die okkupererder van grond die reg hê om sodanige grond wat hy of sy op 4 Februarie 1994 of daarna bewoon of gebruik het, steeds te bewoon of te gebruik. Die okkupererder mag egter nie by enige onwettige aktiwiteite soos die beskadiging van eiendom, intimidasie of hulpverlening in die onwettig okkupasie van die grond deur ander persone betrokke raak nie. Die eienaar mag ook nie inmeng in die okkupererder se uitoefening van sy of haar wetlike regte nie, maar mag indien die okkupererder gewaarsku is om diere wat sy grond betree te verwijder en dit nie doen nie, sodanige diere laat skut (Wet 62 van 1997, Artikel 3).

‘n Okkupererder se regte op verblyf kan wettiglik beëindig word, indien dit billik en regverdig is, inaggenome faktore soos bestaande ooreenkomste, gedrag van die betrokke partye en die billikhed van die prosedure deur die eienaar gevolg. Die wet bepaal voorts die omstandighede waaronder ‘n okkupererder se verblyfreg opgeskort kan word en die prosedure wat gevolg moet word in gevalle waar die okkupererder ‘n werknemer is, of ‘n persoon is wat langer as tien jaar op grond bly, die ouderdom van 60 jaar bereik het, of wat gestremd is. ‘n Okkupererder kan ook slegs ingevolge ‘n hofbevel uitgesit word en vergoeding moet aan die okkupererder betaal word vir enige verbeteringe wat hy of sy opgerig en moet ook die geleentheid gebied word om strukture, landbougewasse, ensovoorts te verwijder (Wet 62 van 1997, Artikels 8 - 15).

#### **2.1.4 Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond**

Hierdie wet is daarop gerig om voorsiening te maak om onwettige uitsettings te verbied en om voorsiening te maak vir procedures vir die uitsetting van onregmatige

okkuperders. Volgens die wet is ‘n onwettige okkuperder ’n persoon wat grond okkupeer sonder die uitdruklike of stilswyende goedkeuring van die eienaar van die grond of die persoon in beheer daarvan of sonder enige wettige reg om sodanige grond te okkupeer, uitgesluit sekere persone soos diegene wat beskerm word deur die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg. ‘n Persoon kan alleenlik op grond van ‘n hofbevel uitgesit word. Indien die okkuperder egter vir langer as ses maande op die grond woonagtig was moet dit bepaal word of grond beskikbaar gestel is of geredelik beskikbaar gestel kan word deur die plaaslike owerheid of ander staatsinstansies of ‘n ander grondeienaar vir die hervestiging van die onwettige okkuperder. Die hof kan ook ‘n bevel uitreik vir die afbreek en die verwydering van die gebou of strukture wat deur so ‘n persoon geokkuppeer is. Die wet bepaal voorts dat dit onwettig is vir enige persoon om betaling te ontvang of te vra vir die reël, organisering of toelating van die okkupering van grond sonder die goedkeuring van die eienaar of die persoon in beheer van die grond (Wet 19 van 1998, Artikels 1 - 8).

## 2.2 Standpunte betreffende die proses van grondhervorming in Suid-Afrika

Soos te wagte bestaan daar reeds uiteenlopende standpunte oor die proses van grondhervorming soos wat dit ontvou het. Enersyds is daar diegene wat van mening is dat die proses te stadig verloop en andersyds diegene wat die mening huldig dat die proses nie reg hanteer word nie en reeds verantwoordelik is vir ‘n toename in wrywing tussen grondeienaars en grondeisers.

Vanweë misnoeë met die vordering van grondhervorming en skynbare gebrek aan beskerming deur die regering van die grondregte van werkers op plase, het die Landless People’s Movement (LPM) in Julie 2001 totstand gekom. Na sy totstandkoming het die LPM ‘n beroep op die regering vir ‘n nasionale grondberaad gedoen. Gedurende Augustus 2001 het die LPM ‘n nasionale veldtog van stapel gestuur om met die United Nations Conference Against Racism, Racial Discrimination, Xenophobia and Related Intolerance (WCAR) saam te val wat uitgeloop het op die aanneem van die Landless People’s Charter. Tydens die World

Summit on Sustainable Development (WSSD) gedurende Augustus 2002 was die LPM ook verantwoordelik vir 'n optog na die perseel waar die beraad plaasgevind het tesame met ander gemeenskaporganisasies (Greenberg 2004: 17 & 19). Die bepaalde standpunte van die LPM het egter eers duidelik na vore gekom tydens die hou van hul nasionale konferensie in Pietermaritzburg gedurende Mei 2003. In 'n memorandum wat aan die KwaZulu-Natal Proviniale Wetgewer oorhandig is, is onder andere die volgende standpunte of eise gestel:

- Die loodsing van 'n nasionale Free the Farm Dweller Campaign wat sal voortduur totdat al sewe miljoen plaaswerkers in Suid-Afrika grond van hul eie het;
- dat die veldtog 'n oorlogsverklaring teen alle grondeienaars is wat hulle aan mishandeling van plaaswerkers skuldig maak;
- dit nie toegelaat sal word dat enige persoon wat op 'n plaas woon verder mishandel of uitgesit sal word nie;
- vrywilligers onmiddellik gestuur sal word om persone wat vanaf plase uitgesit is te help om na hulle wonings terug te keer;
- 'n Landless People's Army totstand gebring sal word om persone wat op plase woon te beskerm teen mishandeling en die brutaliteit van die kommandos en privaat veiligheidsmaatskappye;
- alle plaaseienaars wat hul aan mishandeling van hul werkers skuldig maak geïdentifiseer sal word vir die LPM se Take Back the Land Campaign sodat sodanige plaaseienaars van hul grond verjaag kan word en die grond teruggegee kan word aan die persone wat dit bewoon het;
- alle ongebruikte grond geïdentifiseer sal word vir bovermelde veldtog sodat die grond geokkupeer en gebruik kan word om grondlose families te voed; en
- dat begin sal word om Suid-Afrika se 26 miljoen arm en grondlose mense, en in besonder die sewe miljoen plaaswerkers, te mobiliseer om deel te neem aan die LPM se No Land! No Vote! Campaign in die aanloop tot die 2004 algemene verkiesing (The Witness 28 April 2003 en 30 Mei 2003).

Soos wat uit bestaande blyk is die aksies van die LPM in hoofsaak gerig teen plaaseienaars wat hulle aan sogenaamde mishandeling of onwettige uitsetting van

wersers skuldig maak. Die aksies van die LPM het onder andere in die Utrecht distrik in KwaZulu-Natal reeds tot 'n magdom van klagtes en kriminele sake en teenklagtes tussen plaaslike boere en lede van die LPM aanleiding gegee. Die objektiwiteit en onpartydigheid van die plaaslike polisie is ook reeds deur die LPM in twyfel getrek. Waar absolute harmonie tussen alle partye noodsaaklik is om grondhervorming suksesvol te laat verloop, het bovermelde gebeure die teenoorgestelde reaksie tot gevolg. Hierdie wrywing tussen die LPM en die plaaseienaars word verder versterk deur opruiende uitsprake wat reeds op twee geleenthede deur die Menseregte Kommissie (MRK) as haatspraak geïdentifiseer is. Die nasionale organiseerde van die LPM, Mangeliso Khubeka is gedurende Maart 2004 deur die MRK opdrag gegee om verskoning aan te teken vir sy uitspraak van "Kill the Boer, Kill the Farmer" tydens die begrafnis van Peter Mokaba, 'n prominente lid van die ANC, gedurende Junie 2002 (Independent on Line, 15 Maart 2004). In April 2004 het die MRK weereens bevind dat Khubeka aan haatspraak skuldig is deurdat hy gesê het dat lede van die LPM nie tydens die algemene verkiesing sal stem nie, maar instede daarvan "(will) take farms and chase away white farmers like dogs" (News24, 6 April 2004).

Dit is te verstane dat uitsprake soos hierdie nie verwelkom word deur die boerdery-gemeenskap nie. Opruiende uitlatings soos "Kill a Boer, kill a Farmer" en "One Settler, One Bullet" dra by tot die verslegting van die veiligheidsituasie in die boerdery-gemeenskap. Uitlatings wat in openbare forums oor die eienaarskap van grond gemaak word en wye publisiteit in die elektroniese en gedrukte media geniet, word gesien as gunstig om 'n klimaat vir plaasaanvalle daar te stel. Voorvalle van aanhittings tot grondbesetting; uitlatings tot die effek dat al wat nodig is om grond te besit is om die plaaseienaars te verdryf; en voorvalle van intimidasie word ook as bydraende faktore tot plaasaanvalle gesien. 'n Gevoel bestaan verder dat die vyandiggesindheid van verskeie rolspelers jeens georganiseerde landbou ook tot 'n klimaat van geweld teen die boerdery-gemeenskap bydra (Visser 1998: 8).

In sekere oorde word die mening gehuldig dat die voorkoms van plaasaanvalle nou verwant is aan die pas van die vordering van die regering betreffende

grondhervorming. Volgens Moolman (2000: 71) het 'n skerp styging in plaasaanvalle tussen 1991 en 1993 voorgekom, maar geen styging tussen 1993 en 1994, die jaar van die verkiesing, nie. Vanaf April 1994 tot aan die einde van daardie jaar was daar geen vordering in die verwesentliking van die voorverkiesingsbeloftes oor die herverdeling van grond nie. Geen aanduiding is ook gegee van hoe lank dit sal neem om aan die beloftes wat gemaak is, uitvoering te gee nie. Naiëwe kiesers het onmiddellike vordering na die verkiesing verwag, maar instede daarvan het niks gebeur nie. As gevolg hiervan het plaasaanvalle van 1994 tot 1995 met 24 persent toegeneem. Vanweë die onvermoë van die regering om vordering te wys, het diegene wat bande met die voormalige rewolusionêre groeperinge gehad het teruggeval op hul taktiek tydens die 'vryheidstryd', naamlik dié van intimidasie en die terugneem van grond. Positiewe reaksie deur die regering in die praktiese implementering van die herverdeling van grond het volgens Moolman (2000: 72) bygedra tot skerp afnames in plaasaanvalle in 1996 en 1997. Aanduidings gedurende 1998 deur die regering dat probleme met die herverdeling van grond ondervind word en dat die proses langer sal neem as wat aanvanklik verwag is, word egter weer as 'n bydraende faktor tot die skerp styging in plaasaanvalle wat tydens 1998 ondervind is, gesien.

Dit is duidelik dat die kwessie van grondhervorming in Suid-Afrika nie uit die oog verloor moet word as 'n moontlike bydraende faktor tot die voorkoms van plaasaanvalle nie. Dit kom verder aan die lig dat ten spyte van die wetgewing wat reeds deur die regering aangeneem is om die grondhervormingsproses ordelik te laat verloop, dit reeds tot wrywing tussen diegene wat deur die wetgewing geraak word geleid het en dat die proses uit sekere oorde selfs as bydraend tot die stygings in plaasaanvalle gedurende die middel en laat 1990's bestempel word.

Soos reeds vroeër uitgewys blyk daar ook internasionaal 'n verband tussen politieke oorgang en 'n verhoging in misdaad te wees. Vanweë die feit dat plaasaanvalle in die vorm van geweldsmisdaad manifesteer, sal tendense in die voorkoms van misdaad en veral geweldsmisdaad in Suid-Afrika vervolgens van nader beskou word om te kan bepaal of daar 'n verband tussen bepaalde misdaadtendense en

plaasaanvalle is.

### **3. DIE VOORKOMS VAN GEWELDSMISDAAD IN SUID-AFRIKA**

In die ontleding van die voorkoms van misdaad, en in besonder geweldsmisdaad in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat die invloed van Suid-Afrika se politieke verlede op hierdie verskynsel nie uit die oog verloor word nie. Benewens 'n kort oorsig oor die voorkoms van misdaad in Suid-Afrika tydens die periodes voor en na 1994, sal daar ook gekyk word na wat die bydrae van politieke beleid en gebeure wat die politieke oorgang voorafgegaan het, tot die huidige misdaadsituasie mag wees.

#### **3.1 Die voor-1994 periode**

Politiek en die voorkoms van misdaad en veral geweldsmisdaad in Suid-Afrika, is nou aan mekaar verwant. In die periode wat 1994 voorafgegaan het is oortredings van apartheidswetgewing deur die destydse regering as 'n misdaad beskou. In teenstelling daarmee het diegene wat by die 'bevrydingstryd' betrokke was, gewelddadige verset as geregverdig gesien. Hierdie onstabiele situasie wat ontstaan het tussen die regering en diegene wat hul ondersteun het aan die een kant, en diegene wat hul opponeer het aan die ander kant, het 'n toenemende aantal Suid-Afrikaners aangespoor om vuurwapens te bekom en die gebruik van vuurwapens om persoonlike en familie dispute op te los, was aan die orde van die dag. Optrede wat duidelik in geweldsmisdaad gemanifesteer het, is deur oortreders gesien as wettige beskerming teen 'politieke' vyande. Die gevolg was 'n gemeenskap waarbinne die gebruik van geweld om persoonlike en politieke oogmerke te bereik endemies geword het (Shaw 1997: 9).

'n Aspek wat nou aan bovemelde verwant is, is die kwessie van vertroue wat tussen die gemeenskap en die instellings wat vir wet en orde verantwoordelik is bestaan het. Tydens die era voor 1994 was hulpbronne vir die handhawing van wet en orde hoofsaaklik gefokus op die bekamping van misdaad in die tradisionele 'wit' gebiede en het daar toe gelei dat 'n groot gedeelte van die bevolking derhalwe afgeskeep

gevoel het. Hierdie tendens het daar toe gelei dat daardie gedeelte van die bevolking, benewens hulle gevoelens jeens apartheid, nog verder verwijderd van die staatsinstellings wat vir wet en orde verantwoordelik was, geraak het. Respek vir die reg en gemeenskapsbetrokkenheid by die bekamping van misdaad is gevvolglik negatief hierdeur beïnvloed.

Die enigste vrylik beskikbare misdaadstatistiek vir die periode voor 1994 is gegrond op misdaad wat slegs in die sogenaamde ‘wit’ Suid-Afrika voorgekom het, en sluit derhalwe nie die statistiek vir die voormalige ‘onafhanklike’ state (Transkei, Ciskei, Bophuthatswana en Venda) en die voormalige selfregerende gebiede (KwaZulu, Lebowa, Kangwane, Gazankulu en Kwandebelo) in nie. Misdaadstatistiek met betrekking tot ‘n groot gedeelte van Suid-Afrika se bevolking is dus nie hierby ingesluit nie. Dit het ook daar toe gelei dat permutasies rakende die voorkoms van misdaad per honderd duisend van die bevolking nie werklik wetenskaplik gedoen kon word nie. Groot getalle mense het daagliks gewerk, of was die slagoffers van misdaad in gebiede waar hulle nie as deel van die bevolking vir misdaadstatistiek doeleindes gereken is nie. Die teenoorgestelde is ook waar, naamlik dat persone wat vanaf hierdie gebiede afkomstig was ook vir misdaad in die sogenaamde ‘wit’ gebiede verantwoordelik kon wees. Desondanks hierdie situasie kan dit egter nog steeds waardevol wees om die misdaadtendense in hierdie periode van nader te beskou.

In teenstelling met die algemene persepsie, het misdaad nie skielik na 1994 begin toeneem nie. Soos wat uit misdaadstatistiek vir 1992 en 1993 blyk het die aantal ernstige misdade wat by die destydse Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) aangemeld is gestyg van 1 755 738 sake in 1991 tot 1 852 223 sake in 1993, wat ‘n styging van meer as vyf persent oor die drie jare verteenwoordig. Nieteenstaande die gebreke verbonde aan die weergee van die voorkoms van misdaad per honderd duisend van die bevolking soos aangetoon, is dit insiggewend dat die voorkoms van ernstige misdaad vanaf 8 065 misdade per honderd duisend van die bevolking in 1987, tot 8 783 misdade per honderd duisend van die bevolking in 1993 gestyg het. Dit verteenwoordig ‘n styging van bykans nege persent, bevolkingsgroei inaggenome,

oor 'n tydperk van ses jaar (SAP 1992 & 1993).

Soos wat uit die onderstaande tabel blyk, het ernstige geweldsmisdaad 'n nog hoër toename oor die drie jare heen getoon. Dit blyk voorts dat moord sigself met meer as 48 persent gedurende die tydperk vanaf 1989 tot 1993 gestyg het.

**Tabel 1**

**VOORKOMS VAN GEWELDSMISDAAD : 1991 - 1993**

MISDAAD	1991	1992	1993	% VERSKIL 1991-1993
Moord	14693	16067	17467	18.9
Roof	68936	78677	87116	26.4
Aanranding	129626	136322	144662	11.6
Verkragting	22761	24360	27056	18.9
<b>TOTAAL</b>	<b>238007</b>	<b>257418</b>	<b>278294</b>	<b>16.9</b>

Bron: Jaarverslag van die Kommissaris van die SA Polisie 1992, 1993

In 'n moontlike verklaring vir hierdie stygings in misdaad, en veral ten opsigte van moord, is dit noodsaaklik om kennis te neem van die feit dat die voorkoms van politieke geweld, hoofsaaklik in gedeeltes van die voormalige KwaZulu en Natal en die Witwatersrand, tydens hierdie periode op sy felste was. Dit word verder beklemtoon deur die feit dat die sogenaamde politieke brandpunte en misdaadbrandpunte gedurende hierdie periode in breë trekke ooreengestem het. Hierdie tydperk is ook deur 'n skerp styging in die voorkoms van moord op lede van die polisie gekenmerk. Tydens 1991 en 1992 alleen is 385 polisielede vermoor wat meer is as die totaal van 346 vir die voorafgaande 18 jaar (1973 tot 1990). Dit moet ook nie uit die oog verloor word nie dat, soos reeds vroeër uitgewys, APLA-insurgente gedurende 1993 'n lae intensiteit oorlog teen burgelike teikens gevoer het wat aanvalle op afgeleë plase op die grens van die Noord-Oos Kaap en Oos-

Vrystaat ingesluit het. Dit is derhalwe duidelik dat aanvalle op plase ook reeds gedurende hierdie periode in die vorm van geweldsmisdaad gemanifesteer het.

Die onderliggende redes vir die hoë voorkoms van en stygings in geweldsmisdaad gedurende hierdie periode is deur die voormalige SAP as volg opgesom "(m)oord in Suid-Afrika moet nie net beoordeel word in die lig van die politieke mededinging en onverdraagsaamheid nie, maar ook in die lig van die maatskaplike verval, ekonomiese agteruitgang (waaronder werkloosheid) en die ongedisiplineerdheid van 'n sektor van die samelewing wat te midde van 'n kultuur van geweld en algemene misdagdigheid grootgeword het..." (SAP 1993). Dit kan aanvaar word dat van hierdie faktore steeds onderliggend aan die voorkoms van misdaad na 1994 is.

### **3.2 Periode na 1994**

In hierdie afdeling sal daar eerstens gefokus word op aspekte wat gedurende die periode na politieke oorgang 'n invloed op die voorkoms van misdaad kan hê, en tweedens op die werklike voorkoms van geweldsmisdaad gedurende die periode.

#### **3.2.1 Aspekte wat die voorkoms van misdaad kan beïnvloed**

Tydens die vorige era was Suid-Afrika tot 'n groot mate deur buurstate, wat ook die ANC en PAC ondersteun en herberg aan hul lede verleen het, ge-isoleer. Met die beëindiging van apartheid, is grensbeheer tussen Suid-Afrika en sy bure verslap wat nuwe moontlikhede vir georganiseerde misdaad geskep het. In Suid-Afrika blyk daar voorts ook 'n onversadigde aanvraag na onwettige goedere wat wissel van dwelms, vuurwapens en voertuie tot bedreigde spesies te wees. Multinasionale misdaadorganisasies het Suid-Afrika gevvolglik as 'n aantreklike teiken gesien waarheen hulle hul bedrywighede kon uitbrei (Shaw 1996b: 69). Dit is ook alom bekend dat die ekonomiese en maatskaplike toestande binne sekere van Suid-Afrika se buurstate soos Mosambiek en Zimbabwe uiter benard is en dat duisende nie oor die nodige lewensmiddele beskik om hulself te kan onderhou nie. Die verslapping van grensbeheer het dit derhalwe ook vir hulle makliker gemaak om Suid-Afrika

binne te kom en ‘n nuwe heenkome hier te vind. Vanweë Suid-Afrika se eie maatskaplike en ekonomiese relatieteite gebeur dit dikwels dat sodanige persone hulle tot misdaad moet wend om te kan oorleef. Dit gebeur dan ook dat waar misdaad aanvanklik uit nood gepleeg is, dit later as ‘n goeie geleentheid tot vinnige rykdom gesien word en daar as gevolg van gierigheid op ‘n uitgebreide grondslag daarmee voortgegaan word.

Dit is alom bekend dat die rewolusionêre veldtogte wat in Suid-Afrika en in sommige van die buurstate gevoer is, daartoe gelei het dat groot hoeveelhede vuurwapens met die beëindiging daarvan in onwettige besit verval het en onwettig hul weg vanuit die buurstate na Suid-Afrika gevind het. Benewens die gevalle waar individue enkele vuurwapens met hul saamgebring het en dit teen nominale bedrae verkoop het om te kan oorleef toe hulle ‘n beter heenkome in Suid-Afrika kom soek het, het misdaadsindikate ook op ‘n groot skaal vuurwapens Suid-Afrika onwettig binne gesmokkel. Die omvang van die beskikbaarheid van vuurwapens soos AK-47 gewere, Stechkin en Scorpion masjiempistole en Makarov en Tokarev pistole, wat normaalweg met rewolusionêre bewegings in verband gebring kan word, in Suid-Afrika, word onderstreep deur die feit dat op ‘n totaal van 7 198 van sodanige vuurwapens gedurende die periode vanaf 1994 tot 1998 alleen deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) op beslag gelê is (Chetty 2000: 43). Alhoewel van hierdie vuurwapens ook hul oorsprong by die rewolusionêre bewegings wat by die insurgensie in Suid-Afrika betrokke was kon hê, kan dit aanvaar word dat ‘n substantiewe aantal daarvan Suid-Afrika vanuit buurlande binnegekom het. Die situasie kon egter veel erger gewees het, as dit nie vir die inisiatiewe deur die Suid-Afrikaanse regering en van sy bure was om die vrye beskikbaarheid van vuurwapens aan bande te lê nie. Operasie Rachel byvoorbeeld, ‘n gesamentlike operasie tussen Suid-Afrika en Mosambiek, het reeds tot die vernietiging van meer as 34 000 vuurwapens, benewens ander items soos handgranate, demolisiemyne, springstof en ammunisie gedurende die periode vanaf 1995 tot 2003 gelei (SAPS 2002/2003). Benewens hierdie inisiatiewe is die beskikbaarheid van onwettige vuurwapens in Suid-Afrika steeds ‘n bron van kommer, indien dit in ag geneem word dat alleenlik gedurende die periode vanaf 1994 tot 1998 op bykans 85 000 onwettige vuurwapens

beslag gelê is (Chetty 2000: 42). Dat 'n groot persentasie van hierdie onwettige vuurwapens bestem is om in geweldsmisdaad aangewend te word is 'n realiteit, soos wat later in die hoofstuk sal blyk.

'n Verdere aspek wat nie uit die oog verloor moet word in die ontleding van die huidige misdaadsituasie in Suid-Afrika nie, is die mate waartoe die vertroue tussen die gemeenskap en die instellings wat vir wet en orde verantwoordelik is verbeter het. Met die oorgang na 'n demokrasie moes hierdie instellings hervorm word om die totale bevolking se belangte bevorder. Vanweë die feit dat die nuwe staatsbestel se fokus in hoofsaak op nasiebou, versoeniging, en die herskepping van die kriminele regstelsel gerig was, het die situasie ontstaan waar die bekamping van misdaad as sulks nie die nodige aandag kry het wat dit verdien nie. In hierdie verband het daar ook reeds 'n gevoel, geregverdig of nie, onder die boerdery-gemeenskap ontstaan dat die owerheid nie hul belangte op die hart dra nie.

In die beoordeling van die voorkoms van misdaad tydens die periode wat politieke oorgang voorafgegaan het en die periode daarna is dit noodsaaklik om ingedagte te hou dat sekere faktore 'n vergelyking tussen die twee tydperke tot 'n mate onmoontlik maak. Die gebrek aan vertroue tussen 'n groot gedeelte van die bevolking en die polisie tydens die vorige era het daartoe geleid dat misdade nie altyd gerедelik aan die polisie gerapporteer is nie, alhoewel probleme met vertroue steeds in bepaalde gevalle bly voortbestaan. Die moontlikheid bestaan dus dat toenames in misdaad sedert 1994 tot 'n mate kunsmatig kan wees. Verder kan spesifieke bewusmakingsaksies wat deur die regering geloods, veral met betrekking tot die rapportering van misdade gerig teen die persoon, ook tot verhoogde rapportering en gevolglike hoër misdaadstatistiek aanleiding gee.

### **3.2.2 Voorkoms van geweldsmisdaad tydens die periode na politieke oorgang**

Soos wat uit statistiek van die SAPD met betrekking tot ernstige geweldsmisdaad wat gedurende die periode vanaf 1994 tot 2003 aangemeld is blyk, het die stygings wat gedurende die periode voor 1994 voorgekom het, bly voortduur. In Tabel 2 word

statistiek vir 1994, 1999 en 2003 weergegee ten einde te kan bepaal of daar enigsins 'n tendens waarneembaar is in die stygings wat ondervind is in die vyf jaar direk na 1994 en die daaropvolgende vyf jaar.

**Tabel 2**

**VOORKOMS VAN GEWELDSMISDAAD : 1994 - 2003**

MISDAAD	1994	1999	2003	% VERSKIL 1994-1999	% VERSKIL 1999-2003	% VERSKIL 1994 -2003
<b>Moord</b>	26832	23823	20456	-11.2	-14.1	-23.8
<b>Poging tot moord</b>	27300	28662	32261	5	12.6	18.2
<b>Roof</b>	117323	168976	234338	44	38.7	99.7
<b>Ernstige aanranding</b>	210250	256434	267166	22	4.2	27.1
<b>Verkragting</b>	43216	51738	52536	19.7	1.5	21.6
<b>TOTAAL</b>	<b>426915</b>	<b>531632</b>	<b>608760</b>	<b>24.5</b>	<b>14.5</b>	<b>42.6</b>

Bron: Misdaadinligtinganalisesentrum, SA Polisiediens, 23 Julie 2004

Uit die vergelyking blyk dit dat alhoewel stygings oor beide periodes heen voorgekom het, dit na 1999 begin afplat het. 'n Tendens wat opvallend is, is die duidelike afname in moord wat tydens beide dié periodes voorgekom het. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die afname in die voorkoms van polities-geïnspireerde geweld in veral KwaZulu-Natal en Gauteng, waar dalings van 35 en 30 persent onderskeidelik voorgekom het. Indien daar na die algemene voorkoms van misdaad per honderd duisend van die bevolking gekyk word, is die toename in misdaad tussen 1994 en 2003 nie heeltemal so skerp as wat deur die rou statistiek van die aangemelde misdaad weergegee word nie (SAPS 2002/2003). Op hierdie wyse bereken het moord met 29 persent afgeneem, verkragting gestabiliseer, terwyl ernstige aanranding met vyf persent en poging tot moord met 13 persent toegeneem

het. Die enigste geweldsmisdaad wat steeds ‘n beduidende styging toon is roof, met ‘n toename van 65 persent. Roof is die misdaad wat ook tydens die tydperk voor 1994 die grootste styging getoon het. Volgens die beskikbare statistiek is die meeste van die eiendomsmisdade soos diefstal en inbrake besig om of te stabiliseer of af te neem. Versigtigheid moet egter aan die dag gelê betreffende persentasie dalings per 100 000 van die bevolking. Dit kan uiters misleidend wees aangesien misdaad op onaanvaarbare hoë vlakke kan stabiliseer terwyl suksesse in die oplos van misdaad deurlopende afnames toon.

Volgens aanduidings blyk dit dat geweldsmisdade soos moord, poging tot moord en misdade wat verband hou met die sosiale waardes van die gemeenskap soos verkragting en aanranding meer geredelik voorkom in:

- gebiede wat ‘n hoë en versnelde vlak van verstedeliking ondervind met gepaardgaande maatskaplike probleme soos stedelike werkloosheid, informele nedersettings wat moeilik is om te polisieer, hoë vlakke van relatiewe ontneming, die vervanging van landelike ondersteuning- en waardesisteme deur groepsdruk (soos die verskynsel van bendes); en
- in landelike gebiede wat histories geassosieer word met die misbruik van alkohol. Die verband tussen die misbruik van alkohol enveral misdade soos moord, aanranding en verkragting is opmerklik indien dit in ag geneem word dat hierdie misdade hul hoogste vlakke bereik tydens Desember en April wat met feestelikhede vereenselwig word.

In die geval van poging tot moord blyk dit dat dit hoofsaaklik voorkom in die gebiede wat deur hoë vlakke van faksiegeweld gekenmerk word soos in KwaZulu-Natal, of waar bendegeweld vrylik voorkom soos in die Wes-Kaap. Die voorkoms van poging tot moord is ook hoog in die gebiede wat gebuk gaan onder hoë vlakke van gewapende roof soos Gauteng. Die hoë vlakke van poging tot moord kan ook toegeskryf word aan die feit dat meeste van die misdade met vuurwapens gepleeg word, terwyl aanranding hoofsaaklik met fisiese geweld of die aanwending van wapens soos messe gepaard gaan (SAPS 1/99).

Soos wat misdaad egter toeneem is die publiek ook geneig om meer gesofistikeerde maatreëls ter beveiliging van hul eiendom te tref. Inbraak het in gewapende rowe by wonings in die teenwoordigheid van die bewoners daarvan ontaard, en die diefstal van motorvoertuie in kapings. Die betrokkenheid van vuurwapens in misdaad het derhalwe ook proporsioneel toegeneem wat die ernstigheidsgraad van die geweld wat aangewend word, dus ook verhoog. Gedurende 1998 byvoorbeeld, is ongeveer 50 persent van alle moorde, 75 persent van alle pogings tot moord en 85 persent van alle rowe, met vuurwapens gepleeg (Chetty 2000: 20, 26 - 27).

Dit word verder beweer dat individue toenemend hul vertroue in die wetstoepassingstrukture verloor as gevolg van vrees vir misdaad en gevoelens van onveiligheid. Dit veroorsaak dat parallelle strukture in bepaalde gevalle daargestel word wat tot die verskynsel van vigilantisme aanleiding gee. Honderde sake van aanranding, poging tot moord, kwaadwillige saakbeskadiging, brandstigting en selfs enkele moorde, word jaarliks aangemeld wat met die verskynsel verband hou. Wanneer iemand deur hierdie groepe ‘gearresteer’ word, is hy volgens hulle alreeds skuldig en word so ‘n persoon normaalweg ernstig aangerand, wat soms ook tot die dood van die persoon lei. Die situasie ontstaan dus dat een misdaad tot ‘n verdere misdaad of misdade aanleiding gee en sodoende ‘n verhogende effek op die vlakke van misdaad meebring (SAPS 2002/2003).

Dit is duidelik dat buitengewone stygings in misdaad in Suid-Afrika reeds ervaar is tydens die tydperk wat die politieke oorgang in die land onmiddellik voorafgegaan het, asook in die tien jaar wat daarop gevolg het. Dit blyk ook dat alhoewel die voorkoms van eiendomsmisdaad volgens alle aanduidings besig is om af te plat, relatiewe skerp stygings steeds met betrekking tot bepaalde tipes van geweldsmisdaad soos roof en poging tot moord ervaar word. Gesien in die lig daarvan dat plaasaanvalle slegs in die vorm van geweldsmisdaad manifesteer kan die toename in geweldsmisdaad moontlik ook ‘n effek op die voorkoms van plaasaanvalle hê.

#### 4. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk dit dat 'n groot gedeelte van die bevolking met Uniewording hul reg ontneem is om deel van die politieke proses in Suid-Afrika te wees. Met die latere inwerkingtreding van apartheidswetgewing is 'n groot gedeelte van die bevolking ook op 'n rassegrondslag van hul grond ontneem en het gedwonge verskuiwings ook voorgekom. Voortspruitend hieruit het eise vir die regverdigte verdeling van grond en gelyke grondregte reeds met die ontstaan van die organisasies soos die ANC en PAC, deel van hul agenda geword. Gewelddadige aanvalle op plase en ander burgerlike teikens ter verwesenliking van die rewolusionêre organisasies se politieke doelstellings het in die tydperk vanaf 1985 tot 1993 voorgekom. Dit laat die weg oop vir argumente dat indien sodanige aanvalle voor 1994 met 'n politieke motief gepleeg kon word, dit na 1994 weer kan gebeur.

Uit 'n ontleding van die wetgewing wat reeds met betrekking tot grondhervorming gepromulgeer is, kom dit aan die lig dat die regering daarmee poog om die grondhervormingsproses in Suid-Afrika so ordelik as moontlik te laat verloop deur die belang van beide diegene wat in die verlede hul grond verloor het, sowel as dié van grondeienaars in ag te neem. Dit is ook duidelik dat desnieteenstaande die regering se pogings om grondhervorming so vreedsaam as moontlik te laat verloop, daar reeds wrywing tussen grondeienaars en diegene wat op grond aanspraak maak, ontstaan het. Haatspraak uit die oord van organisasies soos die LPM dra ook geensins by om die verhouding tussen die landbougemeenskap en diegene wat op grond aanspraak maak, te verbeter nie.

Stygings in ernstige misdaad en veral geweldsmisdaad, het reeds voor die politieke oorgang in 1994 merkbare stygings getoon. Soos wat in ander state tydens politieke oorgang ervaar is, is die tydperk na politieke oorgang in Suid-Afrika ook deur verhogings in misdaad gekenmerk. Hierdie tendens kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan die kultuur van geweld wat veral gedurende die 1980's ontstaan het en waar respek vir die lewe en eiendom van andere gekwyn het. Dit is ook duidelik dat

soos wat selfbeskerming en die beskerming van eiendom toegeneem het, misdadigers meer gewelddadige metodes aanwend. In hierdie verband dra die geredelike beskikbaarheid van vuurwapens ook by tot die abnormale hoë gebruik van vuurwapens in misdaad. Waar daar tot op die hede in hoofsaak gekonsentreer is op die bepaling van tendense rondom die voorkoms van misdaad wat moontlik bydraend tot die voorkoms van plaasaanvalle mag wees, word daar in die volgende hoofstuk spesifiek op die aard en omvang van plaasaanvalle gefokus.

## HOOFSTUK 3

### DIE VOORKOMS EN OMVANG VAN PLAASAANVALLE IN SUID-AFRIKA

In hierdie hoofstuk sal die term ‘plaasaanval’ eerstens omskryf en ontleed word. Vervolgens sal die kwessie van die integriteit van die statistiek rondom die omvang van plaasaanvalle ook aangeraak word. Laastens sal gefokus word op die aard en omvang van plaasaanvalle sedert 1997. Die jaar 1997 word as vertrekpunt gebruik aangesien amptelike statistiek met betrekking tot plaasaanvalle eers vanaf dié jaar beskikbaar is. Aspekte soos die geografiese verspreiding, slagoffers, tipes misdade gepleeg asook die *modus operandi* wat deur aanvallers gevolg is, sal ondersoek word. ‘n Ontleding van bovermelde aspekte kan bydra om ‘n meer omvattende begrip van die voorkoms van plaasaanvalle te verkry en te kan bepaal of sodanige aanvalle as ‘n spesifieke tipe bedreiging vir veiligheid gesien moet word.

#### 1. OMSKRYWING VAN PLAASAANVALLE

Soos wat uit die volgende omskrywing van plaasaanvalle soos vervat in ‘n SAPD-verslag (SAPS 2/98) blyk, sluit plaasaanvalle nie alle geweldsmisdaad op plase en kleinhoewes in nie. Volgens dié omskrywing behels plaasaanvalle alle dade wat teen die bewoners van, werkers op of besoekers aan plase en kleinhoewes gerig is met die opset om te moor, verkrag, roof of ernstige liggaamlike geweld aan te doen. (Gevalle wat egter met alledaagse huishoudelike geweld of dronkenskap verband hou, of wat uit normale sosiale interaksie tussen mense voortspruit en waar die slagoffers en oortreders dikwels aan mekaar bekend is, word in die omskrywing van plaasaanvalle uitgesluit). Dade wat daarop gerig is om boerderyaktiwiteite as ‘n kommersiële bedryf te ontwrig, het sy as gevolg van motiewe verwant aan politieke ideologieë, arbeidsonrus, grondkwessies, weerwraak, grieve of rassistiese redes, word ook as plaasaanvalle beskou.

Uit bestaande omskrywing van plaasaanvalle wat deur al die betrokke partye, insluitende die georganiseerde landbou, aanvaar is en gebruik word, blyk dit dat die

hoofkriteria vir 'n voorval om as 'n plaasaanval geklassifiseer te word, is dat dit teen die persoon van iemand wat hom op 'n plaas of kleinhoewe bevind gerig moet wees of daarop gerig moet wees om die boerdery-aktiwiteite te ontwrig. 'n Verdere belangrike aspek wat uit die omskrywing voortspruit is dat plaasaanvalle nie net tot kommersiële plase beperk is nie, maar alle plase en kleinhoewes insluit. Hierdie kontroversiële aspek sal ook later in die hoofstuk verdere aandag geniet. Uit die omskrywing van plaasaanvalle blyk dit dat die voorkoms daarvan wel 'n duidelike invloed op individuele en selfs nasionale veiligheid kan hê.

## **2. INTEGRITEIT VAN STATISTIEK MET BETREKKING TOT PLAASAANVALLE**

Alvorens die verskynsel van plaasaanvalle van nader beskou word, is dit noodsaklik om 'n beter begrip te verkry van die oorsprong van die statistiek daaroor. Vanweë verskeie redes is dit problematies om statistiek wat heeltemal bo verdenking staan, met betrekking tot plaasaanvalle te genereer. Eerstens is 'n plaasaanval as sulks nie 'n misdaad nie, maar 'n spesifieke misdaadtendens wat in 'n verskeidenheid van misdade soos moord, roof en verkragting kan manifesteer. 'n Verdere probleem is dat die misdaaddatabasisse van die polisie gewoonlik nie ontwikkel of ontwerp is om wetenskaplike meerveranderlike ontledings te doen nie. Gevolglik is nie genoeg voorsiening gemaak vir die opneem van meer gedetaileerde inligting met betrekking tot spesifieke misdade of misdaadverskynsels nie. Daar kan byvoorbeeld nie 'n onderskeid gemaak word tussen 'n moord wat as gevolg van 'n liefdesdriehoek gepleeg is of 'n moord op 'n plaas nie (De Kock 1999: 50). Die misdaaddatabasisse van die polisie het ook nie ten tye van die aanvang van die monitering van plaasaanvalle voorsiening gemaak vir die beroep van die slagoffer of die tipe perseel waar die misdaad plaasgevind het nie.

Uit die aard van bovermelde kan statistiek met betrekking tot misdaadtendense soos plaasaanvalle, gevvolglik nie van die polisie se amptelike misdaaddatabase, die Misdaadadministrasiestelsel (MAS) bekom word nie. Derhalwe is versoek aan polisie-eenhede op die laer vlakke gerig om voorvalle van plaasaanvalle, soos ook in die geval van aanvalle op lede van die polisie en ontsnappings uit

polisiebewaring, op vraelyste wat spesiaal vir die doel ontwerp is aan die Misdaadinligtinganalisesentrum (MIAS) van die polisie op nasionale vlak te rapporteer. Na ontvangs van die vraelyste word die inligting soos in die vraelyste vervat deur 'n komitee bestaande uit belanghebbendes vanuit die polisie, weermag en georganiseerde landbou wat spesiaal vir die doel in die lewe geroep is, geverifieer om te verseker dat alle gerapporteerde voorvalle wel binne die riglyne van die definisie van plaasaanvalle val. Hierna word die inligting op 'n *ad hoc* databasis aangeteken waaruit statistiek met betrekking tot plaasaanvalle gegenereer word. 'n Probleem met betrekking tot die daarstelling van statistiek op hierdie wyse is dat daar absoluut op die samewerking van persone op laer vlakke van polisiëring staatgemaak word. Volgens Louw (1998: 11) bestaan daar huis 'n gebrek aan 'n inligtingskultuur op laer vlakke in die polisie wat onderliggend is aan die vele probleme wat rondom die geldigheid van misdaadstatistiek ondervind word. As gevolg van 'n gebrek aan kennis van die werklike voordele wat korrekte misdaadstatistiek inhoud, word min aandag gegee aan die kwaliteit van die inligting wat op die misdaadstelsels ingevoer of andersins beskikbaar gestel word, wat gevvolglik ook die integriteit van die misdaadstatistiek dienooreenkomsdig negatief affekteer.

Bovermelde probleme kan dus daartoe lei dat die beschikbare statistiek nie werkelik die ware beeld met betrekking tot die voorkoms van plaasaanvalle reflekter nie en dat die voorkoms selfs hoër kan wees. Onvolledige of foutiewe inligting kan ook tot die teenoorgestelde lei, deurdat insidente wat nie werkelik plaasaanvalle is nie as sodanig beskou word. Weens 'n gebrek aan alternatiewe bronne van statistiek in hierdie verband sal die SAPD-statistiek, wat ook deur die georganiseerde landbou en ander betrokke partye aanvaar en aangewend word, gebruik word in die ontleiding van die voorkoms van plaasaanvalle en ander verwante tendense.

### **3. VOORKOMS EN GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN PLAASAANVALLE**

In die ontleidings wat volg met betrekking tot die voorkoms en verspreiding van plaasaanvalle, slagoffers van, en persone verantwoordelik vir sodanige aanvalle en *modus operandi* deur aanvallers gevolg, sal (indien nie anders vermeld) gesteun

word op inligting soos bekom uit verslae van die Misdaadinligtinganalisesentrum van die SAPD wat oor die verskynsel tussen 1997 en 2002 handel. Die jaar 1997 sal in die ontleding as basis gebruik word aangesien dit die jaar is waartydens die SAPD begin het om die verskynsel van plaasaanvalle te moniteer en derhalwe die eerste jaar is waarvoor omvattende inligting beskikbaar is. Aangesien geen detail inligting vir 2003, benewens die aantal voorvalle en moorde aangemeld, beskikbaar is nie sal 2002 waarvoor meer omvattende inligting wel beskikbaar is aangewend word om vergelykings mee te tref om 'n beter perspektief oor plaasaanvalle te kan verkry, en te kan bepaal of daar enige waarneembare verskuiwing in tendense oor die jare heen is.

Soos wat uit die onderstaande tabel blyk het 'n totaal van 5 717 plaasaanvalle tydens die tydperk vanaf 1997 tot 2003 in Suid-Afrika voorgekom. Die aantal voorvalle soos deur die SAPD op hul databasis aangeteken, het vanaf 433 voorvalle gedurende 1997 jaarlikse stygings getoon tot 'n rekord aantal van 1 011 voorvalle gedurende 2001, waarna dit geleidelik begin afplat het tot 783 voorvalle gedurende 2003.

**Tabel 1****AANTAL INSIDENTE VAN PLAASAANVALLE: 1997 TOT 2003**

PROVINSIE	1997	1998	1999	2000	2001	2002	2003	TOTAAL
Gauteng	33	182	227	272	278	261	180	1433
Mpumalanga	101	110	147	170	277	276	213	1294
KwaZulu-Natal	107	164	155	162	120	133	105	946
Noordwes	48	60	68	81	117	98	76	548
Oos-Kaap	44	93	70	74	73	43	43	440
Limpopo	36	41	53	52	52	68	60	362
Vrystaat	51	63	53	40	32	38	56	333
Wes-Kaap	6	44	29	39	47	75	43	283
Noord-Kaap	7	12	11	16	15	10	7	78
<b>TOTAAL</b>	<b>433</b>	<b>769</b>	<b>813</b>	<b>906</b>	<b>1011</b>	<b>1002</b>	<b>783</b>	<b>5717</b>

Bron: Misdaadinligtinganalisesentrum, SA Polisiediens, 17 Oktober 2004

Dit blyk voorts uit die tabel dat alhoewel plaasaanvalle met wisselende getalle in al die provinsies voorgekom het, die drie provinsies wat die meeste aanvalle ervaar het Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal was. Die Noord-Kaap en die Wes-Kaap (veral in die vroeëre jare) blyk die provinsies te wees waar die minste aanvalle voorgekom het. Wat egter opmerklik is, is dat daar sedert 1997 'n egalige verspreiding van aanvalle oor al die maande heen is en dat geen maand uitgesonder kan word waartydens slagoffers meer kwesbaar vir plaasaanvalle geag kan word nie. Soos wat uit Tabel 2 met betrekking tot die tien polisie areas (uit 'n totaal van 43) waar die meeste aanvalle gedurende 2002 en 2003 voorgekom het blyk, is dieselfde patroon ten opsigte van nege van die areas oor die twee jare heen waarneembaar. Die enigste uitsonderings is die Boland (2002) en die Oos-Vrystaat (2003) wat gedurende die vermelde jare ook onder die boonste tien areas geresorteer het.

**Tabel 2****TIEN POLISIE AREAS MET HOOGSTE VOORKOMS VAN AANVALLE**

		<b>2002</b>			<b>2003</b>		
<b>AREA</b>	<b>PROVINSIE</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>AREA</b>	<b>PROVINSIE</b>	<b>TOTAAL</b>		
Pretoria	Gauteng	151	Pretoria	Gauteng	109		
Hoëveld	Mpumalanga	75	Middelande	KwaZulu-Natal	55		
Oostelike Hoëveld	Mpumalanga	96	Laeveld	Mpumalanga	49		
Laeveld	Mpumalanga	106	Oostelike Hoëveld	Mpumalanga	48		
Marico	Noordwes	66	Hoëveld	Mpumalanga	41		
Vaalrand	Gauteng	54	Marico	Noordwes	34		
Middelande	KwaZulu-Natal	39	Vaalrand	Gauteng	29		
Boland	Wes-Kaap	28	Wesrand	Gauteng	29		
Wesrand	Gauteng	58	Moorivier	Noordwes	26		
Moorivier	Noordwes	45	Oos-Vrystaat	Vrystaat	26		

Bron: Misdaadinligtinganalisesentrum, SA Polisiediens, 17 Oktober 2004

Dit kom voorts aan die lig dat al drie die polisie areas in Mpumalanga; drie areas in

Gauteng; twee areas in die Noordwes provinsie; en die Middelande in KwaZulu-Natal oor die twee jare heen die ergste deur aanvalle geteister is. Wat verder insiggewend is, is dat waar 72 persent van die aanvalle gedurende 2002 in die boonste tien polisie areas voorgekom het, slegs 57 persent gedurende 2003 daar voorgekom het. Dit blyk dus dat die konsentrasie van aanvalle in spesifieke areas gedurende 2003 nie so hoog was as wat die geval gedurende 2002 was nie.

Soos wat uit Tabel 3 blyk, is 'n totaal van 862 persone sedert 1997 op plase en kleinhoewes vermoor. Net soos in die geval van plaasaanvalle, het die meeste plaasmoorde ook in KwaZulu-Natal, Gauteng en Mpumalanga (nie noodwendig in dieselfde volgorde nie) voorgekom. Daar blyk dus 'n duidelike korrelasie tussen die aantal moorde en aantal aanvalle te wees, deurdat die meeste moorde soos in die geval van die aanvalle, ook in 2001 voorgekom het en die minste gedurende 1997.

**Tabel 3**

**AANTAL PLAASMOORDE: 1997 TOT 2003**

PROVINSIE	1997	1998	1999	2000	2001	2002	2003	TOTAAL
KwaZulu-Natal	24	42	38	35	25	23	23	210
Gauteng	9	30	36	47	31	26	19	198
Mpumalanga	11	19	20	16	27	21	11	125
Noordwes	9	9	15	14	21	8	10	86
Oos-Kaap	9	7	11	9	17	6	3	62
Wes-Kaap	1	13	10	5	13	13	3	58
Vrystaat	12	9	3	9	5	5	10	53
Limpopo	9	7	9	6	4	11	6	52
Noord-Kaap	0	6	2	3	4	2	1	18
TOTAAL	84	142	144	144	147	115	86	862

Bron: Misdaadinligtinganalisesentrum, SA Polisiediens, 17 Oktober 2004

Indien die aantal aanvalle sedert 1997 in die hele land met die aantal moorde gedurende dieselfde periode vergelyk word, blyk dit dat daar gemiddeld een persoon op plase of kleinhoewes vermoor word vir elke 6.6 plaasaanvalle wat plaasvind. Die aanname kan gemaak word dat die plaasaanvalle in die Noord-Kaap en KwaZulu-Natal meer geweldig is as in die res van die land deurdat een persoon vir elke 4.3 en 4.5 aanvalle onderskeidelik oor die tydperk vermoor is. Alhoewel relatiewe hoë aantal moorde in Gauteng en Mpumalanga voorgekom het, blyk plaasaanvalle in die twee provinsies die minste gewelddadig te wees met een persoon gedood vir elke 10.4 en 7.2 voorvalle onderskeidelik.

Soos reeds vroeër uitgewys sluit die statistiek aanvalle op beide plase en kleinhoewes in. Vervolgens sal 'n ontleiding van die verspreiding van aanvalle tussen plase en kleinhoewes in die verskillende provinsies gemaak word. Uit die onderstaande tabel kom dit aan die lig dat die meerderheid aanvalle (651 of 65 persent) gedurende 2002 op plase voorgekom het (spesifieke inligting vir 2003 nog nie beskikbaar nie). Gedurende 1997 het 77.1 persent van alle aanvalle egter op plase voorgekom. Hierdie tendensverskuiwing kan grootliks toegeskryf word aan die geweldige toename in aanvalle in Gauteng (690.9 persent) tussen 1997 en 2002, waar die meerderheid van die aanvalle kleinhoewes geteken het. Kleinhoewes was byvoorbeeld gedurende 2002 in 230 (88.1 persent) van die aanvalle in Gauteng die teiken. In die Noordwes provinsie het 'n hoë persentasie van die aanvalle (41.8 persent) ook op kleinhoewes plaasgevind. Waar die meerderheid van aanvalle in al die polisie areas van Gauteng op kleinhoewes plaasgevind het, het die oorgrote meerderheid aanvalle in die Marico area in Noordwes, veral in die gebied rondom Brits, ook op kleinhoewes voorgekom.

**Tabel 4****STATUS VAN PERSEL: 2002**

PROVINSIE	PLAAS	KLEINHOEWE	TOTAAL
KwaZulu-Natal	123	10	133
Gauteng	31	230	261
Mpumalanga	233	43	276
Oos-Kaap	34	9	43
Noordwes	57	41	98
Vrystaat	34	4	38
Wes-Kaap	71	4	75
Limpopo	61	7	68
Noord-Kaap	7	3	10
<b>TOTAAL</b>	<b>651</b>	<b>351</b>	<b>1002</b>

Bron: "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

Kritiek is reeds uit verskeie oorde uitgespreek betreffende die gebruik om aanvalle op plase en kleinhoewes saam te voeg in statistiek oor plaasaanvalle. Die hoofrede vir die kritiek is gegrond op die feit dat vele persone slegs op kleinhoewes woon en nie as sulks 'n bestaan uit landbou maak nie. Dit is egter soms moeilik om definitief te kan bepaal of die slagoffers wel in georganiseerde landbou betrokke is. Vanweë die feit dat statistiek egter van die begin van die byhou van die databasis alle aanvalle op plase en kleinhoewes wat binne die raamwerk van die definisie van plaasaanvalle val ingesluit het, sal 'n verandering aan die kriteria nie vergelykings met vroeëre periodes kan akkommodeer nie. 'n Aspek wat ook nie uit die oog verloor moet word nie, is dat 'n hoender- of eieronderneming op 'n kleinhoewe van byvoorbeeld vier hektaar 'n groter jaarlikse omset as 'n mielieplaas van 600 hektaar kan hê .

#### 4. SLAGOFFERS VAN PLAASAANVALLE

Die persepsie bestaan onder sekere groepe dat die belangrikste rede waarom plaasaanvalle sulke groot prominensie geniet, te wyte is aan die feit dat dit

hoofsaaklik blankes is wat daardeur geraak word en dat daar geen verskil tussen plaasaanvalle en geweldsmisdaad is wat elders voorkom nie. Dit is derhalwe noodsaaklik om 'n beter begrip van die slagoffers te bekom ten einde instaat te kan wees om die verskynsel van plaasaanvalle beter te kan verklaar. Soos reeds vroëer aangetoon, sal vergelykings in die bepaling van tendense geskoei wees op inligting met betrekking tot 1997 en 2002 as gevolg van 'n gebrek aan meer omvattende inligting oor plaasaanvalle vir 2003.

#### **4.1 Ras en geslag van slagoffers**

Gedurende 1997 was 'n totaal van 564 slagoffers betrokke in die 433 aanvalle wat voorgekom het. Die meerderheid van die slagoffers was blankes (435 of 77.1 persent), gevvolg deur 115 swartes (20.4 persent), agt Indiërs (1.4 persent) en ses Kleurlinge (1.1 persent). Wat die geslag van die slagoffers betref was 341 (60.5 persent) manlik en 223 (39.5 persent) vroulik. Uit die 1 181 slagoffers wat in die 1 002 voorvalle gedurende 2002 betrokke was, was 726 (61.5 persent) blankes, 401 (34.0 persent) swartes, 29 (2.5 persent) Indiërs en 25 (2.1 persent) Kleurlinge. Net soos die geval tydens 1997 was die meeste van die slagoffers ook manlik (775 of 65.6 persent) met 406 (34.4 persent) vroulik (SAPS 3/98).

Uit bostaande is dit duidelik dat alhoewel blankes steeds die meerderheid van slagoffers gedurende 2002 gevorm het, het 'n skerp styging in die aantal swartes wat die slagoffers van plaasaanvalle geword het, voorgekom. Hierdie tendens hou moontlik verband met die toename in swart boere, asook die feit dat swart plaaswerkers toenemend deur aanvallers geteiken word om onder dwang hulle behulpsaam te wees om toegang tot die wonings van hulle blanke werkgewers, hetsy in hulle afwesigheid of wanneer hulle binne hul wonings is, te verkry.

#### **4.2 Ouderdom van slagoffers**

Uit onderstaande ontleding van die ouderdom van die slagoffers ten opsigte van wie die ouderdom uit die gerapporteerde inligting vasgestel kon word, kom dit aan

die lig dat die enkel grootste kategorie van slagoffers gedurende 1997 binne die ouderdomsgroep van 60 tot 69 jaar (21.8 persent) geval het, terwyl slagoffers tussen die ouderdom van 40 tot 49 jaar (17.7 persent) die meeste geteiken is gedurende 2002.

Net soos met die geval van vroue word ouer persone ook as makliker teikens deur die aanvallers beskou en dra dit by tot die hoë persentasie slagoffers in hierdie ouderdomsgroepe. Wat egter opmerklik is, is dat waar bykans 60 persent van die slagoffers gedurende 1997 bo die ouderdom van 50 jaar was, het dit gedurende 2002 tot 47 persent gedaal. Hierdie tendens kan in 'n mate toegeskryf word aan die feit dat van die ouer persone woonagtig op plase dit onveilig ag en die plase verlaat het wat gevvolglik die teenwoordigheid van ouer persone op plase verlaag het.

**Tabel 5**  
**OUDERDOM VAN SLAGOFFERS**

OUDERDOM	1997		2002	
	AANTAL	%	AANTAL	%
0 - 9	4	0.7	3	0.4
10 - 19	15	2.7	27	3.7
20 - 29	48	8.7	95	13.1
30 - 39	69	12.5	126	17.4
40 - 49	88	16	128	17.7
50 - 59	104	18.9	122	16.9
60 - 69	120	21.8	124	17.2
70 - 79	76	13.8	73	10.1
80 - 89	23	4.2	24	3.3
90 - 99	4	0.7	1	0.1

Bron: "The Incidence of Serious Crime Between 1 January and 30 June 1998: Quarterly Report 3/98", SA Polisiediens en "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

#### 4.3 Status van slagoffers

Wat die status van slagoffers van plaasaanvalle betref, blyk dit uit Tabel 6 dat in

2002 die meerderheid van die 1 181 slagoffers die eienaars (ingesluit huurders en bestuurders) van die grond of hul familielede was (781 slagoffers of 66.2 persent), gevvolg deur werkers of hul familielede met 374 slagoffers (31.7 persent). In die Noord-Kaap was al die slagoffers die eienaars van die betrokke persele of hul familie. In Mpumalanga daarenteen was 41.1 persent van die slagoffers werkers of familie van werkers op die persele. Laasgenoemde tendens kan toegeskryf word aan 'n toename in voorvalle waar persele geteiken word in die afwesigheid van die eienaars en waar die werkers binne die wonings van die eienaars oorval word of met geweld gedwing word om toegang tot die wonings te verleen.

**Tabel 6****STATUS VAN SLAGOFFERS: 2002**

PROVINSIE	EIENAAR/FAMILIE*	WERKER/FAMILIE	BESOEKER	TOTAAL
KwaZulu-Natal	113	40	1	154
Gauteng	223	81	7	311
Mpumalanga	175	130	11	316
Oos-Kaap	36	20	2	58
Noordwes	72	44	0	116
Vrystaat	29	14	2	45
Wes-Kaap	63	21	2	86
Limpopo	59	24	1	84
Noord-Kaap	11	0	0	11
<b>TOTAAL</b>	<b>781</b>	<b>374</b>	<b>26</b>	<b>1181</b>

Bron: "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

#### 4.4 Ongevalle deur slagoffers gely

Soos reeds vroëer uitgewys is 84 (14.9 persent) van die 564 slagoffers gedurende 1997 vermoor. Hierbenewens het 'n verdere 135 slagoffers (23.9 persent) ernstige beserings tydens die aanvalle opgedoen. Gedurende 2002 is 147 (12.4 persent) van die 1 181 slagoffers vermoor en 'n verdere 425 slagoffers (36.0 persent)

ernstig beseer. Hoewel ‘n marginale afname in die persentasie slagoffers wat gedood is bespeur word indien 2002 met 1997 vergelyk word, blyk dit dat 48.4 persent en 38.8 persent van die slagoffers onderskeidelik gedurende die twee jare ernstige liggaamlike leed tydens die aanvalle aangedoen is. Hierdie tendens is ‘n aanduiding van die hoë vlakke van geweld wat met plaasaanvalle gepaard gaan.

Uit bostaande is dit duidelik dat die persepsies wat bestaan dat plaasaanvalle slegs hoë prominensie geniet vanweë die feit dat dit net blankes is wat daardeur geraak word, totaal ongegrond is. Dit blyk dat werkers in ‘n toenemende mate deur aanvallers geteiken word om toegang tot wonings op plase en kleinhoewes te vergemaklik. Alhoewel ‘n afname in 2002 in vergeleke met 1997 voorgekom het, is ongeveer 50 persent van die slagoffers steeds ouer as 50 jaar. Dit wil dus blyk asof ouer persone en vrouens tot ‘n groot mate deur aanvallers geteiken word vanweë die feit dat hulle as sage teikens beskou word. Alhoewel die vlakke van geweldsmisdaad oor die algemeen in Suid-Afrika hoog is, wil dit egter voorkom of die vlakke van die aanwending van geweld in plaasaanvalle uiters hoog is.

## 5. ***MODUS OPERANDI DEUR AANVALLERS GEVOLG***

In hierdie afdeling sal gefokus word op die tye wanneer; die plekke waar plaasaanvalle plaasvind; wyses waarop die slagoffers oorval word; die misdade wat tydens die aanvalle gepleeg word; asook van die belangrikste items wat tydens voorvalle waar die slagoffers beroof is, geroof is.

### 5.1 **Dae van die week waarop voorvalle plaasvind**

Uit die onderstaande tabel is dit duidelik dat benewens Vrydae waartydens ‘n klein persentasie meer plaasaanvalle as op ander dae gedurende 2002 plaasgevind het, slagoffers op alle dae van die week ewe veel kwesbaar vir aanvalle is. ‘n Ontleding van voorvalle aangemeld gedurende 2001 weerspieël dieselfde tendens. Alhoewel geen inligting rakende die spesifieke dae waartydens aanvalle gedurende 1997 plaasgevind het beskikbaar is nie, word dit wel gemeld dat geen spesifieke dag

uitgesonder kan word waarop kriminele meer geneig is om aanvalle uit te voer nie. Hierdie tendens is in teenstelling met die algemene tendens betreffende geweldsmisdaad waar die meeste van die misdade op Vrydae en oor naweke plaasvind. Dit is derhalwe duidelik dat aanvallers enige dag van die week kan toeslaan en dat persone wat hul op plase bevind deurentyd waaksam en paraat moet wees.

**Tabel 7****DAG VAN WEEK: 2002**

DAG VAN WEEK	AANTAL	%
Maandag	126	12.6
Dinsdag	141	14.1
Woensdag	149	14.9
Donderdag	138	13.8
Vrydag	179	17.9
Saterdag	146	14.6
Sondag	123	12.3
<b>TOTAAL</b>	<b>1002</b>	<b>100</b>

Bron: "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

## 5.2 Tyd van die dag

Soos wat uit Tabel 8 afgelei kan word, het die meeste aanvalle tydens 2002 in die tydgleuwe van 06:00 tot 08:59 en 09:00 tot 11:59 voorgekom het. Wat egter opmerklik is, is dat die tendens gedurende 2002 duidelik van die tendense van die voorafgaande jare verskil waar die meeste aanvalle gedurende die vroeë ure van die aand voorgekom het. Alhoewel die meeste van die slagoffers, soos in latere besprekings vervat, binne hul wonings aangeval word, word van die slagoffers ook aangeval nadat hulle die veiligheid van hul wonings verlaat het. Van hierdie slagoffers word huis in die aand aangeval wanneer hulle ondersoek gaan instel na geluide buite die huis, om die geblaf van honde te ondersoek of om vreemdelinge te ontmoet. Die tendens wat egter gedurende 2002 ervaar is waar die hoogste

voorkoms van aanvalle tussen 06:00 tot 12:00 in dieoggend plaasgevind het, kan moontlik te wyte wees in die toename in aanvalle waar werkers geteiken word in die afwesigheid van die eienaars van die betrokke persele. Slagoffers is ook vroegoggend maklike teikens vir aanvallers wat hulle in buitegeboue of elders voorlê.

**Tabel 8****TYD VAN DIE DAG: 2002**

TYD	AANTAL	%
00:00-02:59	120	12.0
03:00-05:59	96	9.6
06:00-08:59	180	18.0
09:00-11:59	186	18.6
12:00-14:59	79	7.9
15:00-17:59	71	7.1
18:00-20:59	96	9.6
21:00-23:59	104	10.4
Onbekend	70	7.0
<b>TOTAAL</b>	<b>1002</b>	<b>100</b>

Bron: "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

### 5.3 Plek waar aanvalle plaasgevind het

Gedurende 1997 het ongeveer 56 persent van alle aanvalle binne die slagoffers se wonings plaasgevind, teenoor 49 persent gedurende 2002. Hierdie afname van ongeveer sewe persent kan moontlik toegeskryf word aan groter paraatheid en beter veiligheidsmaatreëls deur die bewoners van plase of kleinhoewes. Sonder om enigsins die slagoffers van plaasaanvalle primêr verantwoordelik te hou vir die feit dat hulle aangeval word, blyk dit dat nalatigheid aan hul kant ook aanvalle kan vergemaklik of bevorder. Tydens 'n ontleding van die aanvalle wat gedurende 1997 plaasgevind het kom dit aan die lig dat 'n mate van nalatigheid in 80 van die aanvalle te bespeur is, wat die oopmaak van deure aan onbekende persone,

stilhou op versoek van onbekende persone en die ooplaat van deure en vensters insluit. Dit is egter 'n feit dat die aard van boere se werk hulle meer kwesbaar maak om aangeval te word as die meeste ander beroepe. Boere moet byvoorbeeld gereeld alleen in afgeleë gebiede rondbeweeg en moet selfs snags werk of aan noodgevalle aandag gee.

Soos wat uit die onderstaande tabel blyk, het 30.7 persent van alle aanvalle gedurende 2002 op die werf direk buite die slagoffers se woning plaasgevind, terwyl 'n verdere 9.5 persent van aanvalle elders op die plaas of in die veld en 3.7 persent aanvalle by plaaswinkels voorgekom het.

**Tabel 9**

**PLEK VAN AANVAL: 2002**

PLEK	AANTAL	%
<b>Binne woning</b>	<b>491</b>	<b>49.0</b>
<b>Buite woning (direkte werf)</b>	<b>308</b>	<b>30.7</b>
<b>By hek</b>	<b>34</b>	<b>3.4</b>
<b>In veld/elders op plaas</b>	<b>95</b>	<b>9.5</b>
<b>Plaaswinkel</b>	<b>37</b>	<b>3.7</b>
<b>Kantoor op plaas</b>	<b>13</b>	<b>1.3</b>
<b>Ander : Huis aan brand gesteek</b>	<b>22</b>	<b>2.2</b>
<b>Ander : Intimidiasie</b>	<b>2</b>	<b>0.2</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>1002</b>	<b>100</b>

Bron: "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

Gedurende die ontleding van die aanvalle wat tydens 1997 plaasgevind het, het dit aan die lig gekom dat die bewoners van plase en kleinhoewes uiter versigtig moet wees wanneer hulle hul eiendom nader of daarop rondbeweeg. In 143 van die aanvalle (33.0 persent) het die aanvallers hulle slagoffers ingewag. Die aanvallers het in 38 voorvalle hulle slagoffers op die werf ingewag; in 37 gevalle binne die wonings; in 24 gevallen binne buitegeboue; in 15 voorvalle by die ingange tot die persele; in 11 voorvalle langs plaaspaaie (deur obstruksies in sewe van hierdie

sake te gebruik om die slagoffers te forceer om stil te hou); en in 12 voorvalle is die slagoffers op plekke elders op die plaas ingewag. In ses sake is die spesifieke ligging van die lokval nie aangedui nie (SAPS 3/98).

#### 5.4 Wapens gebruik tydens aanvalle

Uit 'n ontleding van die beskikbare inligting blyk dit dat gedurende beide 1997 en 2002 vuurwapens in die meeste van die aanvalle, waar dit bekend is dat 'n wapen wel gebruik is, die primêre wapen was met 286 voorvalle (66.1 persent) en 584 voorvalle (65.3 persent) onderskeidelik. Hierdie tendens is in ooreenstemming met die voorkoms van die aanwending van vuurwapens in misdaad soos in die vorige hoofstuk aangetoon. Dit blyk ook dat skerp voorwerpe gedurende 2002 in 155 (17.3 persent) van die aanvalle gebruik is, en stomp voorwerpe in 61 voorvalle (6.8 persent). In 'n verdere 68 voorvalle (7.6 persent) was die aanvallers ongewapend en is hulle slagoffers met fisiese geweld oorrompel.

**Tabel 10**

**PRIMÊRE WAPEN GEBRUIK: 2002**

WAPEN	VOORVALLE	%	% BEKEND
Vuurwapen	584	58.3	65.3
Skarp voorwerp	155	15.5	17.3
Stomp voorwerp	61	6.1	6.8
Ander voorwerpe	3	0.3	0.3
Ongewapend	68	6.8	7.6
Brandstigting	24	2.4	2.7
Onbekend	107	10.7	
<b>TOTAAL</b>	<b>1002</b>	<b>100</b>	<b>100</b>

Bron: "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

## 5.5 Misdade gepleeg tydens aanvalle

Soos vroeër reeds aangetoon is 'n plaasaanval as sulks nie 'n eie kategorie van misdaad nie, maar is dit 'n misdaadverskynsel wat in die pleeg van 'n verskeidenheid van misdade tydens 'n enkele voorval kan manifesteer. Gedurende 2002, net soos gedurende 1997, is roof die mees prominente misdaad wat gedurende aanvalle gepleeg is. In 'n ontleding van die aanvalle wat gedurende 1997 plaasgevind het, het dit aan die lig gekom dat een van die belangrikste redes waarom plase en kleinhoewes deur kriminele geteiken word, is dat dit as sage teikens beskou word. Verdere bydraende faktore in hierdie verband is die bestaan van plaaswinkels of stalletjies, die finansiële status van die eienaar en die beskikbaarheid van groot hoeveelhede kontant op die plase wat geroof kan word.

**Tabel 11**

**MEES PROMINENTE MISDAADE GEPLEEG TYDENS AANVALLE**

MISDAAD	1997		2002	
	AANTAL	% VAN VOORVALLE	AANTAL	% VAN VOORVALLE
Moord	78	18.0	115	11.5
Poging tot moord	93	21.5	303	30.2
Roof verswarend	237	54.7	566	56.5
Poging tot roof verswarend	37	8.5	65	6.5
Verkragting en poging tot verkragting	25	5.8	60	6.0
Roof - gewoon	39	9.0	91	9.1
Poging tot roof - gewoon	6	1.4	20	2.0
Aanranding	36	8.3	228	22.8

Bron: "The Incidence of Serious Crime Between 1 January and 30 June 1998: Quarterly Report 3/98", SA Polisiediens en "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

Uit 'n ontleding van bostaande tabel blyk dit dat die tendense met betrekking tot die misdade wat tydens aanvalle gepleeg is, grootliks dieselfde gebly het tydens die twee jare wat met mekaar vergelyk word, met die uitsondering van aanranding wat 'n skerp styging getoon het. Die voorkoms van geweldsmisdade in die vorm van moord, poging tot moord en verkragting tydens aanvalle was ook prominent gedurende beide jare. Die hoë frekwensie van laasgenoemde misdaadkategoriëe is aanduidend van die omvang van die geweld wat kenmerkend van aanvalle op place en kleinhoewes is.

## 5.6 Items geroof tydens plaasaanvalle

Soos hierbo aangetoon het gewapende roof tydens 54.7 persent van alle plaasaanvalle gedurende 1997 en in 56.5 persent van die aanvalle gedurende 2002 plaasgevind. Uit 'n ontleding van die beskikbare inligting kom dit aan die lig dat uit 'n verskeidenheid van items wat tydens 'n enkele aanval geroof kan word, die drie mees prominente items kontant, vuurwapens en voertuie is. Kontant is die item wat beide gedurende 1997 en 2002 tydens die meeste van die aanvalle geroof is (in 36.3 persent en 28.0 persent van die aanvalle onderskeidelik). Vuurwapens is tydens 35.8 persent van die aanvalle gedurende 1997 en in 15.8 persent van aanvalle tydens 2002 geroof, gevvolg deur voertuie in 22.6 persent van alle aanvalle in 1997 en in 15.2 persent van die aanvalle gedurende 2002. Die afname wat te bespeur is in die aantal vuurwapens wat geroof is kan tot 'n mate toegeskryf word aan beter veiligheidsmaatreëls wat deur potensiële slagoffers getref word om die kans dat vuurwapens in die verkeerde hande kan beland te verminder. Dit wil ook voorts blyk asof die roof van voertuie in die meeste van die aanvalle nie 'n direkte motief was nie, maar eerder 'n bonus in die vorm van 'n gerieflike metode van vervoer om van die misdaadtoneel te onvlug.

**Tabel 12****MEES PROMINENTE ITEMS GEROOF**

ITEM	1997		2002	
	AANTAL VOORVALLE	PERSENT VAN VOORVALLE	AANTAL VOORVALLE	PERSENT VAN VOORVALLE
Kontant	157	36.3	281	28.0
Vuurwapens	155	35.8	158	15.8
Voertuie	98	22.6	152	15.2

Bron: "The Incidence of Serious Crime Between 1 January and 30 June 1998: Quarterly Report 3/98", SA Polisiediens en "Acts of Violence Against the Farming Community 2002", SA Polisiediens.

Uit die voorgaande blyk dit duidelik dat persone wat hulself op plase bevind, te alle tye paraat en waaksam moet wees aangesien hulle enige oomblik die slagoffer van 'n aanval kan word. Uit die aard van hul werk is boere uiters kwesbaar en kan 'n aanval op enige plek verwag word. Uit die ontledings word dit weereens bevestig dat alhoewel roof met vuurwapens die misdaad is wat die meeste tydens aanvalle voorkom, plaasaanvalle met hoë vlakke van geweld gepaardgaan deurdat misdade soos poging tot moord en moord naas roof die hoogste voorkoms weerspieël. Die feit dat kontant die item is wat die meeste geroof word, duï daarop dat plase as sagte teikens geïdentifiseer is om vinnig geld in die hande te kan kry. Die moontlikheid bestaan voorts dat inligting met betrekking tot die aanwesigheid van groot bedrae kontant moontlik ook 'n bepalende rol kan speel in die tyd wanneer 'n aanval kan plaasvind. In die bepaling van moontlike verklarings rondom die voorkoms van plaasaanvalle is dit noodsaaklik dat duidelikheid ook verkry word oor wie dit is wat vir hierdie aanvalle verantwoordelik is. Vervolgens sal kortliks op die aanvallers verantwoordelik vir die aanvalle gefokus word.

## 6. AANVALLERS VERANTWOORDELIK VIR PLAASAANVALLE

Alhoewel geen inligting met betrekking tot die persone verantwoordelik vir plaasaanvalle gedurende 2002 geredelik beskikbaar is nie, kan die inligting wat uit die ontleding van aanvalle gedurende 1997 bekom is, tot 'n groot mate lig op hierdie aspekwerp en kan dit aanvaar word dat sodanige tendense nie oornag radikaal sal verander nie.

Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid van die aanvalle vooraf beplan moet wees, indien daar gekyk word na die grootte van die groepe waarin aanvallers optree. Sover vasgestel kon word, was enkel aanvallers slegs in 76 (17.6 persent) van die 433 aanvalle gedurende 1997 betrokke. In die meeste van die aanvalle was twee aanvallers (120 of 27.7 persent) betrokke gevvolg deur drie aanvallers in 105 voorvalle (24.2 persent) en vier aanvallers in 53 voorvalle (12.2 persent). In 55 voorvalle was vyf of meer aanvallers betrokke en in 24 voorvalle kon die aantal aanvallers nie bepaal word nie. Waar enkel aanvallers betrokke is kan dit nog aanvaar word dat die aanval op die ingewing van die oomblik kon plaasvind. Waar meer persone egter betrokke is, is dit moeilik om te glo dat hulle nie 'n vooraf-beplande gemeenskaplike doel gehad het om die aanval te pleeg nie (SAPS 2/98).

Daar bestaan in sekere kringe 'n persepsie dat die voorkoms van aanvalle op plase en kleinhoewes tot 'n groot mate aangevuur word deur plaaseienaars wat hul werkers swak behandel. Tydens die ontleding van die aanvalle wat tydens 1997 plaasgevind het, is daar ook gepoog om te bepaal of daar enige verwantskap tussen die aanvallers en hul slagoffers bestaan en wat sodanige verwantskap is. In 22 van die voorvalle (5.1 persent) is dit gevind dat een of meer van die aanvallers werknemers van hul slagoffers was en in 19 voorvalle (4.4 persent) gewese werknemers van hul slagoffers. In twee voorvalle was die aanvallers aanverwantes van werknemers, en in drie voorvalle aanverwantes van gewese werknemers. Uit bostaande inligting blyk die persepsie dat plaasaanvalle deur plaaseienaars wat hul werkers swak behandel aangevuur word, soos vele ander, ongegrond te wees, aangesien slegs 'n klein persentasie van die aanvallers vooraf aan hul slagoffers bekend was (SAPS 2/98). Die feit dat sommige van die aanvallers afkomstig is van plekke wat ver is van die plek waar die aanvalle plaasvind, bevestig dat van die aanvalle duidelik vooraf beplan is. Dit is egter gevind dat in die meerderheid van die gevallen die aanvallers deur een of meer persone vergesel is wat 'n direkte verbintenis met die plaas self, of die omliggende gebied het. Die persepsie dat aanvalle op plase en kleinhoewes hoofsaaklik deur misdaadbendes vanuit die metropolitaanse gebiede gepleeg word, blyk dus ook in die meeste van die gevallen ongegrond te wees.

Vanweë die feit dat verdagtes soms maande of selfs jare na die pleeg van 'n plaasaanval gearresteer word, is daar nie veel inligting rakende diegene verantwoordelik vir hierdie aanvalle bekend nie, aangesien inligting in hierdie verband nie tesame met die ander inligting wat op die SAPD se databasis aangeteken word, gerapporteer word nie. Tydens 'n ontleding van inligting met betrekking tot die aanvalle wat gedurende 1997 plaasgevind het en waar spesiale pogings aangewend is om soveel as moontlik inligting met betrekking tot die verdagtes te bekom, het dit geblyk dat verdagtes in ongeveer 50 persent van die aanvalle gearresteer is. Hierdie gearresteerde verdagtes was hoofsaaklik almal swart (98.2 persent) en bykans uitsluitlik manlik, met net een verdagte wat 'n vrou was. Ongeveer 50 persent van die aanvallers was tussen die ouderdom van 20 en 30 jaar, 22.2 persent tussen die ouderdom van 10 en 19 jaar en 'n verdere 20.0 persent tussen 30 en 39 jaar oud. Dit is voorts bevind dat die oorgrote meerderheid van die verdagtes (69.7 persent) werkloos was, terwyl 17.3 persent 'n werk gehad het en 6.3 persent skoliere of studente was. Die aantal jeugdiges betrokke by aanvalle is verontrustend en aanduidend van 'n verval in die waardes van die gemeenskap. 'n Totaal van 12.8 persent van die verdagtes het oor vorige veroordelings beskik wat gewissel het vanaf geweldsmisdade soos moord, roof, en verkragting tot gewone eiendomsmisdade bestaande uit inbraake en diefstal (SAPS 2/98).

## 7. MOONTLIKE MOTIEWE VIR DIE AANVALLE

Die bepaling van spesifieke motiewe agter die pleeg van plaasaanvalle is een van die moeilikste aspekte. Die rede hiervoor lê opgesluit in die feit dat slegs diegene verantwoordelik vir die aanvalle die werklike redes weet en sou hulle gearresteer word, sal hulle nie noodwendig die waarheid praat nie. Tydens die ontleding van die aanvalle wat gedurende 1997 plaasgevind het, is daar egter gepoog om moontlike of die mees waarskynlike redes vir die aanvalle te bepaal. In 85 persent van die 433 voorvalle is bevind dat finansiële of ekonomiese gewin die mees waarskynlike rede vir die aanvalle was. In 42 van die voorvalle (9.7 persent) is die bekom van vuurwapens as rede aangevoer. Ander moontlike motiewe sluit in

weerwraak (19 voorvalle); salarisdispute in vier voorvalle; uitsettings in twee voorvalle; en ‘n gronddispuut in ‘n enkele voorval. In 36 voorvalle is ‘n verskeidenheid van ander moontlike redes aangevoer (SAPS 2/98). Dit wil dus voorkom asof finansiële gewin ‘n belangrike rol in die voorkoms van plaasaanvalle speel.

## 8. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande kan die afleiding gemaak word dat skerp stygings in die voorkoms van aanvalle op plase en kleinhoewes sedert 1997 voorgekom het, met ‘n hoogtepunte gedurende 2001 waarna dit geleidelik begin afplat het. Dieselfde tendens is ook waarneembaar ten opsigte van die aantal moorde wat tydens die aanvalle gepleeg is. Wat veral duidelik blyk, is die hoë vlakke van geweld wat met die aanvalle gepaardgaan en tot die dood of ernstige besering van die slagoffers lei.

Dit is voorts duidelik dat alle persone wat hulself op plase en kleinhoewes bevind potensiële slagoffers van aanvalle is en dat dit nie net tot blankes of die eienaars van die persele beperk is nie. Dit wil egter voorkom of ouer persone meer kwesbaar is vanweë die feit dat hul as sagte teikens deur hul aanvallers beskou word. Dit kan egter aanvaar word dat aanvalle op enige dag en enige tyd kan plaasvind wat die bewoners van plase en kleinhoewes noop om te alle tye uiters paraat en waaksam te wees. Dit is egter ‘n feit dat boerdery as beroep die boere baie meer kwesbaar vir aanvalle maak as die meerderheid van ander beroepe aangesien hul dikwels gedurende die aand buite moet rondbeweeg of aangeleë gebiede op die plaas alleen moet besoek.

Dit blyk dat die mees prominente misdaad wat tydens aanvalle gepleeg word roof is, en dat die items wat die meeste geroof word kontant, vuurwapens en voertuie is. Dit kom ook aan die lig dat nie alle aanvallers vreemdelinge vir hul slagoffers is nie. Dit blyk voorts dat aanvallers gewoonlik in klein groepe van twee of drie opereer en dat die meerderheid van die aanvalle vooraf beplan is.

Hoewel dit volgens alle aanduidings blyk dat roof moontlik die belangrikste motief vir die voorkoms van plaasaanvalle is, kan dit nie op grond van die bestaande inligting alleen bevestig word nie. Derhalwe sal daar in die volgende hoofstuk gefokus word op die standpunte van die regering en die boerdery-gemeenskap oor die voorkoms van plaasaanvalle en stappe reeds geneem in die bekamping daarvan. Die bevindinge van kommissies van ondersoek en ondersoeke deur ander belangegroepe ten einde meer duidelikheid rondom die motiewe agter plaasaanvalle te bekom, sal ook van nader beskou word.

## HOOFSTUK 4

# **STANDPUNTE VAN BELANGHEBBENDES OOR PLAASAANVALLE IN SUID-AFRIKA EN DIE BEVINDINGE VAN KOMMISSIES VAN ONDERSOEK OOR DIE VERSKYNSEL**

Waar daar in die vorige hoofstukke hoofsaaklik gefokus is op aspekte wat moontlik onderliggend aan die voorkoms van plaasaanvalle kan wees en die omvang van die misdaadtendens as sulks, word daar in hierdie hoofstuk op die standpunte van belanghebbendes oor die voorkoms van plaasaanvalle en moontlike verklarings daarvoor gefokus. Eerstens sal die standpunte van beide regeringsinstansies en georganiseerde landbou, asook aksies wat reeds deur hulle in die bekamping van plaasaanvalle geneem is ontleed word. Daaropvolgende sal gefokus word op die bevindinge van kommissies van ondersoek wat amptelike aangestel is en ander navorsing in dié verband.

### **1. REAKSIE VANAF OWERHEIDSWEË BETREFFENDE PLAASAANVALLE**

Uit die aard van die feit dat die regte van almal in die land, insluitende die reg om vry van enige vorm van geweld, hetsy van openbare of private oorsprong te wees, en die reg tot vryheid van beweging beskerm word in die Handves van Menseregte soos vervat in Hoofstuk 2 van die Grondwet, rus daar 'n verpligting op die regering om aan die verskynsel van plaasaanvalle ook die nodige aandag wat dit verdien te skenk. Daar sal in hierdie afdeling op spesifieke aksies wat deur die regering geneem is asook regeringstandpunte hieroor, gefokus word.

#### **1.1 Die Landelike Beveiligingsplan**

Na aanleiding van 'n versoek gerig deur die destydse Suid-Afrikaanse Landbou Unie (SALU), nou AgriSA, tydens 'n vergadering van die Nasionale Operasionele Koördineringskomitee (NOKOK) - 'n struktuur wat die aktiwiteite van die SAPD en Suid- Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) op nasionale vlak koördineer - dat

iets aan die eskalerende tendens van plaasaanvalle gedoen moet word, is geweldsmisdaad gerig teen die boerdery-gemeenskap as 'n spesifieke misdaadtendens wat spesiale aandag regverdig, geïdentifiseer. Opdrag is ook gegee dat 'n komitee in die lewe geroep word om aan landelike beveiliging aandag te gee. As uitvloeisel van die bevindinge en aanbevelings van 'n taakspan wat alle relevante rolspelers geraadpleeg het, is 'n Landelike Beveiligingsplan in Oktober 1997 op versoek van die voormalige president, Nelson Mandela, geïmplementeer. Die doel met die plan is om alle belanghebbendes wat met landelike veiligheid gemoeid is aan te moedig om op 'n gekoördineerde wyse saam te werk en betrokke te wees by gesamentlike beplanning, optrede en monitering om misdaad in die landelike gebiede te bekamp. Hierbenewens is die plan ook daarop gerig om die operasionele aktiwiteite van al die relevante rolspelers binne prioriteitskomitees vir landelike veiligheid wat as deel van die nasionale operasionele koördineringsmeganisme op nasionale, provinsiale, area en grondvlak tot stand gebring is, te koördineer (Visser 1998: 12).

Bovermelde prioriteitskomitees is verantwoordelik vir die implementering van die plan en die operasionele beplanning wat daarmee gepaardgaan. Verdere funksies van die prioriteitskomitees is die koördinering van alle veiligheidsverwante aksies wat op landelike veiligheid betrekking het; die identifisering van faktore wat 'n negatiewe invloed op die boerdery-gemeenskap mag hê; en die verspreiding van alle relevante inligting en terugvoer betreffende die Landelike Beveiligingsplan aan al die relevante rolspelers. Die kommandostelsel van die SANW vorm voorts 'n belangrike deel van die plan. Lede van die publiek kan aan een van drie tipes kommandostrukture behoort:

- Area-gebonde reaksiemag kommandoolede: Hierdie lede bevind hul normaalweg in dorpe en kan in die geval van nood opgeroep word om diens te verrig waarvoor hulle ook vergoeding ontvang. Hulle word ook van uniforms en vuurwapens voorsien en word gesamentlik met polisiereserviste opgelei om patrollies, opvolgoperasies, kordon-en-soekoperasies en plaasbesoeke uit te voer.

- Huis-en-haard beskerming reaksiemag kommandoede: Hierdie kommandoede is normaalweg boere en hul werkers wat verantwoordelik is om ander boere in die geval van 'n plaasaanval by te staan. Hulle gee dan aandag aan die voorval totdat die area-gebonde reaksiemag opdaag en by hulle oorneem.
- Huis-en-haard beskerming kommandoede: Hierdie lede wat ook uit boere en hul werkers bestaan word nie vir diens opgeroep nie, maar is vir hul eie beskerming in die geval van 'n aanval verantwoordelik. Indien sodanige kommandoede nie self 'n vuurwapen besit nie, word hulle met 'n militêre vuurwapen uitgereik (Schönteich 2000: 20 - 21).

## 1.2 Beraad oor Landelike Veiligheid en Sekuriteit

Die erns van die voortslepende gewelddadige aanvalle op die boerdery-gemeenskap en die dringendheid om die vraagstuk te beredder, het president Mandela genoop om 'n Beraad oor Landelike Veiligheid en Sekuriteit byeen te roep waar 'n omvattende strategie geformuleer kon word om die vraagstuk aan te spreek. Tydens die beraad wat op 10 Oktober 1998 plaasgevind het, het Mandela dit onomwonne gestel dat die regering die koelbloedige moorde wat op plase voorkom betreur. Hy het dit beklemtoon dat benewens die onmiddellike menslike lyding, dit ook 'n ernstige negatiewe invloed op die ekonomie het. In sy toespraak het Mandela weereens die boerdery-gemeenskap verseker van sy en die regering se onwrikbare verbintenis tot die veiligheid en sekuriteit van die boerdery-gemeenskap (RSA 10 Oktober 1998).

Na afloop van die beraad is 'n verklaring genaamd die Declaration of the Summit on Rural Safety and Security uitgereik wat die volgende tien punte bevat:

- Dat almal betrokke by die beraad onvoorwaardelik die vlaag van sinnelose moorde en ander kriminele aktiwiteite wat die boerdery- en landelike gemeenskappe raak veroordeel en dat daar gesamentlik 'n einde daaraan gemaak moet word;
- dit besef word dat die oorsake vir aanvalle op plase en in landelike gebiede

meerledig en kompleks is, en dat behoorlike navorsing gedoen moet word om die motiewe en oorsake vir die misdade vas te stel sodat behoorlike voorkomingstrategieë ontwikkel kan word;

- effektiewe wetstoepassing van onmiddellike belang is om aanvalle op plase en in die landelike gemeenskappe onder bedwang te bring, en dit aanvaar word dat die Landelike Beveiligingsplan as operasionele strategie aangewend moet word om gewelddadige aanvalle op plase te bekamp en dat alle wettige privaatsektor inisiatiewe wat daarop gerig is om plase en die landelike gemeenskap te beskerm by die plan geïnkorporeer moet word;
- alle inisiatiewe wat daarop gerig is om beter veiligheid in die landelike gebiede te bewerkstellig, meer inklusief van alle mense op plase en in die landelike gebiede moet wees;
- die beraad van mening is dat alle belanghebbendes saam moet werk waar dit moontlik en nodig is vir die mobilisering van hulpbronne om landelike veiligheid te bevorder;
- die regering hom verbind tot deurlopende verbeteringe in die strafregstelsel en ook bykomende fondse beskikbaar sal stel om 'n doeltreffende stelsel van afskrikking teen misdaad in die landelike gebiede daar te stel;
- duidelikheid betreffende 'n aantal regspunte nodig is, in besonder rakende die regte van slagoffers en potensiële slagoffers in die boerdery- en landelike gemeenskappe;
- gegewe die feit dat die verskeidenheid van veroorsakende faktore van aanvalle so wydeenlopend is, die oorsake vir plaasaanvalle meer wetenskaplik deur onder andere akademiese instellings nagevors moet word;
- dit besef word dat om langtermyn veiligheid in die landelike- en boerdery gemeenskappe te verseker, 'n volgehoue fokus nodig is waarvoor die ontwikkeling van 'n langtermyn beleidsraamwerk vir landelike veiligheid van kardinale belang is; en
- dat die geestelike leiers in die land in nederigheid en gebed moet verenig om die morele waardes en standarde te laat herleef wat weer daartoe sal lei dat wetteloosheid verdoem en sosiale druk teen kriminaliteit daargestel word (Schönteich 2000: 23 - 25).

Na afloop van die beraad is 'n Landelike Veiligheidstaakspan bestaande uit die rolspelers wat by die organisering van die beraad betrokke was saamgestel om uitvoering aan die resolusies van die beraad te gee. Drie werkgroepe, te wete vir kommunikasie, inligting en navorsing; vir gesamentlike operasionele optrede (die landelike veiligheidsplan); en vir die ontwikkeling van 'n langtermyn beleidsraamwerk vir landelike veiligheid, is saamgestel (Shaw 1999: 6).

### **1.3 Uitfasering van die kommandostelsel**

In sy toespraak tydens die opening van die Parlement op 14 Februarie 2003 het president Mbeki besondere klem op veiligheid en sekuriteit in die land oor die algemeen gelê. Hy het gemeld dat maatreëls geneem sal word om te verseker dat die strukture wat daargestel is om die veiligheidsmagte te ondersteun, soos die kommandostelsel en die polisiereserviste, behoorlik gereguleer word om die funksies te kan verrig waarvoor hulle daargestel is. Om veiligheid vir almal in die landelike gebiede, insluitende die boere, te verseker sal die regering in die nabye toekoms begin om die kommandos uit te faseer. Ter gelykertyd sal 'n nuwe stelsel, waarvan die aard en samestelling in ooreenstemming met die behoeftes van die landelike gemeenskappe is, daargestel word (RSA 14 Februarie 2003).

In die latere uiteensetting van die plan deur assistent kommissaris Johan Burger van die SAPD tydens 'n simposium gehou deur die Instituut vir Sekerheid Studies (ISS) oor die vervanging van die kommandostelsel, kom dit aan die lig dat die kommandostelsel oor 'n tydperk van ses jaar in totaal deur 'n nuwe stelsel van die SAPD vervang sal word en die proses in 2009 afgehandel moet wees. Die oënskynlike hoofmotief vir die uitfasering van die kommandostelsel is die feit dat die SAPD wetlik primêr vir die handhawing van binnelandse veiligheid, insluitende landelike veiligheid, verantwoordelik is. Hierbenewens is die bestaan van die kommandostelsel in sekere gebiede ook afwesig of funksioneer dit nie reg nie. Waar die primêre taak van die SANW volgens die Grondwet die beskerming van die territoriale integriteit van die Republiek en sy inwoners is, dit wil sê teen aanslae afkomstig van buite die land se grense, het die kommandos om 'n verskeidenheid

van redes primêre verantwoordelikheid vir landelike veiligheid, wat inderdaad die funksie van die SAPD is, oorgeneem. Persepsies bestaan ook dat die kommandos partydig teenoor die (wit) boere is en dat verteenwoordiging in die kommandostrukture nie die samestelling van die bevolking weerspieël nie. Die situasie moet derhalwe reg gestel word. Die nuwe bedeling wat die kommandos moet vervang sal die implementering van sektorpolisiëring; die daarstelling van Area Misdaadbestrydingseenhede; en 'n verhoging in die getalsterkte van die polisie, wat ook die reserwemag insluit, behels. Sektorpolisiëring en die Area Misdaadbestrydingseenhede sal die polisie instaat stel om groter sigbaarheid; omvattende polisie aanwesigheid in alle polisiewyke; vinniger reaksietye; en meer effektiewe en doelmatige polisiëring daar te stel. Reserviste sal ook gewerf en opgelei word om die sektorpolisiëring en die misdaadbestrydingseenhede op area vlak te versterk (Burger 2003:1-15).

#### **1.4 Negatiewe uitsprake**

Dit wil uit die voorafgaande gedeeltes blyk dat die regering wel die probleem van plaasaanvalle ernstig opneem en daadwerklike stappe neem om die probleem aan te spreek. Die impak wat hierdie aksies en ander positiewe standpunte vanaf owerheidsweë op die vertroue van die boerdery-gemeenskap in die regering het, word egter in 'n groot mate deur onverantwoordelike uitsprake deur regeringslui of persone wat noue bande met die regering het, geknou. Een sodanige uitspraak is die van die Minister van Arbeid, Mdalana dat boere sal moet aanpas of sterf. Dié uitspraak het gekom nadat hy tydens 'n besoek aan plase in die Noord-Kaap gesê het dat daar goeie boere is en slegte boere wat hul werkers onregmatig behandel. Hoewel die minister se uitlating heel waarskynlik uit konteks vertolk kan word dra dit nie by tot goeie verhoudinge met die boerdery-gemeenskap nie (Impak 16 Februarie 2001). Die uitlating van die SAKP dat boere wat van hul werkers as gevolg van die inwerkingstelling van die Wet op Minimum Lone van 2003 gaan afbetaal 'n les geleer moet word vir hul arrogante optrede, het ook tot ongelukkigheid in die georganiseerde landbou gelei. Volgens die voormalige President van AgriSA, Japie Grobler kan dit as 'n aanhitsing tot plaasaanvalle

gesien word (Beeld 16 Mei 2003). Hoewel alle uitsprake deur sprekers op die herdenking van spesifieke geleenthede nie altyd letterlik opgeneem moet word nie en binne die konteks van die spreker en sy gehoor beoordeel moet word, kan dit bydra tot polarisasie tussen verskillende groepe en mag net die katalisator tot aksies wees wat daarsonder nie sou plaasvind nie. Een so 'n uitspraak is die van 'n jeugleier tydens 'n Menseregtegathering in die Lebanon woongebied in die Noordwes provinsie wat jeugdiges aangemoedig het om van die blankes te steel aangesien dit die regte ding is om te doen want die blankes het in die verlede van die swartes gesteel (Daily Sun 23 Maart 2004). Dit is dus duidelik dat een onsinnige uitspraak katastrofiese gevolge vir goeie verhoudinge in die samelewing tot gevolg kan hê en het die regering 'n plig om toe te sien dat openbare platforms nie vir destruktiewe doeleindes aangewend word nie.

Uit bostaande is dit duidelik dat die regering wel die voorkoms van plaasaanvalle as 'n bedreiging vir veiligheid sien en reeds konstruktiewe stappe geneem het om dit te bestry. Dit is ook opmerklik dat die kwessie van plaasaanvalle nie in isolasie nie, maar onder die breër konsep van landelike veiligheid aandag geniet. Aangesien die bewoners van plase en kleinhoewes direk deur die aanvalle geraak word, is dit noodsaaklik dat hulle standpunte ook van nader beskou word. Vervolgens sal gefokus word op hierdie standpunte betreffende die oorsake van plaasaanvalle en aksies wat deur hulle in die verband geneem is.

## **2. STANDPUNTE EN AKSIES VAN GEORGANISEERDE LANDBOU EN ANDER BETROKKENES**

Dit kan aanvaar word dat die standpunte van die boerdery-gemeenskap oor die oorsake van plaasaanvalle en die effektiwiteit in die bekamping daarvan in bepaalde opsigte van die standpunte van die regering sal verskil. Die hoofrede hiervoor is geleë in die feit dat hulle direk deur die aanvalle geraak word en dat die regering nie net op landelike beveiliging alleen gefokus is nie, maar op die beveiliging van die totale gemeenskap. In hierdie gedeelte sal die standpunte van die landbousektor oor die oorsake van plaasaanvalle en aksies reeds deur hulle geneem, van nader beskou word.

## 2.1 Standpunte betreffende die oorsake van plaasaanvalle

Alhoewel die boerdery-gemeenskap die siening van die regering steun dat suiwer kriminaliteit een van die oorsake van plaasaanvalle is, huldig hul egter die mening dat daar ook ander motiewe daarvoor is. Na aanleiding van die moord op 'n egaal van Groblersdal op hul plaas en waar hul kind nakend gedurende die winter in die nag aan 'n heining vasgemaak is, het Japie Grobler van AgriSA gemeld dat daar met nuwe oë na die grondliggende redes vir plaasaanvalle gekyk moet word aangesien die geykte kriminele motief duidelik nie vir die voorval voorgehou kan word nie. Volgens Grobler blyk wraak die enigste motief te wees aangesien niksteel is nie. Na aanleiding van dieselfde voorval het Paul van der Walt, Adjunk President van die Transvaalse Landbou Unie (TLU) hom uitgelaat deur te sê dat die owerheid met sy eie mag spel besig is en nie belangstel in die Suid-Afrikaanse landbouer se lot nie. Hy het ook gemeld dat die TLU 'n voorstander van 'n stelsel is waar gemeenskappe hulle eie beskermingsgroepe moet stig en waar hulle onverbiddelik na hul eie beskerming omsien (Afrikaner 21 Junie 2001).

Die siening dat daar ander motiewe as net misdaad agter plaasaanvalle skuil is, word ook deur Werner Weber van Aksie Stop Plaasaanvalle gesteun. By hom bestaan daar geen twyfel dat daar 'n sterk politieke motief agter plaasaanvalle is nie, na aanleiding van 'n ondersoek wat hy op versoek van AgriSA na die oorsake van plaasaanvalle gedoen het. AgriSA het hom egter van sekere bevindinge van die verslag gedistansieér en gemeld dat versigtigheid aan die dag gelê moet word met die term politieke motief. Na aanleiding van die verslag het AgriSA ook gemeld dat hulle nie van mening is dat daar 'n veldtog is om boere van hul plase te verdryf nie. In teenstelling hiermee is lede van die TLU van mening dat die moontlikheid nie sommer geïgnoreer kan word nie want indien "wit boere van hul plase verdryf word, sal grond verniet vir herverdeling beskikbaar wees" (Rapport 25 November 2001).

Na aanleiding van 'n aantal plaasmoorde in Mpumalanga gedurende die eerste helfte van 2004 het Chris van Zyl, veiligheidshoof van die TLU, gemeld dat dit

duidelik is dat die aanslag op boere vererger. Volgens hom is dit deel van ‘n omvattende proses om dit vir mense so moeilik as moontlik te maak om te boer en dat daar geen twyfel bestaan dat dit die doel van plaasaanvalle is om boere van die grond af te verdryf nie (Beeld 25 Mei 2004). Dit is duidelik dat die kwessie van grondhervorming wel as ‘n katalisator tot plaasaanvalle gesien kan word. In ‘n verklaring op 8 November 2004 spreek die nuut-verkose president van AgriSA, Lourie Bosman, sy kommer uit oor die onverantwoordelike uitsprake wat verskeie organisasies onlangs oor grond en grondeienaarskap sou gemaak het. Volgens hom skep dié uitlatings potensiaal vir konflik wat ‘n negatiewe impak op landelike veiligheid en stabiliteit kan hê. Kommer word ook uitgespreek dat geen vordering met swart ekonomiese bemagting in die landbousektor gemaak sal word nie, indien landelike veiligheid nie spoedig aangespreek en herstel word nie (Daily Dispatch 8 November 2004).

In ‘n verklaring van Vrystaat Landbou tydens Januarie 2005 word dit gemeld dat die oorgrote meerderheid van aanvalle op plase in die Vrystaat uit wraak gedoen word waar iemand soos ‘n oud-werker die boer of sy gesin leed wil aandoen. ‘n Beroep word op boere gedoen om hul werkers menswaardig te hanteer en gesonde verhoudinge met hul werkers te kweek. Baie keer kom inligting wat plaasaanvalle kan voorkom huis van plaaswerkers af. Verdere oorsake vir plaasaanvalle wat uitgelig word, is werkloosheid, nalatigheid aan die kant van die boere soos sleutels wat in voertuie vergeet word en die onbetrokkenheid van die boere by die gesamentlike gebeurlikheidsplan waarbinne die polisie, weermag en georganiseerde landbou saamwerk (Beeld 10 Januarie 2005).

‘n Aspek wat egter deurlopend in uitlatings van die georganiseerde landbou opduik is die gebrek aan vertroue in die regeringinstellings wat vir wetstoepassing verantwoordelik is. Een van menige uitsprake in die verband, wat ook kenmerkend van ander sodanige uitsprake is, is die van Louis Meintjies, voorsitter van die Cullinan Distrikslandbou Unie na aanleiding van ‘n vlaag aanvalle in die distrik. Volgens Meintjies is ‘n gebrek aan polisiebeamtes en hulpbronne vir die vlaag aanvalle verantwoordelik. Hy beweer voorts dat die planne van die polisie om

plaasmoorde te bekamp deur swak regulasies en besluite in die wiele gery word en dat dit duidelik is dat die polisie geen belang by die landbou-gemeenskap het nie (Pretoria News 16 November 2004). Soortgelyke bewerings is ook deur boere in die Levubu-distrik in Limpopo gemaak. Dit word beweer dat klagtes van boere by die polisie op dowe ore val en dat die telefoon by die polisiekantoor dikwels nie eens beantwoord word nie (Beeld 14 Oktober 2003).

Hierbenewens word die vertroue in die polisie verder vertroebel deur die betrokkenheid van persone wat in polisie uniforms geklee is of hul as polisiebeamptes voordoen, by aanvalle. Na aanleiding van 'n aanval op 'n gesin in die Frankfort-distrik waarby 'n persoon wat 'n polisie uniform gedra het betrokke was, het Lourie Bosman van AgiSA die uitlating gemaak dat die toenemende aantal insidente wat gerapporteer word waarvan die aanvallers polisie uniforms gedra het 'n groot bron van kommer is. Na aanleiding hiervan het hy 'n beroep op sy lede gedoen om die Protokol op Toegang tot Plase waartoe in oorlegpleging met die veiligheidsmagte oorengekom is, streng toe te pas. Hiervolgens moet daar in die geval van roetine besoeke vooraf toestemming tot toegang verkry word om te voorkom dat persone wat hulle as polisiebeamptes voordoen sonder 'n geldige aanstellingsertifikaat toegang tot die plaas verkry (Daily Dispatch 8 November 2004).

'n Aspek waaroor almal in die boerdery-gemeenskap eens is, is dat die voorkoms van plaasaanvalle 'n geweldige impak op die ekonomie het. Volgens Chris van Zyl van die TLU is die maatskaplike en ekonomiese impak van plaasmoorde- en aanvalle reusagtig. Sowat 23 000 boere het die afgelope 15 jaar die landbousektor verlaat. Daar is net sowat 30 000 kommersiële voedselprodusente oor wat sowat 40 miljoen mense van voedsel moet voorsien (Beeld 25 Mei 2004). Dit word ook uitgewys dat die voorkoms van plaasaanvalle 'n uiters negatiewe effek op winsgewende produsering van landbouprodukte en op die lange duur op voedselsekuriteit kan hê. Die ekonomie van landelike dorpe wat op die landbousektor vir oorlewing steun, word ook bedreig (Express 9 Junie 2004).

## 2.2 Aksies deur die boerdery-gemeenskap

Soos reeds vroeër vermeld, het die georganiseerde landbou deurlopend versoeke tot die regering gerig om iets aan die toenemende vlaag van plaasaanvalle te doen. Hulle is voorts ook nou betrokke by die inisiatiewe wat vanaf regeringskant ter bekamping van plaasaanvalle geloods word. Die belangrikheid van verskerpte veiligheidsmaatreëls in die bekamping van plaasaanvalle word ook terdeë deur AgriSA besef. In hierdie verband is die Agri Securitas Trustfonds in die lewe geroep wat hom daarvoor beywer om bykomende fondse tot die beskikking van die boerdery-gemeenskap te stel om plaasaanvalle en ander misdaad op 'n proaktiewe manier te bekamp. Verskeie plaasbeskermingsprojekte wat deur die boerdery-gemeenskap self geloods is, is deur die trustfonds finansiële ondersteun in 'n poging om die gemeenskap by te staan in pogings om hulself teen plaasaanvalle en ander misdaad te beskerm (Express 9 Junie 2004).

As gevolg van die gebrek in vertroue wat die boerdery-gemeenskap in die regering het om hulle veiligheid beter te kan waarborg, is vele inisiatiewe soos plaaswagte of ander inligtingstrukture deur die boerdery-gemeenskap self geloods om hul veiligheid te verbeter. Hierdie strukture ontvang ook geen finansiële ondersteuning vanaf owerheidsweë nie. Een suksesverhaal in hierdie verband is die inisiatief van Vrystaat Landbou waar inligting wat versamel is en aan die polisie oorgedra is, tot die voorkoming van 22 plaasaanvalle gedurende 2004 alleen gelei het (Beeld 10 Januarie 2005).

Benewens bovemelde aksies wat daarop gerig is om iets daadwerkliks aan die voorkoming van plaasaanvalle te doen, is daar ook reeds aksies geloods om die publiek bewus te maak van die impak van plaasaanvalle. Een sodanige aksie is die oprig van wit kruise langs hoofroetes om die slagoffers van plaasaanvalle te gedenk. Hierdie veldtog wat onder die vaandel van die Tabitha organisasie en Aksie Oorwin Plaasaanvalle geloods is, was uitsluitlik daarop gerig om die publiek bewus te maak van die lot van die boerdery-gemeenskap (Citizen 19 Junie 2004). Die oprigting van die kruise in sommige gebiede het egter tot konflik met die owerheid gelei deurdat dit in stryd met bestaande wetgewing is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die boerdery-gemeenskap ten volle bereid is om met die regering saam te werk in die bekamping van plaasaanvalle. ‘n Mate van wantroue bestaan egter in die polisie se vermoë om hulle te beskerm. As uitvloeiisel hiervan is aksies dan ook reeds binne die boerdery-gemeenskap self geneem om hul veiligheid te verbeter. Dit blyk voorts dat alhoewel hulle met die regering saamstem dat misdaad die hoofmotief agter die aanvalle is, is hulle van mening dat daar ook ander faktore is wat onderliggend aan die aanvalle kan wees. In die lig hiervan sal vervolgens gefokus word op die bevindings van die kommissies van ondersoek wat aangestel is om lig te werp op die oorsake van plaasaanvalle.

### **3. BEVINDINGS VAN KOMMISSIES VAN ONDERSOEK EN ANDER INSTANSIES**

In hierdie gedeelte sal in hoofsaak gefokus word op die bevindinge soos vervat in die sogenaamde “Britz-verslag”; die verslag van die ISS betreffende die effektiwiteit van die Landelike Beveiligingsplan; en die verslag van die Committee of Inquiry into Farm Attacks. Bovermelde verslae is oor ‘n tydperk wat vanaf 1998 tot en met 2003 strek vrygestel, en is veronderstel om ’n breë verklaring vir die onderliggende oorsake van plaasaanvalle te kan bied.

#### **3.1 Die Britz-verslag**

As uitvloeisel van die SALU se versoek gedurende 1997 dat iets aan die styging in geweldsmisdaad op plase en kleinhoewes gedoen moet word, het president Nelson Mandela vir assistent kommissaris Britz, hoof van die SAPD se Ernstige en Geweldsmisdaadeenheid en sy tweede-in-bevel direkteur Seyisi, aangestel om die ondersoek van misdade op plase en kleinhoewes te koördineer. Die bevindinge van hul ondersoek is in ‘n verslag vervat en is gebaseer op inligting en getuienis wat tydens die ondersoek versamel is. Die belangrikste bevindinge in die verslag behels die volgende:

- Dat onweerlegbare getuienis bestaan dat die motief vir ongeveer 99 persent van alle plaasaanvalle gewone misdadicheid is, met roof as die primêre dryfveer;
- geen duistere motief onderliggend aan plaasaanvalle op enige stadium geïdentifiseer kon word nie;
- enkele insidente wel voorgekom het waar rassespanning, ontslagte en spanning tussen die werknemer en werkgewer, 'n bydraende rol tot die aanvalle gespeel het;
- geen bewyse bestaan om die bewerings te staaf dat aanvallers na plase gaan met die uitsluitlike doel gaan om moord te pleeg en dan iets steel om die indruk te skep dat die motief vir die misdaad roof was nie; en
- 'n definitiewe onderskeid tussen aanvalle op plase en kleinhoewes gemaak moet word. Die persone verantwoordelik vir die aanvalle op plase is afkomstig vanaf die plaas of die onmiddellike omgewing of het familie en vriende op die plaas of in die onmiddellike omgewing. Die bewoners van plase word as sage teikens beskou as gevolg van hul geïsoleerde posisie in teenstelling met die bewoners van kleinhoewes wat nader aan die stedelike gebiede woon. Die meerderheid van diegene wat vir aanvalle op kleinhoewes verantwoordelik is, is afkomstig vanaf woongebiede of informele nedersettings in die omgewing van die kleinhoewes (Britz & Seyisi 1998: 29, 40, 42).

### **3.2 Bevindinge van die ISS**

Tydens die Beraad op Landelike Veiligheid en Sekuriteit wat op 10 Oktober 1998 gehou is, is tot die besef gekom dat die verskynsel van plaasaanvalle kompleks van aard is en spesifieke uitdagings vir die vind van oplossings vir die probleem daarstel. In die verklaring wat na die beraad uitgereik is, word onder andere ook verwys na die behoefte vir meer gedetaileerde inligting en navorsing oor die aard van die probleem van plaasaanvalle en die ontwikkeling van 'n beleidsraamwerk vir volgehoue aandag aan die probleem. Om uiting aan die doelstellings van die

beraad te gee, is 'n navorsingsprojek gedurende laaste helfte van 1999 geïnisieer waarin die ISS die leidende rol gespeel het. Die navorsing was spesifiek op die Piet Retief area in Mpumalanga, die Greytown en Ixopo areas in KwaZulu-Natal en die Wierda-brug area in Gauteng gefokus. Nieteenstaande die feit dat die ondersoek in hoofsaak daarop gerig was om die effektiwiteit van die Landelike Beveiligingsplan te ondersoek, het belangrike inligting ook na vore gekom wat moontlike verklarings vir die voorkoms van plaasaanvalle in die spesifieke gebiede kan bied.

### **3.2.1 Bevindinge betreffende die Piet Retief area**

Tydens die ondersoek is eerstens bevind dat die motief vir die meerderheid van die aanvalle die diefstal van vuurwapens, kontant en voertuie was. Die navorsingspan kon geen inligting bekom dat die verdagtes op soek na iets anders was nie. Dit is bevind dat die aanvalle in die algemeen baie goed beplan was en op goeie verkenning en inligting gebaseer was. Die aanvallers was ook goed bekend met die roetines van hul slagoffers en het geweet waar om die items waarna hulle op soek was te vind. Alhoewel dit tydens die navorsing duidelik was dat die aanvallers nie gehuiwer het om hulle slagoffers te beseer of self te dood nie, is dit bevind dat die hoë vlakke van geweld wat in sommige van die gevalle aangewend is daarop gerig was om toegang tot kluise te bekom of om die slagoffers te verhoed om hulp te kan ontbied (Schönteich 2000: 44).

Tweedens is bevind dat 'n kombinasie van plaaslike persone en persone wat na die area kom om misdaad te pleeg, vir die meerderheid van die plaasaanvalle in die area verantwoordelik was, met die plaaslike inwoners wat veral 'n belangrike rol speel in die verskaffing van taktiese inligting wat deurslaggewend vir die suksesvolle uitvoering van die aanval is. Die Piet Retief-distrik is ook 'n deurgangsroete vir streeksmigrasie na Gauteng wat daartoe lei dat 'n groot aantal vreemdelinge in die distrik aanwesig is wat vir lang tydperke anoniem en ongemerk in een van die digbevolkte informele nedersettings kan bly. In dié verband is ook bevind dat die twee mees prominente informele nedersettings by Piet Retief, Phoswa Village en Mangosotho, ook 'n rol in plaasaanvalle speel. Die nedersettings is dig bevolk; het

geen straatkaarte nie wat effektiewe polisiëring onmoontlik maak; en is ook omring deur digte plantegroei van die omliggende bosbouplase wat uitstekende skuiling na 'n plaasaanval bied. Die moontlikheid bestaan ook dat die smokkelkroeë en ander openbare plekke in die nedersettings as ideale plekke dien waar buitestanders inligting oor die distrik van plaaslike inwoners bekom en hulle ook oorreed om aan die aanvalle deel te neem. (Schönteich 2000: 45).

Alhoewel daar geen konkrete bewyse tydens die navorsing gevind kon word dat swak arbeidsverhoudinge samelopend met die grootskaalse uitsettings en daaropvolgende grondeise direk met plaasaanvalle verbind kan word nie, kan die blote aanwesigheid van dié faktore moontlik 'n rol speel in die identifisering van spesifieke plase wat om ander redes geteiken word. Die navorsing het laastens bevind dat daar 'n ernstige en endemiese krisis in die verhouding tussen plaaslike boere en die tradisionele arbeid bestaan. Sedert die laaste gedeelte van die 19de eeu het boere weiveld vir arbeid verruil. Gedurende die afgelope drie of vier dekades het hierdie stelsel onder druk gekom vanweë die feit dat van die boere meer grond vir bosbouplantasies benodig het en minder grond vir weiding beskikbaar kon stel. Van die jonger geslag was nie meer geneë met die loonlose ekonomie van Piet Retief nie (die verruiling van arbeid vir weiding) en het in die stede gaan werk. Hierdie gebruik het ook daartoe geleid dat van die ouer bewoners wat nie meer kan werk nie van die plase waarop hulle hul hele lewe gewoon het, uitgesit is. Volgens die boere is groot getalle persone op plase woonagtig wat nie op die plase werksaam is nie. Dit lei daartoe dat hul deurlopend persone wat nie op die plase werk nie moet verwyder om te voorkom dat hul grond deur die persone beset word. Gedurende die laat 1980's en die middel 1990's het twee grootskaalse uitsettings ook in die distrik voorgekom. Van diegene wat uitgesit is het openlik verklaar dat hulle grondeise ten opsigte van die grond gaan instel. Verskeie boere in die Piet Retief distrik het ook verklaar dat hulle almal wat 'n grondeis op hulle eiendom instel, summier sal uitsit (Schönteich 2000: 46 - 47).

'n Verdere aspek wat tydens die navorsing na vore gekom het, is dat beide die kommandostelsel en veiligheidselsisteem in die area, wat die kern van die

Landelike Beveiligingsplan vorm, slegs uit blankes bestaan en dat plaaswerkers geensins daarby betrek is nie. Hierdie aspek is kommerwekkend, gesien in die lig van die swak arbeidsverhoudinge wat reeds kenmerkend aan 'n deel van die distrik is. 'n Gebrek in die intelligensie insamelingsvermoë van die polisie in die area is ook geïdentifiseer. Van die senior provinsiale polisiebeamptes sou ook erken het dat indien die verdagtes nie onmiddellik na 'n aanval deur burgerlikes gearresteer word nie, die kanse skraal is dat hulle ooit gearresteer sal word (Schönteich 2000: 50 -51).

### **3.2.2 Bevindinge betreffende die Natalse Middelande area**

Uit gevallestudies wat tydens die navorsing ontleed is, het dit aan die lig gekom dat die bekom van kontant, voertuie en vuurwapens in hierdie area ook van die mees prominente motiewe vir plaasaanvalle was. Net soos in die geval van die Piet Retief area, word van die aanvalle deur 'n kombinasie van vreemdelinge en persone wat op die plaas woonagtig is of een of ander verbintenis daarmee het, gepleeg. Dit is bevind dat van die aanvalle gebaseer was op grond van inligting oor die beskikbaarheid van groot bedrae kontant of die bewegings van die slagoffer op spesifieke dae wat slegs bekom kon word vanaf persone wat self op die plase woonagtig was. Volgens inligting wat tydens die navorsing vanaf die polisie bekom is, is ongeveer 30 persent van die verdagtes wat vir plaasaanvalle in die Greytown area gearresteer is, vanaf Gauteng afkomstig en blyk professionele kriminele te wees met bande in die gebied waar die aanvalle plaasvind, sowel as in die onwettige markte in die stedelike gebiede (Schönteich 2000: 60 - 61).

'n Tweede aspek wat moontlik ook onderliggend aan plaasaanvalle in hierdie area mag wees, is die indringing van boere se grond deur bewoners van die omliggende tradisionele gebiede. Volgens inligting wat bekom is, is ten minste sewe plase in die noorde van die Greytown distrik sedert 1999 reeds deur indringing vanaf die tradisionele gebiede geraak. Die indringing van die grond geskied op twee afsonderlike wyses. Eerstens word 'n grondeis ingestel, waarna die boer instem om die grond te verkoop. Sodra dit bekend word dat die boer die grond verlaat het,

word dit ingedring met beeste en bokke vanaf die omliggende tradisionele gebiede en word informele behuisingsstrukture daarop aangebring. Weens die feit dat die proses uiter traag verloop verkeer die boer na twee of drie jaar in onsekerheid of die transaksie wel gaan realiseer en wil die grond self weer gebruik. Dit veroorsaak dan wrywing met diegene wat hul daar gevestig het. In die tweede wyse waar geen grondeis teen die grond ingestel is nie, begin diegene wat op die grens met die plaas woon met 'n stille en subtiese proses van intringing. 'n Gedeelte van die plaas word deur die besetters geïdentifiseer, gewasse wat op die gedeelte gesaai is word vernietig en vee gedood. Die eienaar van die plaas onttrek hom aan die gedeelte van die plaas waarop intringing en besetting spoedig plaasvind. In twee plaasmoorde, een in die Greytown-distrik en een in die Ixopo-distrik kan 'n verband met die intringing van grond gevind word. Tydens die navorsing is dit egter bevind dat die vrees vir die intringing van grond eerder met die toekomstige lewensvatbaarheid van landboubedrywighede in die area as persoonlike veiligheid in verband gebring kan word (Schönteich 2000: 56 - 57, 66).

Tydens die navorsing het dit ook aan die lig gekom dat in beide die Greytown- en Ixopo-distrikte die kern van landelike beveiliging in burgerlike inisiatiewe lê wat op eie onkoste bedryf word. Hierdie aspek het reeds in die Ixopo-distrik groot ongelukkigheid onder die boerdery-gemeenskap veroorsaak en geleid tot eise dat hulle deur die regering gesubsidente moet word aangesien hulle 'n staatsfunksie moet vervul. Alhoewel kommandostrukture in beide distrikte aanwesig is, is die lede wat in die Ixopo-distrik vir patrollies in die landelike gebiede verantwoordelik is, uitsluitlik blank (Schönteich 2000: 62, 67).

### **3.2.3 Bevindinge betreffende die Wierdapark area**

Hierdie area wat hoofsaaklik 'n stedelike gebied is, huisves ook 'n aantal informele nedersettings, 'n wydverspreide gebied van kleinhoewes en 'n paar plase. Die meeste van die kleinhoewes, wat in wese groot residensiële persele is, word nie vir kommersiële doeleindes aangewend nie.

Alhoewel intensiewe pogings deur die navorsingspan aangewend is om ander motiewe as suiwere gierigheid vir die aanvalle te vind, kon geen ander motief gevind word nie. Tydens al die aanvalle wat ontleed is het dit aan die lig gekom dat die bekom van waardevolle artikels soos kontant, elektroniese toestelle en voertuie hoog op die aanvallers se agenda was. In teenstelling met die Piet Retief en Middelande areas waar die bekom van vuurwapens ook 'n moontlike motief was, kon geen inligting in dié verband bekom word nie. In verskeie van die aanvalle wat ontleed is, is aanduidings gevind van die betrokkenheid van werkers wat in diens van die slagoffers is of was. In hierdie gevalle was dit duidelik dat die aanvallers vertroud met die terrein van die kleinhoewe en die binnekant van die woning was en geweet het waar kluse en waardevolle items verstek is. Wat egter opmerklik in die meeste van die aanvalle was, is dat die kleinhoewe in die tydperk voor die aanval die teiken van toenemende viktimisasie was wat normaalweg met die diefstal van klein items op die perseel begin, gevolg deur die beskadiging van eiendom of inbrake in die afwesigheid van die inwoners en wat met 'n gewapende roof eindig. Soos wat in die ander twee areas bevind is, was beide persone van binne die gebied sowel as persone wat geen verbintenis met die perseel het nie, by die aanvalle betrokke. Die vlakke van geweld tydens die aanvalle aangewend blyk ook laer te wees as in die twee ander landelike areas (Schönteich 2000: 71 - 73).

### **3.3 Bevindinge van die “Committee of Inquiry into Farm Attacks”**

Vanweë die feit dat die boerdery-gemeenskap reeds vir etlike jare toenemend deur die voorkoms van plaasaanvalle geteister is, is 'n versoek in 2001 tot die voormalige Minister vir Veiligheid en Sekuriteit, Steve Tshwete gerig dat iets daadwerklik aan die situasie gedoen moet word. As uitsloeiing hiervan het Tshwete die Nasionale Kommissaris van die SAPD versoek om bovermelde komitee onder die leiding van advokaat CF du Plessis in die lewe te roep. Die opdrag van die Komitee was om ondersoek in te stel na die deurlopende voorkoms van aanvalle op plase en kleinhoewes wat misdade soos moord, roof en verkragting insluit ten einde die motiewe daaragter te bepaal en om aanbevelings gegrond op die bevindinge te maak.

In die samevatting van die Komitee se bevindinge wat in 2003 bekend gemaak is, word die volgende aspekte bespreek: die aantal plaasaanvalle; die motiewe vir plaasaanvalle; grondbesettings; geweld tydens plaasaanvalle; rassekwessies; die strafregstelsel; en die impak van trauma. Dié aspekte sal vervolgens kortlik aangeraak word.

### **3.3.1 Die aantal plaasaanvalle**

Die Komitee het bevind dat plaasaanvalle tussen 1991 en 2001 toegeneem het, maar skyn tydens 2002 te gestabiliseer het en mag selfs aan die afneem wees. ‘n Afname in die aantal moorde gepleeg tydens aanvalle is ook tussen 1998 en 2001 te bespeur en blyk verder in 2002 te gedaal het. Alhoewel verbeterings in die situasie waarneembaar is, is die akkurate rapportering van plaasaanvalle, veral op die grond- en middelvlak, steeds ‘n probleem (RSA 2003: 476).

### **3.3.2 Die motiewe vir plaasaanvalle**

Die Komitee het gepoog om die motiewe vir plaasaanvalle, en veral of daar ‘n onderliggende politieke of rassemotief was, so deeglik as moontlik na te vors. Die grootste meerderheid van plaasaanvalle word by verre deur die begeerte om te roof of te steel gemotiveer. Beide plaaslike persone en vreemdelinge is by die aanvalle betrokke. Alhoewel daar wel gevalle met politieke ondertone is, is dit baie gering. Plaasaanvalle word in die algemeen ook nie met ‘militêre presiesheid’ uitgevoer nie. Geen aanduiding kon ook gevind word van enige organisasie wat plaasaanvalle inisieer nie, met die uitsondering van enkele insidente wat met grondbesettings verband hou (RSA 2003: 477).

### **3.3.3 Grondbesettings**

Dit is bevind dat grondbesettings dikwels met insidente van intimidasie en brandstigting gepaard gaan, wat volgens die definisie van plaasaanvalle, ‘n aanval

uitmaak. In sommige gevalle van grondbesettings is getuienis wel gevind van ‘n mate van organisering, insluitend deur van die tradisionele leiers in KwaZulu-Natal. Aanduidings bestaan ook dat hierdie besettings in alle waarskynlikheid gaan toeneem wat ‘n groot bron van kommer is. Voorbeeld van onprofessionele en selfs ongrondwetlike optrede deur amptenare van die kantoor van die Grondeise-Kommissie wat ‘n negatiewe impak op die boerdery-gemeenskap het, is ook onder die Komitee se aandag gebring. Gevalle waar die SAPD in gebreke gebly het om die boere in die toepassing van wetgewing betreffende grondbesettings by te staan, het ook aan die lig gekom. Die Komitee beveel aan dat die Ministeries van Grondsake en Veiligheid en Sekuriteit dringend moet toesien dat die bepaalde wetgewing toegepas word en dat die grondwetlike regte van grondeienaars beskerm word. Die proses van grondhervorming moet ook in ooreenstemming met bestaande wetgewing versnel word (RSA 2003: 477).

### **3.3.4 Geweld tydens plaasaanvalle**

Baie plaasaanvalle is uitermatig gewelddadig en die gepaardgaande hoë publisiteit wat sodanige aanvalle geniet lei tot die persepsie dat alle plaasaanvalle so is. Dit is egter nie tipies van die meerderheid van plaasaanvalle nie. Die Komitee het dit egter moeilik gevind om ‘n gesikte basis vir ‘n vergelykende studie te verkry om te kan bepaal of plaasaanvalle meer gewelddadig as ander soortgelyke misdade is. Aangesien die meeste plaasaanvalle in die vorm van roof manifesteer, is gepoog om vergelykings tussen plaasaanvalle en transito- en huisrowe in stedelike gebiede te tref. Dit is bevind dat die slagoffers van plaasaanvalle ‘n groter risiko loop om gedood te word as die slagoffers van transitorowe. Dit is voorts bevind dat daar ‘n groter kans is dat slagoffers tydens ‘n roof op plase beseer kan word as wat die geval in stedelike gebiede is. Die Komitee het bevind dat daar derhalwe steun vir die idee is dat plaasaanvalle meer gewelddadig as ander tipes roof is, maar dat die beskikbare statistiese data onvoldoende vir ‘n behoorlike ontleding is. Verdere navorsing in dié verband is aanbeveel (RSA 2003: 477).

### **3.3.5 Rassekwessies**

Dit het aan die lig gekom dat net meer as 60 persent van die slagoffers van plaasaanvalle gedurende 2001 blank was, maar dat daar aanduidings is dat die proporsie swart slagoffers besig is om toe te neem. Dit blyk egter of daar 'n aansienlike hoër risiko is dat 'n blanke slagoffer gedood of beseer kan word as 'n swart slagoffer. Behalwe vir enkele individuele gevalle kon die Komitee nie 'n onderliggende rassemotief vir hierdie verskynsel vind nie, en mag 'n verskeidenheid van ander faktore vir die verskynsel verantwoordelik wees (RSA 2003: 478).

### **3.3.6 Die strafregstelsel**

Dit is gevind dat die ondersoek van plaasaanvalle hoë prioriteit geniet en die vlak van skuldigbevindings vir plaasaanvalle hoër is as vir ander soortgelyke misdade. Dit skyn verband te hou met die feit dat die ondersoeke deur spesialiseenhede van die SAPD hanteer word. Daar is egter in die algemeen ontevredenheid onder boere oor die dienslewering van plaaslike polisiestasies en daar is 'n gebrek aan hulpbronne soos personeel en voertuie in die landelike gebiede. Die vervanging van die kommandostelsel met Area Misdaadbestrydingseenhede en sektorpolisiëring word deur die Komitee gesteun, solank dit reg hanteer word. Dit is ook aanbeveel dat die beskikbare hulpbronne optimaal benut word en dat die speurderkapasiteit in die landelike gebiede verhoog word. Dit is voorts belangrik dat al die plaaslike inwoners by strukture soos die Gemeenskap Polisiëringforums en die Landelike Beveiligingsplan betrek word (RSA 2003: 478).

### **3.3.7 Sekuriteit op plase en kleinhoewes**

Daar is 'n verskeidenheid van redes waarom misdadigers plase en kleinhoewes teiken. Baie boere het nie eens basiese veiligheidsmaatreëls soos diefwering en waghone, wat relatief goedkoop en wat aanvallers mag afskrik, in plek nie. Daar is ook in die algemeen 'n gebrek aan waaksamheid. Die Komitee se navorsing het

ook aangetoon dat dit voordeilig sou wees vir potensiële slagoffers om opleiding oor hoe om tydens 'n plaasaanval te reageer, te ontvang. Dit is voorts noodsaaklik dat private sekuriteitsfirmas wat in die boerdery-gemeenskap werk, by die regulerende gesag geregistreer moet wees en hul optrede tot voordeel van die hele gemeenskap moet wees. Plaasaanvalle mag die verhouding tussen boere en hul werkers versuur en maniere moet gevind word om die vertroue te herstel en om verhoudinge in landelike gebiede te versterk (RSA 2003: 478).

### **3.3.8 Die impak van trauma**

Die finansiële impak van plaasaanvalle op die boerdery-gemeenskap is geweldig. In opnames van AgriSA is gevind dat in gevalle waar 'n boer gedood is dit gemiddeld 18 maande duur voordat die plaas weer produktief is. Die bestaan van vele individue - die boer, die plaaswerkers en hul gesinne - word deur so 'n aanval geraak. Die impak van plaasaanvalle op die psige van die slagoffers kan ewe katastrofies wees. Die Komitee is van mening dat dit noodsaaklik is dat die Suid-Afrikaanse landbougemeenskap, en die gemeenskap in die algemeen, die nodige infrastruktuur skep om die trauma te kan hanteer. Die probleem van traumatisiese stres wat deur plaasaanvalle veroorsaak word moet nie net op die reaktiewevlak deur die totstandkoming van traumasentrums met opgeleide personeel aangespreek word nie, maar ook op 'n proaktiewe vlak met werkswinkels vir boere, plaaswerkers en hulle gesinne (RSA 2003: 478).

Uit die bevindinge van bostaande drie ondersoeke is verskeie raakpunte geïdentifiseer. Dit blyk duidelik dat suiwer misdadigheid geïnspireer deur gierigheid, die hoofmotief vir plaasaanvalle is waarby 'n kombinasie van plaaslike inwoners sowel as persone wat nie met die omgewing bekend is nie, betrokke is. Hierdie tendens lei daartoe dat die verdagtes in baie van die gevalle presies weet wat die bewegings van hul slagoffers is en ook waar om dit waarna hul op soek is te vind. Die kwessie van grondhervorming en die onwettige besetting van grond, gepaardgaande met swak arbeidsverhoudinge is ook 'n faktor wat in enkele gevalle onderliggend aan die voorkoms van plaasaanvalle kan wees. 'n Aspek wat voorts

duidelik uitstaan in die bevindinge van die laaste twee ondersoeke is die skynbare onvermoë van die staat om sy plig behoorlik uit te voer in die beskerming van persone in landelike gebiede en dat van die strukture wat wel bestaan, soos die kommandos, nie verteenwoordigend van die samelewing is nie.

#### 4. SAMEVATTING

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die kwessie van plaasaanvalle deur beide die regering en die boerdery-gemeenskap met erns bejeen word. Dit kom ook aan die lig dat spesifieke aksies reeds deur beide die regering en georganiseerde landbou, hetsy gesamentlik of afsonderlik, geneem is in pogings om die voorkoms van plaasaanvalle te bekamp. Dit blyk egter ook dat daar kommer in die geledere van die boerdery-gemeenskap bestaan oor die sukses van die regering se aksies en vermoë om die voorkoms van plaasaanvalle hok te slaan. Wat egter positief is, is die deurlopende dialoog wat tussen die twee partye bestaan.

In die bevindinge van die kommissies van ondersoek en ander navorsing bestaan daar eenstemmigheid dat suiwere kriminaliteit die hoofmotief agter plaasaanvalle is. Dit is egter insiggewend dat aksies of nalate aan die kant van beide die regering en die boerdery-gemeenskap ook in die bevindinge uitgewys is as faktore wat die veiligheidsklimaat in die landelike gebiede negatief beïnvloed. Wat egter gerusstellend is, is dat geen getuienis gevind kon word oor duistere motiewe agter, of 'n 'derde mag' betrokke by die aanvalle nie. Dit blyk dus dat die kwessies wat onderliggend aan plaasaanvalle is deels deur middel van maatskaplike opheffing en verbeterde veiligheidstrategieë aangespreek kan word. Hierdie aspek sal onder andere in die volgende hoofstuk bespreek word.

## **HOOFSTUK 5**

### **EVALUASIE**

In hierdie finale hoofstuk wat 'n samevatting en evaluasie van die voorafgaande hoofstukke bevat, sal die veronderstellings oor die voorkoms van plaasaanvalle soos in die Inleiding gestel, getoets word en sal die kwessie of plaasaanvalle wel 'n ernstige effek op veiligheid, en in die besonder op nasionale veiligheid het, aangeraak word.

#### **1. SAMEVATTING**

In die ontleding van faktore en gebeure wat onderliggend aan die voorkoms van plaasaanvalle mag wees, is gevind dat die konsep veiligheid gesien word as 'n voorvereiste vir 'n beskaafde en voorspoedige bestaan. Die staat word as die basis vir die ontwikkeling en vooruitgang waarop hierdie goeie lewe gebou moet word, gesien. Dit het voorts aan die lig gekom dat na die beëindiging van die Koue Oorlog van die faktore wat nasionale veiligheid negatief beïnvloed, veral in Derde Wêreldstate, hul oorsprong binne die state self het. Uit die aard hiervan word groter klem geplaas op individuele veiligheid. Ten spyte van die besondere verhouding wat daar tussen individuele en nasionale veiligheid bestaan, is alle bedreigings vir individuele veiligheid nie noodwendig ook 'n bedreiging vir nasionale veiligheid nie. Die intensiteit, omvang en gevolge van 'n bepaalde bedreiging sal in 'n spesifieke situasie bepaal of dit net die veiligheid van 'n bepaalde groep individue raak, en of dit ook nasionale veiligheid raak.

Dit is voorts bevind dat in ander ontwikkelende state waar politieke oorgang plaasgevind het, en veral waar dié oorgang vanaf kolonialisme of vanaf outokratiese beheer met rewolusionêre optrede gepaard gegaan het, 'n verhoging in misdaad 'n universele verskynsel is. Die gevoel van relatiewe ontneming onder diegene wat van mening is dat hulle omstandighede nie enigsins met die oorgang verbeter is nie, kan tot frustrasie lei wat 'n sneller tot gewelddadige optrede soos geweldsmisdaad

kan wees. Laasgenoemde strook ook met die siening dat een van die oorsake van geweld maatskaplike en strukturele probleme soos armoede en langtermyn werkloosheid is wat aanleiding gee tot anti-sosiale gedrag. Daar blyk ook 'n direkte verwantskap tussen die ongelyke verdeling van grond en die potensiaal vir 'n rewolusie te bestaan. Sabotasie van belangrike sleutelpunte soos die landbou- en nywerheidsektore speel 'n belangrike rol om die opponente se posisie te verswak. Persone wat vertroud is met die opset van die teiken speel ook 'n deurslaggewende rol in sabotasie deur aan te dui waar die meeste skade aangerig kan word.

Dit blyk ook dat sekere aspekte van Suid-Afrika se politieke verlede onderliggend aan die voorkoms van geweld, en dus ook plaasaanvalle kan wees. Onder die apartheidsbewind was swartmense van politieke voorregte en ook grond ontneem. Die herstel van grondregte is 'n aspek wat deurlopend in die agenda van die voormalige bevrydingsorganisasies voorgekom het. Uit die aard van internasionale ondervinding betreffende die herstel van grondregte na politieke oorgang, het die Suid-Afrikaanse regering besef dat dié kwessie spesifieke en spoedige aandag moet geniet. In dié verband is verskeie wette reeds sedert 1994 deur die regering aanvaar wat gemik is op die herstel van grondregte; die beskerming van die verblyfreg van persone wat hulle op grond bevind waar hulle reeds vir 'n bepaalde tydperk woonagtig is; sowel as die voorkoming van onwettige besetting van grond.

Uit internasionale ervaring het dit aan die lig gekom dat 'n verhoging in misdaad, veral waar dit met rewolusionêre optrede gepaardgaan, 'n verskynsel is wat nie net tot Suid-Afrika beperk is nie. Tydens sodanige oorgang ontstaan die situasie ook dat sommige van diegene wat veronderstel is om by die oorgang te baat, die mening huldig dat hul posisie geensins verbeter het nie en dat hulle dan ander opsies oorweeg om hul posisie te verbeter, soos om by misdaad betrokke te raak. Van diegene wat by die rewolusionêre stryd betrokke was, gaan na die beëindiging daarvan steeds voort met hul aktiwiteite wat gewelddadige aanvalle op weerlose slagoffers insluit. Dit blyk ook dat daar 'n verval in die waardesisteme van gemeenskappe plaasvind deurdat die jeug nie meer soos in die verlede bereid is om deur harde werk vooruit te gaan nie, en hul enigste aspirasie neig om vinnige

rykdom te wees waarvan misdaad ‘n integrale deel vorm. Anders as die algemene persepsie het ‘n verhoging in misdaad, en in besonder geweldsmisdaad, in Suid-Afrika reeds voorgekom in die periode wat die politieke oorgang voorafgegaan het en het dit na die oorgang voortgegaan om onaanvaarbare hoë vlakke te bereik. Die politieke aanvaarding van Suid-Afrika in die internasionale arena het bygedra tot die verslapping van grensbeheer wat nuwe moontlikhede vir georganiseerde misdaad geskep het. Geweldige hoë vlakke van die gebruik van vuurwapens in misdaad is ook aan die orde van die dag. Die beskikbaarheid van vuurwapens wat tydens die bevrydingstryd in Suid-Afrika gebruik is, sowel as in buurstate waar politieke oorgang ook met rewolusionêre optrede gepaard gegaan het, blyk hierin ‘n rol te speel. Waar ‘n hoë persentasie van moorde tydens die periode voor 1994 met politieke bedrywighede geassosieer is, spruit dit tydens die periode na 1994 hoofsaaklik uit sosiale interaksie en eiendomsmisdaad soos roof.

In die ontleding van plaasaanvalle in Suid-Afrika is gevind dat ‘n totaal van 5 717 aanvalle gedurende die tydperk vanaf 1997 tot 2003 voorgekom het, met ‘n hoogtepunt in 2001 waarna dit geleidelik begin afplat het. Die drie provinsies waar die meeste aanvalle plaasvind is Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal. Tydens die periode onder bespreking is ‘n totaal van 862 persone ook vermoor, met die meeste slagoffers onderskeidelik in KwaZulu-Natal, Gauteng en Mpumalanga.

Dit is bevind dat alhoewel die persentasie swartmense wat die slagoffers van plaasaanvalle is stelselmatig besig is om toe te neem, die meerderheid van die slagoffers steeds blankes is. Ongeveer twee-derdes van die slagoffers is ook mans. Wat opmerklik is, is dat die persentasie ouer persone (50 jaar en ouer) wat die slagoffers van aanvalle is, ‘n skerp daling tussen 1997 en 2002 getoon het. Hierdie tendens mag moontlik verband hou met die ontvolking van die plase van ouer persone as gevolg van die veiligheidsrisiko’s voortspruitend uit plaasaanvalle. ‘n Aspek wat egter duidelik na vore kom is die hoë vlakke van geweld wat met die aanvalle gepaardgaan.

Dit blyk duidelik dat die bewoners van plase op enige gegewe tydstip die slagoffers

van aanvalle kan word. Die oorgrote meerderheid van die aanvalle vind ook binne die slagoffer se woning self plaas. Dit is ook duidelik dat van hierdie aanvalle huis hier plaasgevind het as gevolg van nalatigheid of goedgelowigheid aan die kant van slagoffers om deure vir vreemdes oop te maak of hul deure en vensters oop te los. Dit is egter 'n feit dat boere meer kwesbaar vir aanvalle as die meeste ander beroepe is deurdat hulle soms afgeleë plekke op hul plase moet besoek en snags aan noodgevalle aandag moet gee. Dit gee dan ook daartoe aanleiding dat hulle ook op enige plek op hulle plase aangeval kan word en is ook kwesbaar vir lokvalle wanneer hulle die plaas nader of die woning verlaat.

Tydens die ontleding van die aanvalle het dit aan die lig gekom dat roof die mees prominente misdaad is wat tydens aanvalle gepleeg word. Die voorkoms van geweldsmisdade in die vorm van moord, poging tot moord en verkragting is ook kenmerkend van plaasaanvalle. Die hoë frekwensie van die vermelde misdaadkategorieë is ook aanduidend van die omvang van die geweld waarmee die aanvalle gepaardgaan. Die drie items wat die meeste tydens aanvalle geroof word is kontant, vuurwapens en voertuie. Die feit dat kontant die item is wat die meeste geroof word is aanduidend van die feit dat plase as sagte teikens geïdentifiseer word om vinnig geld in die hande te kry. Die moontlikheid bestaan ook dat inligting met betrekking tot die aanwesigheid van groot bedrae kontant ook 'n rol kan speel in die spesifieke tydstip en teiken van 'n plaasaanval.

Dit is duidelik dat die meeste aanvalle tot 'n mate vooraf beplan moet wees, gegewe die feit dat in die oorgrote meerderheid van die gevalle groepe van twee of meer persone by die aanvalle betrokke is. Slegs 'n klein persentasie van aanvallers blyk vooraf aan hulle slagoffers bekend te wees, wat die persepsie dat aanvalle aangevuur word deur eienaars wat hul werkers swak behandel, negeer. Dit is wel bevind dat persone wat bekend met die omgewing is of daaruit afkomstig is by 'n groot aantal aanvalle betrokke is. Uit 'n ontleding van die beskikbare inligting blyk dit dat die oorgrote meerderheid van aanvallers hoofsaaklik swart mans tussen die ouderdom van 20 en 30 jaar is en werkloos is.

Uit die ontleding van die optrede van beide die regering en die georganiseerde landbou in die bekamping van plaasaanvalle is dit duidelik dat plaasaanvalle as ‘n ernstige bedreiging vir stabiliteit in die landelike gebiede beskou word. Die hou van ‘n Beraad oor Landelike Veiligheid en Sekuriteit; die implementering van die Landelike Beveiligingsplan; en die vervanging van die kommandostelsel met sektorpolisiëring as gevolg van bepaalde gebreke in die stelsel en die feit dat landelike beveiliging primêr ‘n polisiefunksie is, is aanduidend van die regering se reaksie in hierdie verband. Daar blyk ook samewerking in die bekamping van plaasaanvalle tussen die regering en die georganiseerde landbou te wees, alhoewel die opregtheid van die regering se optrede in dié verband soms deur die boerdery-gemeenskap in twyfel getrek word. Onverantwoordelike uitsprake deur persone wat met die regering verbind word, werk ook negatief op die verhouding tussen die partye in. Die boerdery-gemeenskap het ook reeds self strukture totstand gebring om hul veiligheid te verbeter. Waar die regering deurgaans die standpunt huldig dat die hoofmotief vir plaasaanvalle suiwere kriminaliteit is, word daar in sekere kringe in die boerdery-gemeenskap die mening gehuldig dat daar ander motiewe ook moet wees, gegewe die omstandighede waarbinne sekere aanvalle plaasvind. Diesulkes huldig ook die mening dat dit ‘n georganiseerde poging is om blanke boere van hul grond te verdryf.

## **2. TOETSING VAN VERONDERSTELLINGS**

Om ‘n meer omvattende begrip van die verskynsel van plaasaanvalle te verkry is die studie op die volgende drie veronderstellings gegrond: dat aanduidings wel bestaan dat plaasaanvalle in Suid-Afrika meer as net gewone kriminele optrede weerspieël; dat die bekamping van plaasaanvalle besondere maatreëls vereis; en dat plaasaanvalle in ander Afrikastate en voor 1994 in sommige gevalle ook in Suid-Afrika, duidelik politieke motiewe getoon het. Bovermelde veronderstellings sal vervolgens getoets word ooreenkomsdig die analyses in die vorige hoofstukke.

## 2.1 Plaasaanvalle meer as blote kriminaliteit

In die ontleding van die bevindings van die kommissies van ondersoek en ander navorsing oor die onderliggende oorsake vir plaasaanvalle, is gevind dat die oorgrote meerderheid van plaasaanvalle by verre deur die begeerte om te roof of te steel gemotiveer word. Alhoewel daar gevalle met politieke ondertone gevind is, is dit baie gering. In teenstelling met die persepsie wat binne sekere kringe bestaan, kon geen aanduiding gevind word van enige spesifieke organisasie wat plaasaanvalle inisieer nie, met die uitsondering van enkele insidente wat met grondbesetting verband hou. Geen bevestiging kon ook gevind word dat plaasaanvalle met militêre presiesheid uitgevoer word nie. Wat wel na vore gekom het, is dat aanduidings bestaan dat plaasaanvalle meer gewelddadig as roof in stedelike gebiede is. Alhoewel daar 'n aansienlike hoër risiko blyk te wees dat blankes tydens aanvalle gedood of beseer kan word as wat die geval met swart slagoffers is, kon geen onderliggende rassemotief, met die uitsondering van enkele individuele gevallen, vir die verskynsel gevind word nie en mag 'n verskeidenheid van ander faktore daarvoor verantwoordelik wees.

Uit die navorsing het dit ook aan die lig gekom dat daar ook ander faktore is wat tot 'n mindere mate onderliggend aan die voorkoms van plaasaanvalle mag wees, veral ten opsigte van die bepaling van 'n spesifieke teiken. Een sodanige aspek is grondbesettings wat met insidente van brandstigting en intimidasie gepaardgaan. In van die gevallen van grondbesetting is getuenis wel gevind van 'n mate van organisering, insluitend deur van die tradisionele leiers in KwaZulu-Natal. Swak verhoudinge tussen grondeienaars en hul werkers en persone van die omliggende gebiede kan ook tot die voorkoms van aanvalle aanleiding gee. Verdere faktore wat gevind is wat destabiliserend op die veiligheidsituasie in landelike gebiede inwerk, is dat van die strukture wat verantwoordelik is vir die beveiliging van die landelike gebiede nie verteenwoordigend van die bevolking is nie, asook dat daar op sekere plekke 'n gebrek aan die nodige veiligheidsmaatreëls bestaan wat hulle meer kwesbaar maak. Dit blyk dat die polisie nie in alle opsigte aan die verwagtinge van die boere voldoen nie en dat die vermoë van die polisie in die

opsporing van verdagtes nie na wense is nie. Onprofessionele en selfs ongrondwetlike optrede deur amptenare by die kantoor van die Grondeise-Kommissie is ook gevind om 'n negatiewe invloed op die boerdery-gemeenskap te hê.

Uit die voorgaande blyk dit dat die veronderstelling dat plaasaanvalle in Suid-Afrika meer as net gewone kriminaliteit weerspieël, slegs gedeeltelik geverifieer kan word, deurdat daar tastende bewyse bestaan dat suiwere misdadigheid die hoofmotief agter plaasaanvalle is. Slegs in enkele gevalle kon ander faktore soos grondeise; swak verhoudinge tussen werkgewers en werknemers; en rassemotiewe as onderliggend tot plaasaanvalle geïdentifiseer word. In die meerderheid van die gevalle was hierdie faktore nie die spesifieke rede waarom 'n aanval plaasgevind het nie, maar het eerder slegs 'n rol in die keuse van 'n spesifieke teiken vir 'n aanval gegrond op kriminele motiewe, gespeel.

## **2.2 Bekamping van plaasaanvalle vereis besondere maatreëls**

Soos vroeër aangetoon in die gedeelte rondom die regering se reaksie op die voorkoms van plaasaanvalle is spesifieke aksies reeds geneem om plaasaanvalle te bekamp. Spesifieke voorbeeld hiervan is die Beraad op Landelike Veiligheid en Sekuriteit en die Landelike Beveiligingsplan. Die beoogde uitfasering van die kommandostelsel en die vervanging daarvan met Area Misdaadbestrydings-eenhede en sektorpolisiëring is ook aanduidend dat die bestaande misdaadbekampingstrategieë nie die gewenste resultate kon bereik nie. Uit die aard van die impak wat die voorkoms van plaasaanvalle op die landelike gebiede in die geheel het, is dit duidelik dat die bekamping van plaasaanvalle nie in isolasie aangespreek kan word nie, maar dat dit binne die breër raamwerk van die bekamping van misdaad in die landelike gebiede aandag moet geniet. Dit is 'n realiteit dat die regering tot 'n mate gefaal het om die veiligheid van die individu beter te beskerm en moet strategieë soos die Landelike Beveiligingsplan, waarin die potensiële slagoffers van misdaad 'n belangrike rol in hul eie beveiliging speel, derhalwe optimaal ondersteun word. Samewerking tussen die regering, die

boerdery-gemeenskap en ander rolspelers is van kardinale belang om die voorkoms van aanvalle te kan bekamp.

Uit die studie blyk dit dat die bekamping van plaasaanvalle wel besondere maatreëls vereis en dat die aksies wat teen misdaad in die algemeen geneem word, nie voldoende is om die veiligheid van die boerdery-gemeenskap te waarborg nie. Die klaarblyklike stabilisering wat in die voorkoms van plaasaanvalle ervaar word, kan in alle waarskynlikheid toegeskryf word aan die besondere maatreëls wat reeds in die bekamping van plaasaanvalle geneem is. Wat egter noodsaaklik is, is dat die bestaande en toekomstige strategieë ten volle geïmplementeer word. Gebrekkige implementering hiervan sal negatief op veiligheid in die algemeen en landelike veiligheid in besonder inwerk en mag selfs tot 'n toename in plaasaanvalle aanleiding gee. Die veronderstelling dat die bekamping van plaasaanvalle besondere maatreëls vereis, kan dus in hierdie spesifieke geval geverifieer word.

### **2.3 Politieke motiewe in plaasaanvalle**

In die gedeelte van die studie oor die voorkoms van gewelddadige aanvalle op die boerdery-gemeenskappe elders in Afrika, is bevind dat daar wel politieke motiewe agter die voorkoms van plaasaanvalle elders in Afrika (Kenia en Zimbabwe) was. Uit die ontleding van die ontstaan en ontwikkeling van rewolusionêre organisasies in Suid-Afrika blyk dit dat sodanige aanvalle ook deel van die strategieë van hierdie organisasies gevorm het wat politieke oorgang in Suid-Afrika wou bewerkstellig. In Kenia het die aanvalle voortgespruit uit Afrika-nasionalisme om onder die onderdrukkende juk van kolonialisme uit te kom. Die gewelddadige aksies wat daarop gerig was om die blankes uit Kenia te verdryf, was nie net op die blankes of plase gerig nie, maar het ook mense in die dorpe en selfs plaaslike inwoners ingesluit wat in die pad van die verwesenliking van die doelstellings gestaan het. In die geval van Zimbabwe is die insurgenzie ook hoofsaaklik as gevolg van Afrika-nasionalisme gebore en uit teenkanting teen koloniale beheer wat die plaaslike inwoners van hul grond ontnem het. Die verskil is egter dat die gewelddadige aanvalle voortgegaan het nadat politieke vryheid reeds bekom is. Waar dit in Kenia

‘n spontane reaksie van die breër gemeenskap teen koloniale beheer was, het die gewelddadige aanvalle in Zimbabwe na onafhanklikheid voortgespruit uit aksies van die regering self wat ook ‘n mandaat vir groepe soos die sogenaamde oorlogsveterane geskep het om blankes met geweld van hulle plase te verdryf. Hierbenewens het Mugabe die grondkwestie ook gebruik in ‘n poging om verlore politieke steun te herwin en die magsbasis van die MDC wat in die landelike gebiede gesetel is, te ondermyn.

In Suid-Afrika het aanvalle op blankes in landelike gebiede ook deel gevorm van die strategieë van beide MK en APLA in die bevrydingstryd wat politieke oorgang in 1994 voorafgegaan het. Die aksies van MK het hoofsaaklik gemanifesteer in die plaas van landmyne in die landelike gebiede van die voormalige Noord-Transvaal wat tot die dood of verminking van etlike boere geleid het. Daarenteen was die aksies van APLA hoofsaaklik geskoei op fisiese aanvalle op afgeleë plase op die grens van die Noord-Oos Kaap en die Oos-Vrystaat en ander burgerlike teikens in die gebied. Hoewel hierdie aksies in hoofsaak daarop gerig was om die ‘vyand’ tot oorgawe te dwing, moet dit egter nie uit die oog verloren word dat een van die hoofoogmerke van die bevrydingstryd die herstel van die onregte van die verlede was, wat ook die herstel van grondregte insluit.

Uit die voorafgaande bespreking kan die veronderstelling dat die voorkoms van plaasaanvalle elders in Afrika en ook in sommige gevalle voor 1994 in Suid-Afrika wel politieke ondertone gehad het, geverifieer word. Waar plaasaanvalle wel in Zimbabwe na onafhanklikheid steeds politieke motiewe gereflekteer het, kon geen getuienis egter gevind word van enige oorheersende en ooglopende politieke motief onderliggend aan die voorkoms van plaasaanvalle in Suid-Afrika na 1994 nie.

### **3. VEILIGHEIDSRELEVANSIE VAN PLAASAANVALLE**

Uit die studie blyk dit dat die voorkoms van plaasaanvalle wel ‘n bedreiging vir veiligheid in Suid-Afrika inhoud. Alhoewel dit tans nie as sulks ‘n direkte bedreiging vir nasionale veiligheid is nie, moet dit egter binne die raamwerk van misdaad wat

wel 'n bedreiging vir nasionale veiligheid inhoud, beoordeel word. Binne die Suid-Afrikaanse vertolking van die konsep veiligheid blyk dit dat die voorkoms van plaasaanvalle 'n negatiewe impak op die individuele veiligheid van diegene wat direk daardeur geraak word het, deurdat dit inbreuk maak op hul reg om vry van vrees te kan leef. Benewens die negatiewe gevolge wat die voortdurende voorkoms van sodanige voorvalle ook op nasionale veiligheid self kan hê, kan die reaksie van die boerdery-gemeenskap ook negatiewe implikasies vir nasionale veiligheid tot gevolg hê. Dit kan daartoe lei dat boere in toenemende getalle hul plase kan verlaat wat tot 'n afname in produksie en moontlike tekorte in die voorsiening van voedsel kan lei. Dit kan ook aanleiding gee tot vigilantisme, of selfs gewelddadige betogings, sou die boere voel dat die regering nie van voornemens is of instaat is om hulle veiligheid te waarborg nie.

Dit is derhalwe nodig dat die regering die misdaadsituasie in die land, en plaasaanvalle in besonder, met die nodige erns bejeën sodat die 'kriminele' insurgensie wat onbeperk in die land voortwoed tot 'n einde gebring kan word. Die euforie van die verwerwing van politieke vryheid is verby. Indien die regering stabiliteit in die land wil verseker is dit noodsaklik dat hy daartoe moet streef om respek te kweek vir fundamentele menseregte en vryheid. Sonder stabiliteit in die land is ontwikkeling nie moontlik nie wat dan ook negatief op die ekonomiese en maatskaplike veiligheid van die individu sal inwerk. Waar individue oor 'n verhoogde gevoel van persoonlike vryheid en veiligheid beskik, is hulle ook meer geneig om aktief betrokke te raak by die oplos van probleme wat dikwels 'n uitvloeisel van die verval van die gemeenskapslewe is. Sonder 'n veilige en gelukkige boerdery-gemeenskap is voedselsekuriteit in Suid-Afrika nie gewaarborg nie.

## BRONNELYS

### 1. PRIMÊRE BRONNE

#### 1.1 Owerheidspublikasies

RSA. Suid-Afrikaanse Polisie. *Jaarverslag van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, 1992.*

RSA. Suid-Afrikaanse Polisie. *Jaarverslag van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, 1993.*

RSA. *Wet op die Herstel van Grondregte (Wet nr 22 van 1994).*

RSA. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet nr 108 van 1996).*

RSA. *Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) (Wet nr 3 van 1996).*

RSA. *Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (Wet nr 62 van 1997).*

RSA. *Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond (Wet nr 19 van 1998).*

RSA. South African Police Service. *The Incidence of Serious Crime : January to December 1998: Semester Report 1/99.*

RSA. South African Police Service. *The Incidence of Serious Crime Between 1 January and 30 June 1998: Quarterly Report 3/98.*

RSA. South African Police Service. *Attacks on farms and smallholdings: Report by the Crime Information Analysis Centre: No 2 of 1998.*

RSA. ***Address by President Mandela to the Summit on Rural Safety and Security, Midrand, 10 October 1998.***

RSA. Department of Safety and Security. ***Declaration of the Summit on Rural Safety and Security, 10 October 1998.***

RSA. 1998. SA Police Service. Britz K.J. & Seyisi M.E. ***Information Report: Attacks on Farms and Smallholdings*** (Britz Report).

RSA. 2000. Chetty R. ***Firearm Use and Distribution in South Africa***. Pretoria: National Crime Prevention Centre.

RSA. South African Police Service. ***Acts of Violence Against the Farming Community 2002.***

RSA. South African Police Service. ***Annual Report 2002/2003.***

RSA. 2003. ***Report of the Committee of Inquiry into Farm Attacks.***

RSA. ***State of the Nation Address of the President of South Africa, Thabo Mbeki, Opening of Parliament, Cape Town, 14 February 2003.***

## 1.2 Ander

African National Congress (ANC). 1955. ***The Freedom Charter.*** Kliptown.

Skweyiya Z.S.T.1989. "Constitutional Guidelines of the ANC. A vital contribution to the struggle against apartheid". ***Sechaba : The Mouthpiece of the African National Congress***, June 1989, vol 23, no 6, pp 2 - 9.

Tambo O.R.1985. "Render South Africa Ungovernable". ***Sechaba : The Mouthpiece of the African National Congress***, March 1985, pp 2 - 13.

## 2. SEKONDÊRE BRONNE

### 2.1 Boeke

Blair D.2002. **Degrees in Violence. Robert Mugabe and the Struggle for Power in Zimbabwe.** London: Acontinuum.

Burton J. 1997. **Violence explained.** Manchester: Manchester University Press.

Buzan B. 1991. **People, States and Fear.** Second Edition. Hertfordshire: Harvester Wheatsheaf.

Coetzee J.P.J. 2000. **Gister se Dade Vandag se Oordeel.** Pretoria: JP van der Walt.

Greene T.H. 1984. **Comparative Revolutionary Movements. Search for Theory and Justice.** London: Prentice-Hall International Incorporated.

Greenberg S. 2004. **The Landless People's Movement and the Failure of Post-apartheid Land Reform.** Durban: School of Development Studies, University of KwaZulu-Natal.

Gurr T.R.1970. **Why men rebel.** New Jersey: Princeton University Press.

Job B. L. (ed). 1992. **The Insecurity Dilemma: National Security of Third World States.** Colorado: Lynne Rienner.

Macphee A.M.1968. **Nations of the Modern World : Kenya.** London: Ernest Benn Limited.

Maloba W.O.1993. **Mau Mau and Kenya. An Analysis of a Peasant Revolt.** Indianapolis: Indiana University Press.

Moolman C.J.2000. ***Farm Attacks and the African Renaissance: Opposite Reactions to a Devastating European Culture.*** Pietersburg: Xerox Copi Master.

Murray M.J. 1994. ***The Revolution Deferred. The Painful Birth of Post-Apartheid South Africa.*** London: Verso.

Norval M. 1993. ***Politics by Other Means: The ANC's War on South Africa.*** Washington D.C.: Selous Foundation Press.

Rantete J.M. 1998. ***The African National Congress and the Negotiated Settlement in South Africa.*** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Schultz B.M. & Slater R.O. 1990. ***Revolution and Political Change in the Third World.*** Boulder: Lynne Rienner.

Snow D M. 1996. ***Uncivil Wars: International Security and the New Internal Conflicts.*** Lynne Rienner: Colorado.

Snyder CA (ed). 1999. ***Contemporary Security and Strategy.*** London: Macmillan.

Stoneham C.T.1953. ***Mau Mau.*** London: Museum Press Limited.

Van Zyl J., Kirsten J. & Binswanger H.P. (eds). 1996. ***Agricultural Land Reform in South Africa. Policies, Markets and Mechanism.*** Cape Town: Oxford University Press.

Wilkinson P. 1986. ***Terrorism and the Liberal State.*** New York: New York University Press.

## 2.2 Tydskrifte

De Kock C.P. 1999. "The Flow and Analysis Problems of Crime Information". **Servamus**. January to February 1999. p 50.

Shaw M. 1999. "A grim harvest: Countering attacks on farms and smallholdings". **Crime and Conflict** 15 August 1999, pp 5 - 8.

Hough M. 2003. "National security and threat perception: When is an issue a national security threat". **Strategic Review For Southern Africa**. Vol XXV, No 2. 2003, pp 1 - 21.

## 2.3 Monografieë en Perodieke Publikasies

Breytenbach W. 2004. "SADC Needs a Common Land Reform Policy". **SADC Barometer**, South African Institute of International Affairs (SAIIA) Issue 5, April 2004, pp 5 - 7.

Hawkins T. 2003. "The Zimbabwe Crisis: Endgame Scenarios and Regional Implications". **ISSUP Bulletin 5/2003**. Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, pp 1 - 19.

Louw.A. 1998. "The Problem with Police Statistics". **Nedcor/ISS Crime Index**. Volume 2, Number 3, May - June, pp 11 - 12.

Marighella C. 1971. "Minimanual of the Urba Guerilla". Appendix to **Adelphi Papers**, no 79, 1971, International Institute for Strategic Studies.

Shaw M. 1996a. "Crime, Political Transition and Changing Forms of Policing Control". **ISS Monograph Series**, April 1996, No 3, pp 9 - 19.

Shaw M. 1996b. "Development of Organised Crime in South Africa". **ISS Monograph Series**, April 1996, No 3, pp 68 - 74.

Shaw M. 1997. "Crime in Transition". **ISS Monograph Series**, April 1997, No 12, pp 7 - 27.

Schönteich M. 2000. **Attacks on Farms and Smallholdings. An evaluation of the Rural Protection Plan**. Pretoria: Institute for Security Studies.

Visser J.M.J. 1998. Violent Attacks on Farmers in South Africa. **ISSUP Bulletin** no 3/98. Pretoria: Institute for Strategic Studies, University of Pretoria.

## 2.4 Koerante

Afrikaner, Pretoria, 21 Junie 2001.

Beeld, Pretoria, 16 Mei 2003.

Beeld, Pretoria, 25 Mei 2004.

Beeld, Pretoria, 14 Oktober 2004.

Beeld, Pretoria, 10 Januarie 2005.

Citizen, Johannesburg, 18 Junie 2004.

Daily Dispatch, Oos-London, 8 November 2004.

Daily Sun, Johannesburg, 23 Maart 2004.

Express, Bloemfontein, 9 Junie 2004.

Impak, Pretoria, 16 Februarie 2001.

Rapport, Johannesburg, 25 November 2001.

The Witness, Durban, 28 April 2003.

The Witness, Durban, 30 May 2003.

Tribune Herald News, Durban, 15 September, 2002.

### 3. Internetbronne

Govender P. 2004. "Land Reform in Southern Africa". **eAfrica, The electronic journal of governance and innovation**, South African Institute of International Affairs (SAIIA) Volume 2, June 2004, pp 14 - 15. [[www.wits.ac.za/saiia](http://www.wits.ac.za/saiia)]

Independent Online, 15 March 2004. [[www.iol.co.za](http://www.iol.co.za)]

News24, 26 April 2004. [[www.news24.co.za](http://www.news24.co.za)]

Thornycroft P. 2004. "The Never-Ending War of Robert Gabriel Mugabe". **eAfrica, The electronic journal of governance and innovation**, South African Institute of International Affairs (SAIIA) Volume 2, May 2004, pp 3 - 7. [[www.wits.ac.za/saiia](http://www.wits.ac.za/saiia)]

### 4. Konferensies en Seminare

Burger FJ. 2003. Voorlegging: Phasing in of SAPS capability to replace the SANDF Commandos. **ISS Symposium on Options for the Replacement of the SANDF Commando System**: 25 September 2003.

Jemibewon D.2001. ?The Nigerian Experience?. **Seminar Report. Crime and Policing in Transitional Societies**. South African Institute of International Affairs (SAIIA), September 2000, pp 29 - 32.

Majome J. 2003. Cry The Beloved Country: The Continuing Crisis of Land Allocation and Occupation in Zimbabwe. **A short paper presented to the Friedrich Ebert Stiftung International Expert Talk on Land Reform**, Berlin, 28 May 2003.

?Mondelane. L.A. 2001. "The Growth, Extent and Causes of Crime : Mozambique? . **Seminar Report. Crime and Policing in Transitional Societies**. South African Institute of International Affairs (SAIIA), September 2000, pp 93 - 98.